

https://dspace.org/

Elizabeth Eybers Se "Nederlandse" Bundels, 1962-1991.

Jansen, Ena

1992
https://hdl.handle.net/10539/25462

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

In "Winter" (VG-371) en "Februarie" (VG-550) word helder, konkreet en in deurleefde besonderhede onderskeidelik dieselfde seisoen en dieselfde maand se uitsonderlikste kenmerke in Nederland en Suid-Afrika met mekaar gekontrasteer. Vergelyk:

Winter

Soms voel hierdie ses stopverfmaande
soos 'n eindeloos eenkleurige vlakte
van suigende kluite waardeur
ek my klewerige stewels moet sleep

Nou dink ek aan Julie in Johannesburg
geslinger oor heuwels deur holtes
die spits van 'n hoëveldse winter
waar mens voortsweef al is dit oor asfalt
weerbarstige kwarts en graniet

Holderstebolder klouter
die binnestadtorings die lug in
hetsy ligblou satyn of korundum
vergiet vir die splinterige sterre
wat oombliklik aanknip en weer af

Oordag brand die son en snags vries dit
twee keer per etmaal oorbrug jy
die grens met 'n verende sprong
en elke keer tintel jy anders

Februarie
vir Rita in Stellenbosch

Grou straatplaveisel sprei die donker slym
van nagreën deur die flou dag toegelig.
druppels wat nog aan takdendriete wieg
ontmoet mekaar, verswaar, laat los, verdwyn.

Weer Februarie, ons geboortemaand,
hoogty van herfs. Wat ek magteloos onthou
is druiwekorrels, nefriet of kobaltblou,
hoe hulle swel van sonop tot soel aand.

Nadrukliker kan die onderskeid tussen twee klimaatsomgewings nie getref word nie. In albei hierdie gedigte (wat 14 jaar uit mekaar verskyn) is dit duidelik dat die Nederlandse winter as neerdrukkend ervaar word.[15] Beskrywings soos "hierdie ses stopverfmaande", "eindeloos eenkleurige vlakte", "grou straatplaveisel" en "die donker slym van nagreën" skep nie die gesellige prentjie van die Europese winter waarna die spreker nog gesnak het in "Brief in Januarie" en "Voorjaar" nie. Alle woorde wat ligtheid, gedefinieerdheid en veral kleurvolheid uitdruk, kom slegs voor in die strofes oor die Suid-Afrikaanse ruimtes. Vergelyk die "ligblou satyn of korundum", "nefriet of kobaltblou". Hierdie twee gedigte

Referensiële probleme

Is trouens die enigstes in Eybers se "Nederlandse" bundels waarin Suid-Afrikaanse pleknaam so nadruklik voorkom.

Kees Fens (1991) gebruik "Februarie" as vertrekpunt vir 'n bespreking van *Versamelde gedigte*.

> Dat is een dubbele wereld en een dubbele tijd, eigen en vreemd of vreemd en eigen. Dat hangt van de lezer af. Degene aan wie het gedicht is opgedragen, zal de wereld van de eerste strofe vreemd, die van de tweede eigen vinden. Bij de Nederlandse lezer zal het omgekeerde het geval zijn; hij herkent de halfdonkere naïheid van die karakterloze maand februari, de augustus van Zuid-Afrika, waarin alles rijpt naar avond en herfst toe.
>
> De kernwoorden van het gedicht zijn uiteraard: 'geboortemaand, hoogty van herfs'. Dat dat ook in algemene zin waar is, behoeft geen vermelding. Maar het proces van het menselijk leven wordt ook zichtbaar gemaakt in de eerste strofe, waarin misschien het woordje 'wieg' in dubbele betekenis verstaan kan worden. 'Verdwyn' en 'aand', de betekenisgelijkheid van de woorden geeft de betekenisgelijkheid van de strofen aan. Maar zij hebben voor de lezer aan deze of gene zijde van de evenaar een belevenisverschil. In het wit tussen de twee verblijft de dichter.

Die belang in Eybers se oeuvre van hierdie tipe gedigte word hiermee uitstekend verwoord.

12.3.2 NEDERLANDSE KLIMAATSBESKRYWINGS: PROBLEME VIR SUID-AFRIKAANSE LESERS

Soos reeds gesê, toon Eybers-gedigte oor die algemeen 'n besondere sensitiwiteit vir omgewing, en spesifiek vir die Nederlandse weer. "Vriesweer" (VG-274), "Nagwandeling" (VG-292), "Geslote park" (VG-323), "Mislukte afspraak" (VG-324), "Orkaan" (VG-358), "Vroegmaart" (VG-429), "Somers" (VG-446), "Eerste sneeu" (VG-526), "Voor my raam" (VG-527), "April" (VG-528), "Goeie Vrydag" (VG-529), "Gure Paasdag" (VG-530), "November" (VG-547) en "Dooi" (VG-551) is van die belangrikste gedigte waarmee Suid-Afrikaanse lesers weens referensiële probleme selfs maklik interpretasiefoute mag begaan. In "Eybers die vreemde eend" (Jansen in Ester & Lindenberg 1990) is "Vriesweer" (VG-274) en "Dooi" (VG-551) uitvoerig bespreek om aan te toon dat die onvermoë om bepaalde Nederlandse klimatologiese omstandighede voor te stel, ernstige begripsprobleme vir Suid-Afrikaanse lesers kan skep.

Aangesien Eybers se gedigte vanaf 1961 steeds meer in Nederland gesitueer word, het haar Nederlandse lesers dus langsamerhand 'n voordeel wat betref die onmiddellike herkenning van die beskrewe omgewing. Uiteraard lees Eybers se gedigte nie soos KNMI-

weervoorspellings nie en ook Nederlandse lesers moet meestal interpreteer wat beskryf word, maar die moontlikheid tot herkenning is veel groter as vir die meeste Suid-Afrikaanse lesers.

Referensiële probleme in verband met die Nederlandse klimaat is te talryk om in detail te bespreek en ek wil volstaan met 'n verwysing daarna. Hieronder volg 'n lys van gedigte met telkens aanhalings van gedeeltes waarmee Suid-Afrikaanse lesers definitief minder vertroud is as Nederlandse lesers.

"November" (VG-272): "Die winter kom my te na,/ die mis het te veel verteer."
"Desember" (VG-291): "Die wind wat uit Siberië keer/ raap 'n boeket kerkklokke saam,/ tas langs die nok, insinueer/ hom deur die skrefies om my raam"; "Die smal dag trek teen vieruur terug."
"Besoek" (VG-304): "Terug na die trein oor die bevrore kiel/ wat bitsig deur my sole vreet"; "dat alles in die war loop deur die sneeu"; "die naglug klap/ my kaal gesig soos 'n asynnat lap".
"Mislukte afspraak" (VG-324): "'n meeu deurweef die raam na willekeur./ My liefling kan nie kom vanweë die weer// want alle strate is met ys bestreel./ Die ongebonde meeu wat mooiweer speel// met ons bedoelinge dans op en neer: 'n bitter lugruim gun hom vry verkeer."
"Geslote park" (VG-323): "...oewerriete/ in ysblakers geplant. Die lug skulpglad,/ subtiel agter geëtste boomdendriete."
"Orkaan" (VG-358): die hele gedig."
"Wintermonoloog" (VG-383): "Die son is opgelos. In hierdie mis/ bevolk net jy jou selfverwarmde nis.// Die suurstoflose lug, die straatmatrys/ vloei naatloos saam tot algemene grys."
"Swymelrym" (VG-394): "Eers voorjaar in Februarie/ nou weer winter in Maart/ die tyd slaan bolmakiesie."
"Besoek aan 's-Graveland" (VG-411): "Rondom die donker borswering van bome/ blaker Augustus ongebruiklik fel."
"Vroegmaart" (VG-429): "Iets tuimel glinsterend uit die grou/ op my verkluimde krokussies,/ donsveertjies dink ek, tot dit gou/ (...)/ tot slypsels poeiersneeu verdik."
"Somers" (VG-446): "swel en knel alles, smal huise/ beur teen mekaar nog benouder,/ nate in houtwerk gaap swarter./ Vóór vieruur lumier jubel merels."
"Stemming" (VG-469): "Weer herfs (...) daar buite/ afwerende beelde, die ruite/ beslaan met 'n wolkestolsel,/ sintvitusgebare van bome/ wat oggend vir oggend verslonsder/ ontsnap uit die woekerende nag."

Referensiële probleme

"31 Desember 1980" (VG-474): "Die laaste dag/ het 'n besete wind te keer gegaan./ (...) Die kadewal oorkant/ krioel van meeue, en hul dwarrelvlug/ versplinter ook die pleistergroue lug/ (...)/ Grou maak amok. Donker gryp toe."
"Eerste sneeu (VG-526): "Vyandelike bitter oostewind (...) kyk hoe saggies dra/ jy elke aparte ragfyn donsvlok na// die knekelharde grond om saam te smelt/ tot één groot wit weerlegging van geweld."
"Voor my raam" (VG-527): "Satynwit, borriegeel en poustertblou:/ die krokusse is uit, daar staan hulle nou/ (...) geskaar rondom die rommel van 'n jaar."
"April" (VG-528): "Die merels het dit eerder reeds gesê,/ (...) Luister, wat wil jy uitgesprokener hê/ dan hierdie haarfyn pizzicato-taal/ wat dagbreek en aandskemering versier/ met trillers wat die jaar April in stuur."
"Goeie Vrydag" (VG-529): "Buite die eikelagtige uitsteeksels aan die takke .
"Gure Paasdag" (VG-530): "Die koloratuurgerinkel van die merels/ soek 'n opening in die stormgeloei en glip/ glinsterend te voorskyn vyfuur in die môre".
"November" (VG-547): "Die bome is hul verheerliking weer kwyt,/ alles loop oor na die verlede tyd./ Die drosterson wurg aan sy eie strop,/ vroeg smiddags moet jy na 'n ligknop tas / (...) Die aanswelnag/ word gaandeweg voortvarender".
"Winters" (VG-548): "buite ontluistering, duisternis".
"1 Desember" (TS-10/34): Die hele gedig behalwe die slotreël.
"Finale" (TS-11/35): "Bewolking/ is buite vervliegbaar, hier binne/ stol dit tot status quo."
"Herstel" (TS-14/38): "toe die asbleek plafon om half-sewe afskif uit die nag".

Met inlewing en fantasie, klimatologiese en woordeboekkennis, is dit vir 'n Suid-Afrikaanse leser wat nie die Nederlandse seisoene ken nie, sekerlik moontlik om begripsprobleme te oorbrug. Hierdie moeite is verhoudingsgewys egter veel meer as wat vir 'n Nederlander nodig is.[18]

12.3.3 SUID-AFRIKAANSE KLIMAATSBESKRYWINGS: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS

Slegs driekwart van één van die nege "Nederlandse" bundels het tot stand gekom voor Eybers se vertrek uit Suid-Afrika in 1961, en die onmiddellike ruimtelike situering van relatief min gedigte is Suid-Afrikaans. Van die "Suid-Afrikaanse" gedigte in *Balans* is daar ook baie min waarin die digter in besonderhede blyk gee van hierdie omgewing.

Soos reeds gesê is "Witwatersrand" (VG-244) en "Brief in Januarie" (VG-245) van die enigste twee gedigte met gespesifiseerde geografiese beskrywings. Interessant genoeg is

dit nie van die wydse Suid-Afrikaanse landskap nie, maar van 'n wolkekrabber-stadsprofiel: iets wat in 1962 nuut en modern, en selfs vreemder vir 'n stedelike Nederlander as vir 'n stedelike Suid-Afrikaner was. In albei gedigte is die beskrywing van geboue sterk bepaal deur die gegewe dat Johannesburg van oorsprong 'n mynstad is. Telkens word die harde klimaat in kombinasie hiermee beklemtoon. Dis opvallend dat juis die wekelange opeenvolging van sonskyndae tydens 'n Hoëveldse winter die spreker in Suid-Afrika onderkry. Vergelyk "Witwatersrand":

> O dat die nuwe nag getemper word,
> die oop dag opgeskort,
> wind waai, reën stort!
>
> 'n Winter lank sal ek die blote lug
> knaag soos 'n bitter vrug -
> daarna die haassprong terug!

Vergelyk ook in "Brief in Januarie":

> Weer swoeg ek teen die steil bult en staar
> ligduiselig deur die wye leegte waar,
> uit erts gepers, my minerale stad
> regstandig uit die kim skiet, krat op krat:
> reklamepanorama van karton
> meedoënloos ontliggaam deur die son.
> (...)

In "Ontslag" (VG-263) word gepraat van die "vlymdun Junielig" - weer eens tipies van die Hoëveld. Indien die gedig ná Eybers se aankoms in Nederland geskryf is, sou sy die lug dalk vergelyk het met die skerpte van 'n vriesoggend. "1 Desember" (TS-10/14) beklemtoon juis hierdie tipe ooreenkoms vanuit die Nederlandse omgewing.

Twee van die laaste gedigte wat Elisabeth Eybers nog in Suid-Afrika geskryf het (meegedeel in 'n gesprek, 18.5.91), is "Vooraand" (VG-264) en "Augustus" (VG-265). In eersgenoemde ervaar die spreker 'n sterk verbondenheid met die gestroptheid van die winter en hier is sekerlik sprake van 'n intieme wisselwerking van gevoel en natuurwaarneming:

> Wat lank na einde lyk, blyk 'n begin.
> Nou, met die leë afloop van die dag,
> het grouheid van my ... ggegly.
> (...)
> Binne 'n bleek verskiet van lood en lei
> moet oë troosteloos meetkundig wei.
> Die winter het my stil vooruitgeloop,
> stingels vertrap en takke kaalgestroop;
> wat harsdig toegegrendel is, sal skrik
> soos uit skoonweefsel as die son dit tik.
> (...)

Referensiële probleme

> Uitwissing is denkbeeldig, dink ek. As
> een wat die skemer haarfyn ken hier was
> sou hy koelbloedig en met sagte vlyt
> beslag lê op elke besonderheid,
> oplossing teen die lig bekyk en dood
> telkens 'n voelsprietlengte verder stoot.

Dit is duidelik dat in "Augustus" nie 'n Europese somermaand beskryf word nie, maar definitief die Suid-Afrikaanse maand soos wat dit op die Hoëveld beleef word. Die Nederlandse leser moet 'n tydsprong maak om hierdie waarde aan Augustus (waartydens die gras inderdaad so dor soos klapperhaar kan word) en aan die "dieper" laag van die gedig te kan toeken. Soos wat die natuur ná die winter gereed maak vir nuwe lewe, doen die spreker dit ook.

> Augustus is al weer nie tuis te bring
> by enige erkenbare seisoen:
> vyf wolkelose maande, en bowerig
> verskyn 'n natrektekening in groen
> van takpatrone teen die winterlig.
>
> Asof die boom hul jare lank al dra
> brand lukwarte deur 'n dun patina.
>
> Die wind roer ingedagte 'n vinger deur
> verdorde blaarskulm om die komposgat:
> bruin loog wat in 'n seeppot stadigaan
> die kant uitklim, in vlokke losgeskeur
> oor klapperhaargras bolmakiesie slaan.
>
> Die krom trapsoetjies op sy tak ontsluit
> 'n dromerige handjie en strek dit uit.
>
> Twee vinke kiets in 'n verkoolde mik.
> Uit sy swart muurspleet krul die akkeldis,
> sy seemleerkeel tik vinniger as tyd,
> blitssnel wring hy hom weg: voor ek kan buk
> bibber die klip van sy krampagtigheid.
>
> Presieser tik die flikkerlose gloed
> in ondergrondse kronkels van die bloed.

'n Algemene indruk van baie kritici is dat Eybers se poësie gekarakteriseer kan word deur die tema verlange na haar vaderland. 'n Mens sou daarom verwag dat natuurgedigte vol heimwee na Suid-Afrikaanse landskappe 'n kwantitatief groot plek in die "Nederlandse" bundels sou inneem. Dit is egter glad nie die geval nie. Nederlanders het, soos wat in byvoorbeeld 11.4.1.3 gesien word, met baie enkelwoorde sekerlik probleme, maar daar is beslis nie meer as bogenoemde handvol gedigte waarin hulle probleme sal hê om Suid-Afrikaanse klimaatsomstandighede voor te stel nie.

12.4 SOSIALE VERSKILLE

In hierdie onderafdeling word ingegaan op tipiese Nederlandse en Suid-Afrikaanse sosiale verskynsels wat in Eybers-gedigte na vore kom. Soos wat in "Heimwee" (VG-275) blyk (vergelyk 12.4.2), is 'n tipiese huis byvoorbeeld iets heeltemal anders in Nederland as in Suid-Afrika. Verskille word só beskryf dat albei stelle lesers huile die ander soort huis kan voorstel. Meestal benoem Eybers egter 'n objek of verskynsel sonder enige dergelike verduidelikings. Die gevolg hiervan is dat Afrikaanse lesers daarom nie dieselfde voorstelling sal hê van byvoorbeeld selfs 'n dominee, 'n trap of 'n kaggel as Nederlandse lesers nie. In die hieropvolgende onderafdelings word verwysings na dergelike sake ondersoek.

12.4.1 SUID-AFRIKAANSE GEGEWENS: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS

Aangesien Eybers se gedigte sedert die laaste kwart van *Baians* hulle ontstaan in Amsterdam gehad het, is dit te verwagte dat die wêreld waarna meestal verwys word, vir Nederlandse lesers bekend is. Soos wat in 12.4.2 gesien sal word, is dit ook die geval, maar daar is tog 'n aantal gedigte wat referensiële probleme vir Nederlandse lesers mag bied aangesien Eybers se beeldgebruik en haar gedroomde verlangewêreld dikwels tog Suid-Afrikaans is.[16]

In "Pantograaf" (VG-228) verwys die spreker na haar (Suid-Afrikaanse) kinderjare waartydens sy allerlei vreemde figure kon optower:

> Die tokkelossie het verskyn
> in vae spatsels teen die muur,
> krom drake in die meubelgrein,
> kwaai Zoeloe-impi's in die vuur ...

Hierdie gedig is 'n goeie voorbeeld daarvan dat die wêreld van 'n gedig nie realisties-kenbaar hoef te wees nie, maar dit toon ook aan dat sommige verwysings makliker agterhaalbaar of voorstelbaar vir bepaalde groepe lesers is as ander. "Draak" (die woord is afkomstig van die Grieks "drakon") word in Koenen en Endepols beskryf as: "monster, gewoonlik voorgesteld in de vorm v.e. slang met horens, vleugels en vurige ogen". Daar word nie eksplisiet gesê dat drake fantasiediere is nie en omdat kinders in die Westerse kultuurwêreld grootword met verhale oor drake, kan dit as 'n voorstelbare "werklikheid" beskou word. Suid-Afrikaanse kinders word verder ook groot met verhale oor die "tokkelossie". Dit word in HAT beskryf as "paaiboelie (onder naturelle); watergees", en die woordeboek gee verder 'n verklaring dat "impi's" Zoeloe-regimente is. Hierdie woorde

kom nie in Koenen en Endepols voor nie. Lesers met 'n Suid-Afrikaanse agtergrond het dus 'n baie onmiddellliker voorstellingsvermoë van wat die digter hier bedoel, alhoewel die atmosfeer wat in die gedig geskets word ook vir Nederlandse lesers die voorstelling vergemaklik.

In "Mitologie" (VG-235) is daar net soos in die geval van "Pantograaf" 'n enumerasie van verwante sake wat begripsprobleme vir Nederlandse lesers wat onbekend is met die woorde "doepa" en "dolos" (sien Boshoff & Nienaber 1967:201 en 203) sal help oplos:

> Nòg doepa nòg geluksteentjie
> nòg dolos gooi kon my genees
> van hierdie troosteloosheid van vlees.
>
> Toe wend ek my tot gode (...)

Die Maleise en Xhosa-woorde "doepa" en "dolos" wat "toorgoed" en "waarsêergoed" beteken is sekerlik vir Nederlandse lesers vreemder as vir Afrikaanse lesers, maar tog behoort dit nie te veel begripsprobleme op te lewer nie omdat dit in verband met "geluksteentjie" genoem is wat deur Nederlanders seker as 'n "dobbelsteen" herken sal word.

"Witwatersrand" en 'Brief in Januarie' is reeds in 12.3 behandel. Die "steil bult" en 'klipperigheid" (VG-245) is heeltemal vreemd vir Nederlandse lesers. Albei woorde het wel 'n Nederlandse oorsprong. "Bult" (heuvel) het in die loop van die 17de en 18de eeu uit Europese (Standaard-) Nederlands verdwyn, maar aan die Kaap bly voortleef (Raidt 1990:177).[17] In die betekenis "rots op land" en "steen" het "klip" in Nederlands verdwyn (sien Boshoff & Nienaber 1967:354), sodat behalwe referensiële probleme (daar is bykans geen klippe in Nederland nie) bowendien leksikale probleme met hierdie woord ondervind sal word. Dieselfde probleme sal lesers in "Augustus" (VG-265) hê in verband met die "akkeldis" (= "hagedis") wat vinnig padgee: "voor ek kan buk/ bibber die klip van sy krampagtigheid". "Lukwarte" (sien Boshoff & Nienaber 1967:396) is nie net 'n vreemde woord nie, maar verder ook 'n vreemde vrug vir Nederlanders.[18]

'n Aantal referensiële probleme mag verder ook opduik wanneer Eybers die Suid-Afrikaanse stelsel van swart arbeid betrek. In haar portret van 'n "Briewebesteller" (VG-254) skryf sy:

> Sien hy haar tussen struike roer dan raak
> 'n bruin voorvinger aan sy pet se rand

Suid-Afrikaanse lesers sal miskien van die begin van die gedig af vermoed dat die briewebesteller nie 'n blanke man is nie - iets wat met die kleurspesifikasie bevestig word - alhoewel algemene kennis van Suid-Afrikaanse sake hulle sal laat besef dat dit 'n toevallige gegewe is aangesien daar ook baie blanke briewebestellers is. Hierdie "kennis" het Nederlanders nie. In "Grillig" (VG-560) gebruik die spreker twee beskrywende woorde in verband met haar kinderoppasser: "geliefde swart". Hierdie twee woorde het byna geen informasiewaarde vir Suid-Afrikaners nie omdat dit vir baie 'n vanselfsprekende gegewe is. Vir Nederlanders is die beskrywende kombinasie miskien wel informatief.

Met die uitsondering van Warren 1973 se bitsige opmerkings n.a.v. "Einde van die seisoen" (VG-346), word nooit enigsins gewag gemaak van die moontlikheid dat Eybers miskien nie "kosjer" sal wees nie weens haar Suid-Afrikaanse agtergrond. Inteendeel. Sy word spesifiek geweeg en in orde bevind. Meijer behandel haar gedig "Krabbel" (VG-185), maar nie alvorens sy sê dat sy Eybers se "literair werk (...) overigens politiek vertrouwt" (Meijer 1988:244) en 'n voetnota daaraan wy nie:

> Na aanvankelijke weerstand tegen het Zuidafrikaans, een taal waarin zoveel racisme wordt geuit (..., heb ik Eybers geaccepteerd als een dichteres die ik vertrouw. Aanvankelijk lezend als 'resisting reader' heb ik in haar werk geen racistische of anderszins reactionaire elementen gevonden.

Meijer (1988:283) beskou die gedigte "Ontheemde" (VG-506) en "Naturalisasie" (VG-518) as eksplisiete uitsprake teen apartheid. Na "Regspraak" en Notens volens" (VG-438, 439) verwys sy nie, ook nie na "Maan" (VG-534) waarin Eybers skryf dat toe sy 'n kind was, "had niemand nog die dogma uitgevind/ waarvoor die vaal van vel vandag moet bloos".[19]

"Nostalgiese vers" (VG-442) is 'n sintuiglike oproep van Eybers se kleintyd en so spesifiek Suid-Afrikaans dat Nederlandse lesers onmoontlik dieselfde beelde kan vorm:

> Om weer aan glinstering te glo
> - kristal uitstippeling van die hemel -
> moet ek herinnering inroep,
> die nag met stof- en bloekomwasem,
> my seilbed op die leiklipstoep
> klein teen die sandsteenpastorie,
> die uitgedoofde dorp, daarbo
> oneindige diamantgewemel.
> Die aandklok tingel en die lied
> uit die vereilande lokasie
> bly vlaag op donker vlaag aanspoel:
> veelstemmige, bedwelmende verdriet.
>
> Orion die kopstaan-harlekyn
> het sy smal middel ingebind
> en rats 'n halwe rad geslaan

Referensiële probleme

> om op sy voete te beland,
> sy swaard juweelstyf aan sy sy,
> maar watter rol het vir hom oorgebly?
> Die sterre is geblus tot skyn van skyn.
>
> Al sien ek op 'n winteraand
> die wakker Hondster lig uitpols
> is die onwrikbare Suiderkruis
> vir goed verby die horison verdrink.

Veral die eerste strofe refereer so sterk aan die Suid-Afrikaanse platteland dat 'n leser wat enigsins self daarmee bekend is, 'n maatskaplike (vergelyk die aandklok en die situering van die lokasie), visuele (die sterrehemel wat des te meer skitter gesien die "uitgedoofde" dorp waar waarskynlik geen elektrisiteit is nie) en olfaktoriese (die reuk van stof en bloekombome) voorstelling sal kan vorm. Hier moet natuurlik beklemtoon word dat uiteraard ook nie alle Suid-Afrikaanse lesers (bv. stedelinge wat die platteland nie ken nie) noodwendig beter toegerus is om die gedig te begryp as 'n Nederlander nie. 'n Nederlandse leser word verder "benadeel" deur 'n aantal spesifiek-Afrikaanse woorde: "sandsteenpastorie", "bloekom", "leiklipstoep" (vir "veranda" van lei) en "lokasie".[20] 'n Groot voordeel wat 'n Nederlandse leser egter het, is dat die beskrywing sensories so sterk is, dat die vervreemdende effek daarvan besonder indrukwekkend moet wees. 'n Faktor wat Nederlandse lesers se betrokkenheid by die gedig sal verhoog, is die feit dat die spreker haar ook in die Nederlandse omgewing bevind van waaruit "herinnering in(ge)roep" word. Orion se posisie aan die Europese lugruim ken Nederlandse lesers ook. Slegs die mees "geïnformeerde" Eybers-lesers (Fish 1972) sal alle verwysings na Eybers se dubbele wêreld kan volg.[21] In die slotstrofe is daar 'n onverbiddelike besef dat die "onwrikbare Suiderkruis" vir die spreker "vir goed verby die horison verdrink" het. Die gedig het 'n finaliteit oor die verlies van Suid-Afrika wat vergelykbaar is met die finale aanvaarding van Amsterdam in "Doof" (VG-551).

Van Niekerk (1987:84-86) analiseer "Nostalgiese vers" as voorbeeld van die rol wat herinnering en heimwee speel in die lewe van die immigrant, veral met betrekking tot die kindertyd. Sy wys daarop dat die moontlik "sentimentele" woorde "glinstering", "kristal", "oneindige diamantgewemel", "vlaag op donker vlaag" en "bedwelmende" almal in strofe 1 voorkom wat oor die kinderjare handel. "Hierdie woordgebruik herinner aan dié in die eerste fase van Eybers se digterskap. Enige mate van sentimentaliteit word in hierdie gedig egter teëgewerk deur die wetenskaplik-presiese woordgebruik in strofe 2 en 3. Eybers se akkurate aanwending van alledaagse gebruikswoorde uit die astronomie, bring in hierdie strofes die kontras tussen Nederland en Suid-Afrika op subtiele wyse aan die lig."

In "Siek" (VG-486) droom die spreker:

> ek staan onsigbaar op die kaal perron
> van 'n stasie uit my kindertyd en wag
> op 'n trein wat oor die bossiesveld sal hort
> na daardie hotel met ouderwetse lugters
> digby die onafsienbare Groot Gat
> van Kimberley (...)

Slegs lesers wat Suid-Afrikaanse stasies en bossiesveld ('n Eybers-woord) ken en wat weet hóé groot die Gat van Kimberley is (dit is letterlik "onafsienbaar"), sal die referensiële implikasies van die gedig kan besef. In hierdie gedig word dit duidelik dat die teenstelling "Suid-Afrika/Nederland" [illegible] metafories gebruik word, dat die "daar/hier"-spanning in Eybers se werk in die algemeenste terme denkbaar vermenslik word, naamlik deur die "lewe/dood"-spanning.

In *Teëspraak* word baie min Suid-Afrikaanse gegewens aangetref waarmee Nederlandse lesers probleme sal hê. Die reeds-genoemde gedigte, "1 December" (TS-10/34) en "Sug" (TS-20/44), verwys na Eybers se verlede in Suid-Afrika maar lewer nie nuwe probleme op nie. Die woord "gramadoelas" in "Ek ken die nag" (TS-18/42) is wel problematies omdat Nederlanders nie weet dat dit in Afrikaans 'n afgeleë onherbergsame en primitiewe gebied of 'n netwerk van spoelslote beteken nie.[22] In Eybers se beskrywing van 'n slaaplose nag is veral die laaste drie reëls 'n boeiende saamgaan van hierdie Afrikaanse elewoord met Nederlandse idiomatiese uitdrukkings wat glad nie in HAT voorkom nie (hier gekursiveer):

> Sy gramadoelas *afgepas*
> het ek die nag *omstandig* meegemaak,
> ken ek sy binnekant.

Sowel Nederlandse as Suid-Afrikaanse lesers het dus taalprobleme en Nederlanders bovendien 'n referensiële probleem. Sien ook 13.6.

12.4.2 NEDERLANDSE GEGEWENS: PROBLEME VIR SUID-AFRIKAANSE LESERS

Alhoewel Suid-Afrikaanse resensente byna geen aandag gee aan die referensiële probleme wat hulle en ander Suid-Afrikaanse lesers mag hê by die lees van Eybers se "Nederlandse" bundels nie, is die verswyging van 'n probleem geen bewys dat dit nie bestaan nie. Myns insiens kan probleme voorsien word op 'n aantal terreine: wanneer terloopse verwysings gemaak word na die algemene leefstyl en gewoontes van Nederlanders en wanneer

woorde gebruik word om te verwys na aspekte van die werklikheid in Nederland wat Suid-Afrikaners nie ken nie.

Dat haar woonomstandighede vir Eybers belangrik is, is duidelik in haar gedigte, selfs in die titel van die eerste bundel wat in sy geheel in Nederland tot stand gekom het, *Onderdak*. In 'n hele aantal gedigte skryf sy oor die tipe behuising waarin sy haar in Nederland bevind. "Heimwee" (VG-275) is die eerste gedig wat daaroor handel:

> Agter 'n grou en anonieme wal
> hys die abrupte trap jou uit die straat
> op na die sogenaamde huis, en laat
> jou later stiptelik in die straat terugval.

Oor Nederlandse huise en woonomstandighede word later in talle gedigte geskryf.[23] Die digter is weens die digtheid op mekaar van Amsterdamse huise gedwing om kennis te neem van haar bure en sy is byvoorbeeld gefassineer deur die "druk slagvaardige mevrou" met haar "Roeping" (VG-369). Tipiese Nederlandse uitdrukkings (*'n paar deure verder, 'n stuk straat*) kom in hierdie portret van die buurvrou voor:

> Die vrou byvoorbeeld 'n paar deure verder
> hang al haar bont tapyte om die beurt
> soggens om tienuur oor die smal balkom,
> sy looi hulle met 'n soort rietraket
> en ongenooid trakteer sy 'n stuk straat
> op triomfantelike trommelmaat (...)

Die "rietraket" is 'n "mattenklopper", 'n objek wat vreemd is vir Suid-Afrikaners maar wat in 'n Nederlandse huishouding net so vanselfsprekend as 'n besem is. Eybers hou in 'n ander gedig spesifiek rekening met referensiële probleme wat haar Suid-Afrikaanse lesers mag hê wanneer sy in "Kluisenaar" (VG-372) die woord "kraakpand" in 'n voetnoot verklaar: "Leegstaande woning in Amsterdam wat deur dakloses oopgeforseer en betrek word." Die gedig het in 1975 verskyn toe "kraakpand" ook in Nederlands nog 'n splinternuwe begrip en woord was (dit is nie in Koenen & Endepols, 1974 nie).

Die beknoptheid van Nederlandse huise word veral in "Somers" (VG-446) en "Terugkeer van Klaas-Hannes" (VG-447) beskryf:

> Somers
>
> swel en knel alles, smal huise
> beur teen mekaar nog benouder (...)
> as aandverkeer eb gil die kinders (...)
>
> Blaastyd - respytloos vir die bure - bring
> die swerm steeds in 'n knetterende kring (...)
> Op hierdie snikwarm someraand sit hy

aan die kombuistafel. Die deur kip op 'n kier.
Sy ma staan voor die stoof, vyf tree van my kombuis.

Wanneer die spreker "onherroeplik bevry" word uit "burerumoer" in "Verhuising" (VG-449), integreer sy in haar gedig inligting oor hoe 'n Nederlandse verhuising geskied:

Ná die loswring van rame en deurposte (...)

Dit is algemene praktyk dat so verhuis word in Nederland, maar Suid-Afrikaanse lesers sal waarskynlik nie besef dat die in- en uitdra van meubels meestal deur uitgehaalde vensterrame plaasvind nie. Later beskryf die digter haar woning as "'n tweekamerspeelruim" (VG-469).

Die trap is so 'n onlosmaaklike eienskap van Nederlandse wonings dat Eybers 'n aantal kere daaroor skryf. Dit is dikwels in positiewe sin omdat die ontmoeting met en afskeid van 'n geliefde noodwendig - weens die weer en die feit dat daar nie 'n voortuin is nie, en sekerlik ook om privaatheidsredes - meestal in die trappehuis geskied. Vergelyk:

Mure vermurwe, trappe val
sodra die nadering genaak

("Kortsluiting", VG-314)

Hy aarsel op die trapportaal (...)
die trap loop voor my oë leeg,
ek klem my aan 'n deurknop vas
en word nie agternagesuig.

("Voor-val", VG-388)

Op die gedig "Asiel" (VG-417) is al in 12.3.4 gewys:

Al weer 'n bars wat ritselend gly
uit die kosyn. My huis sak skeef
geabba op 'n pappery.

Die gedig verwys na die feit dat Amsterdamse huise soms insak omdat die bodem van Amsterdam uit veen, sand en klei bestaan en huise wat op die sogenaamde "boerenlaag" (ongeveer sewe meter onder die oppervlakte) of eerste sandlaag (twaalf meter onder die oppervlakte) gebou is, nie stewig genoeg gefundeer is nie (sien Killiam 1978:15).

In "Voorsorg" (VG-431) skryf Eybers oor "messlypers,/ skemerige koli. ante en kansgrypers,// Jehovasbodes en tapytverkopers,/ houtkeweruitroelers en wederdopers" wat "sonder waarskuwing geen oomblik deins/ om jou trap-af te pluk uit jou gepeins". Die enigste verweer wat sy kan bedink is om - ja, sulke dinge bestaan in Nederland op 'n georganiseerde basis - 'n "voorraamleuse" op haar deur te plak:

Referensiële probleme

> soos: ons verkoop of koop nie aan die deur,
> het niks om op te knap is reeds bekeer.

'n Ander referensiële eienskap wat Suid-Afrikaanse lesers onmoontlik na waarde kan skat, is die belang van die verwarmingsbron in 'n huis. Die woord "kachel" word soms vir sowel ysterkaggels as sentrale verwarmingstelsels gebruik. Dat dit geld kos om die kaggel hoër te stook (VG-399) en dat "Kaggel" (VG-404) met alle assosiasies van warmte en geselligheid as titel gebruik word in 'n gedig wat die gelefde beskryf, sal vir 'n Nederlandse leser sekerlik meer as vir 'n Suid-Afrikaner beteken.

Eybers gebruik ook ander aspekte van die Nederlandse verwysingswêreld in haar gedigte. Indien aangeneem word dat "Immigrant" een van die eerste "Nederlandse" gedigte is, is "Afloop" (VG-271) ook 'n baie vroeë "Nederlandse" gedig. (Vergelyk Hennipman in Nienaber-Luitingh 1975:10: "Zij pleegt haar gedichten in hoofdzaak in de volgorde van hun ontstaan te bundelen.") Hierin gebruik sy nie net vir die eerste keer Nederlands nie ("50 vel prima gelinieerd/ [Kantoorboekhandelaars Gebr. Winter]"), maar ook verwys sy na 'n spesifiek Nederlandse boumiddel in 'n vergelyking:

> soos 'n dik heipaal afsplits tot 'n splinter

In HAT kom "heipaal" voor ("Paal wat in nat of sandgrond ingedryf (kan) word om as fondament vir 'n bouwerk te dien"), maar as begrip is dit nêrens anders as in Nederland so ingeburger nie. Presies hoe dik so 'n heipaal is, sal baie Nederlanders al met hulle eie oë gesien het, terwyl Suid-Afrikaners dit nie ken nie.

In sowel Afrikaans as Nederlands word "bolwerk" hoofsaklik figuurlik gebruik, maar die letterlike betekenis - 'n sterk verskanste deel van 'n vestingwal; vergelyk die Lucasbolwerk in Utrecht - is in Suid-Afrika grootliks onbekend. Alhoewel die uitdrukking "Hoe het jy dit gebolwerk" (VG-287) ook vir 'n Nederlander geyk is, is dit moontlik dat dit wel nog 'n letterlike referensiële lading kan hê.

Die "TEE" (Trans-Europa Express-trein) en die "soveel-guldens-soveel-sent toeslag" wat betaal moet word as jy daarop reis, is net soos die "Centraal Station" (VG-304) bekende begrippe vir Nederlanders. Dat 'n "ryksweg" (VG-306) die nasionale pad is, is iets wat Suid-Afrikaners maar net kan vermoed. Wie die "ober" (kelner) is wat "sy dubbeltjes" (Nederlandse tiensentstukke) bymekaarvee, weet 'n Nederlandse leser onmiddellik, maar 'n Suid-Afrikaanse leser met moeite (VG-314). Dat 'n "suppoost" (VG-334) 'n saalwagter in 'n museum is, kan Suid-Afrikaners nie weet nie omdat hulle hier met 'n leksikale probleem gekonfronteer word. Stasies, kelners, saalwagters, paaie en muntstukke ken

hulle, maar die leksikale probleme staan onmiddellike referensiële verbandlegging in die weg.

Ander aspekte van haar direkte omgewing waarvan Eybers skryf is o.a. die maan "skimagtig bo die middenstandsbankdak" (VG-475 - 'n referensie vergelykbaar met byvoorbeeld 'n volkskasbank in Suid-Afrika); en die straatlampe van Amsterdam: "Die straatlamp met paraboliese steel (...) met sy punthoed op teen die gloed van die maan" (VG-543). Oor die algemeen sal Suid-Afrikaanse lesers nie weet dat daar prysgewys 'n duidelike verskil is tussen "'n sjieker sigarettemerk" (VG-399) en gewoner sigarette in Nederland nie, ook nie dat "radio 4" ("Winters", VG-548) die klassieke sender is nie. Die "smerige plavei" (VG-427) en "grou plaveisel" (VG-550) waaroor Eybers by herhaling skryf, word nader omskryf as die "mynveld" waarvan alle Amsterdammers weet:

> met neergeslane wiggelaarsoë vleg
> jy deur die inheemse hondestront jou weg
>
> ("Wintermonoloog", VG-383)

'n Tipiese Nederlandse skelwoord kom selfs in "Terugkeer van Klaas-Hannes" (VG-447) voor:

> Nou word sy deurgaans basiese gesprek
> met minder godverdommes opgesier.

Oor haar spesifieke omstandighede in verband met naturalisasie skryf Eybers in die gelyknamige gedig (VG-518). Daar is beskrywings van die amptelike rompslomp in sowel Suid-Afrika as Nederland. Die "Koninklike knik" is natuurlik dié van Beatrix - iets wat 'n Nederlander dadelik besef. Daar word ook die draak gesteek met amptelike taal wanneer Eybers na haarself verwys as "burger(es)".[24]

Die Nederlandse gebruik om op Oujaarsnag vuurwerk in die lug op te skiet, word beskryf in "31 Desember 1980" (VG-474):

> (...) Gek van feesgeknal
> begryp ek hoe mens aan die drank kan raak.
> Sober van aard sal ons tot middernag
> meedoen, dan deur 'n ander raam gaan tuur
> na rookgeborrel en meteorieteval,
> die magiese bemoeienis met vuur
> terwyl die stad hom oefen om te vergaan.

'n Ander gedig waarin 'n tipies-Nederlandse uitsig vanuit 'n venster beskryf word, is "Geen wiegelied" (VG-480) met bowendien die spesifieke Nederlandse woorde "kel" en "dyk":

> Jou nuwe oë sal bo die vensterbank

Referensiële probleme

> ver oor die seilgevlekte water gly,
> kleur, strepe en stippels absorbeer, eerlank
> jou oor kelhobbels en taai dykgras lei.

"Vooruitlopend op die nag van die poësie" (IS-15/39) verwys na 'n jaarlikse "evenement" wat in die stad Utrecht plaasvind en waarvan alle Nederlandse poësielesers sal weet. Eybers skryf hieroor:

> Aan ongepaste blootstelling verwant
> is die digkuns as dit skaamteloos paradeer,
> waggelend op stelte, luidspreker in hand.
>
> Dit sou verjaag moet word en skigtig sluip
> na 'n donker afgelee skuilplek want
> gespitste neuse sal die spoor tog ruik,
> hitsig om niks onblusbaars te verbeur.

Die gedig sou deur Suid-Afrikaanse lesers wat nie bekend is met die gebeurtenis nie, selfs as 'n nagmerrie gelees kan word! Hulle sal nie weet dat aan die werklikheid gerefereer word en in watter mate Eybers dit fiksionaliseer nie.[25]

Ten slotte wil ek in hierdie onderafdeling verwys na twee gedigte waarby Suid-Afrikaanse kritici spesifieke opmerkings oor die Nederlandse Eybers-verwysingsveld maak: "Identiteit" (VG-350) en "Naamlose sonnet" (VG-364). In eersgenoemde bied die beginreëls dadelik probleme:

> In die omslote vierkant tel ek tien.
> Vroeër het ek iets soortgelyks gesien

Merwe Scholtz vra homself af (sekerlik omdat hy die antwoord ken, want die meeste kritici ignoreer dergelike probleme, of verwerdig hulleself nie om hul lesers daaroor in te lig nie): "Waarom nie b.v. 'omheinde' vierkant nie? Omdat dit 'n Hollandse weiland is, met waterslote pleks van draadheinings, aldus synde 'omslote'" (in Nienaber-Luitingh 1975:106).

E. Lindenberg (in Nienaber-Luitingh 1975:58) wys op die aktivering van handelsterminologie in 'n aantal gedigte in *Kruis of munt* en sy analise van "Naamlose sonnet" lei hom tot 'n besef dat vennote mekaar ook onderling bedrieg. "Daardeur verkry die titel van die gedig nou 'n verdere suggestie: dit suggereer 'n naamlose vennootskap (N.V.) waarvan die vennote in meer as een opsig in naamlose aktiwiteite betrokke is." In Koenen en Endepols word 'n N.V. omskryf as 'n "ondernemingsvorm waarbij eigendom en leiding zijn gescheiden en een maatschappelijk kapitaal, verdeeld in aandelen, de

maatstaf is v.d. rechten, de verplichtingen en het risico der aandeelhouders". HAT bied geen dergelike verduideliking nie, en Lindenberg laat na om te vermeld dat so 'n tipe vennootskap in Suid-Afrika bekendstaan as 'n beslote korporasie. 'n Belangrike betekeniskomponent van die gedig se titel gaan dus vir Suid-Afrikaanse lesers verlore.

Sowel Scholtz as Lindenberg maak gebruik van hulle kennis van Nederlandse omstandighede. Hulle vindingryke analises toon duidelik aan dat belangrike dimensies van Eybers-gedigte verlore kan gaan wanneer Suid-Afrikaanse lesers nie rekenskap gee van die hiate in hulle verwysingsraamwerk en dit doelbewus aanvul nie. 'n Attendering op dergelike probleme behoort myns insiens nie 'n uitsondering in Eybers-besprekings te wees nie, maar 'n vaste onderdeel daarvan.

12.5 REAKSIES OP VERWYSINGS NA EYBERS SE PERSOONLIKE LEWE IN GEDIGTE

Aangesien Suid-Afrikaanse resensente tradisioneel daarvan wegskram om enige aandag aan buite-tekstuele gegewens te gee, word byna nooit melding gemaak (selfs in die geval van liefdesgedigte - met die uitsondering van Kannemeyer 1978; hy laat dit weg in 1984) van besonderhede wat Eybers oor haar persoonlike lewe in gedigte weergee nie.

In 'n hele aantal gedigte skryf Eybers oor die feit dat haar vader 'n dominee was: in "Oorsig" (VG-241), "Die enkel taak" (VG-287), "Opvoeding" (VG-524; sien ook die gelyknamige gedig, VG-288), "Dank" (VG-517) en "Domineesdogter" (VG-583). Uit bundels van voor Eybers se "Nederlandse" periode, byvoorbeeld *Neerslag* met die twee gedigte, "Vader" (VG-177) en "Terugblik" (VG-195), is dit reeds 'n bekende onderwerp in Eybers se poësie.

Verskillende reaksies van Nederlandse en Suid-Afrikaanse resensente op hierdie gegewe het vir 'n belangrike deel sekerlik te make met elkeen se persoonlike godsdienstige oortuigings, maar tog is daar ook "nasionale" verskille.

Suid-Afrikaanse resensente bestee bykans geen aandag hieraan nie. Lina Spies is 'n uitsondering. Sy som (in Ester & Lindenberg 1990:128-141) gegewens uit Eybers se skets oor haar jeug in "Pastoriedogter" (Eybers 1966) op en gebruik dit dan in haar interpretasies van hierdie dominee-gedigte. Vergelyk:

Referensiële probleme

> Eers as 'n mens 'Vader' lees teen sy biografiese agtergrond met inagneming van die feit dat die ek-spreker se vader 'n predikant was, kry die gedig sy volle betekenis.
>
> (in Ester & Lindenberg 1990:131)

Spies gaan voort om alle gedigte met religieuse verwysings in te voeg in 'n bewysvoering dat Eybers tog wel op haar eie manier religieus is.[25] Lina Spies is, soos reeds gesê, die enigste Afrikaanse kritikus wat spesifiek waarde heg aan hierdie biografiese gegewe, en dan is dit hoofsaaklik op 'n teksimmanente manier. Sy probeer beslis ook nie om Eybers te "populariseer" op grond van hierdie feit nie.

Suid-Afrikaanse kritici se relatief objektiewe omgaan met hierdie biografies-agterhaalbare aspek van Eybers se oeuvre, staan in skerp teenstelling tot hoe 'n paar Nederlandse kritici hierdie gegewe "gebruik" in hulle resensies. Kortliks kom dit daarop neer dat hulle dit as 'n kortpad tot identifikasie met Eybers beskou weens hulle herkenning van die Gereformeerde Nederlandse dominee-figuur. Dit het dan tot gevolg dat 'n oordrag op die enkele Eybers-vader plaasvind van allerlei Nederlandse gereformeerde dogmas. 'n Byna karikaturale beeld ontstaan soms as gevolg hiervan van die Eybers dogter/vader-verhouding.

Die negatiefste voorbeeld van digter-pastorie-identifikasie is deur A. Nuis (1969):

> Elisabeth Eybers is opgegroeid als dochter van een dominee in een klein Transvaals dorp. Uit het karakter van de vele verwijzingen in haar werk naar ouders en vroege kinderjaren blijkt dat dit milieu van haar jeugd een geaccepteerd deel van haar ervaringswereld is gebleven (...) Het ligt dus voor de hand, ook voor een begrip van thema en vorm van haar poëzie een aanknopingspunt te zoeken bij de leef- en denktrant van Afrikaner gereformeerden, waarvan ik aanneem dat ze niet al te zeer verschilt van die van hun Nederlandse geloofsgenoten. Er is een zekere gelijkenis - van vorm, niet van kwaliteit - tussen vroeg werk van Elisabeth Eybers en Nederlandse kerkbodepoëzie, maar er is indirecter invloed die me van meer belang lijkt.

Nuis gaan verder om te beweer dat "de conversatie in calvinistische huiskamers" die "eigenaardigheid" het om oor onderwerpe te handel wat elders taboe is (dood, lewenslot ens.). Die "mengsel van familiariteit en reserve" wat hy in dergelike huiskamers meen te bespeur, is volgens hom ook in Eybers se werk te vinde: "Ze vormen een belemmering voor het beste in haar werk." Eybers se kommentaar hierop is (T'Sas 1986):

> Ik was nog niet zo lang in Nederland toen Aad Nuis schreef dat hij mijn werk niet kende, maar dat hij er niet veel van verwachtte aangezien ik in een pastorie was opgegroeid. Zo'n redenering slaat toch nergens op! Het was voor mij een typisch voorbeeld van de Nederlandse neiging om iedereen maar meteen in een hokje te stoppen.

Michaël Zeeman (1990) wyt eienskappe wat hy as negatief in haar werk ervaar, ook baie gemaksugtig aan Eybers se pastorie-verlede: "Er zijn herhalingen te vinden die op het larmoyante af zijn, en dat Elisabeth Eybers het kind van een dominee is zullen we ook weten. Menig gedicht ontrolt zich volgens het stramien van een bijbelverhaal, menige particuliere handeling wordt geprojecteerd op een bijbelse geschiedenis."

Soms is die identifikasie van resensente met die dominee-aspek van Eybers se werk neutraler. Schouten 1982 skryf dat haar pastorie-agtergrond "je wel een beetje op het spoor van haar gedichten (zet). Zij is iemand van het evenwicht, traditioneel in sommige poëtische opzichten, genuanceerd, denk ik, in politiek opzicht." Lenze L. Bouwers (1988) skryf: "Elisabeth Eybers is opgegroeid in een gereformeerd gezin in Zuidafrika. (...) Door problemen met Gods uitverkiezing kwamen de vragen en twijfels. Welke christen heeft die niet. (...) In dit spanningsveld heeft het werk van Elisabeth Eybers een eigen uitstraling." Vergelyk ook L.C.J. Reedijk-Boersma (1990): "Diepe bewondering heb ik voor iemand die zich zo durft te portretteren. Heeft zij deze geestkracht geërfd van haar vader? Het 'Domineesdochter' sprak mij aan, en niet alleen omdat ik dat zelf ook ben."

Bogenoemde voorbeelde uit Nederlandse resensies wys op 'n belangrike verskil tussen die manier waarop die dominee-gegegewe in Eybers-gedigte deur Afrikaanse en Nederlandse resensente gehanteer word. Oor die algemeen is die werkimmanente tradisie so sterk in Afrikaans dat niemand dit nodig vind om enige biografiese kennis te laat meespreek in uitsprake oor haar gedigte nie. Nederlanders sien in haar gereformeerde verlede veel gouer iets waaroor hulle kan meepraat. Dit is daarom dikwels 'n aanknopingspunt om Nederlandse lesers, op grond van hierdie gemeenskaplikheid tussen die Afrikaanse Eybers en baie Nederlanders, entoesiasties te maak vir haar werk. (Of af te skrik!)

Behalwe in die vader-gedigte, word kernstadia in die biografiese lewe van die digter in ander gedigte verwoord.[27] Dié gedigte skep beslis die indruk dat hulle (gedeeltelik) "ware" inligting bevat wat sekerlik selfs objektief "gekontroleer" sou kon word. Of dit "waar" is of nie, is egter nie ter sake nie. Die vraag is of Nederlandse en Suid-Afrikaanse lesers verskillend op dergelike "inligting" reageer en my indruk is dat reaksies in 'n belangrike mate te make het met die potensiële kontroleerbaarheid van gegewens vir die spesifieke groep lesers. Hieronder volg 'n aantal gedigte wat klaarblyklik op biografies-juiste gegewens steun wat vir albei groepe ewe (on-)bekend is. Baie gedigte gaan terug op werklike gebeurtenisse (dit kan onder meer geverifieer word op grond van die bekende biografiese feit dat Eybers na Nederland verhuis het) en is tegelyk onthullend én verhullend. Hulle is nie van verdere buite-tekstuele gegewens afhanklik om die "feite"

wat wel gegee word, nog aan te vul nie. Passasies met dergelike gegewens word hieronder aangehaal. Die eerstes het veral te doen met die feit dat Eybers na Nederland verhuis het.

"Immigrant" (VG-269): "Niks as my hande en voete het ek hier/ die res het met die oortog soek geraak";
"November" (VG-272): "wat ek met my mee wou dra/ het die ewenaar afgekeur";
"Ode aan kontroleur De Laar" (VG-295): "Jou skamper kommentaar gons agterna:/ 'Allicht! U bent niet meer in Afrika!' (...) - my bloed loop nog stroom op in jou klimaat";

"Vandag" (VG-308): "Verworpeling van gister, moes ek wag/ vir woonverlof in die tabelleland";
"Toegval" (VG-321): "Jou binnelandse vriende is vriendelik/ teenoor die lig bevreemde vreemdeling/ uit 'n onordeliker kontinent";
"Voetjie vir voetjie" (VG-352): "Voetjie vir voetjie word mens immigrant (...) sonder om ooit onloënbaar aan te land";
"Afstand" (VG-367): "Ek wortel elders, hoe sou ek my hier/ kan tuis maak",
"Terug" (VG-437): "Transekwatoriale swaartekrag/ het my hierheen gebagger. Elke nag/ tregter my terug na my geboorteland";
"Naturalisasie" (VG-518): "Waarskynlik word (...) my/ versoek om transmutasie toegestaan (...) indien geskik/ uiteindelik met die Koninklike knik/ begenadig en tot burger(es) gesalf.";
"Dooi" (VG-551): "Hierdie maartse middag (...) kom só 'n warmte in my opgestoot (...) wat, op die nippertjie, ook Amsterdam/ omvat. Eindelik ná vyf-en-twintig jaar."

Die indruk van "waarheid" in sommige gedigte word sterk bepaal deur die noukeurigheid waarmee eksakte gegewens soms verstrek word. (Eybers voldoen wat dit betref dan byna aan die Droogstoppel-norm van "kwartier-voor-drieën"-feitel) Vergelyk byvoorbeeld gedigte oor die verlies van 'n geliefde ("'Hy is nie hier nie'", VG-340: "Drie jaar was ons, en toe 'n driekwart, saam"), 'n geborge voel by 'n nuwe geliefde ("Asiel", VG-417: "Suidwaarts sprei 'n solieder wyk (...) waar jy met kruis-oop arms wag"), 'n verjaardag ("Aan my nuwe horlosie", VG-428: "geskenk van my gangmaker (...) om my sestig-en-eenste te vier"), die vreugde wat 'n kleinkind bring ("Deesdae", VG-500: "My kleinseun - vyf-en-'n-half - en ek verstaan/ mekaar") en siekte ("Hemi-facialis spasme", VG-579: "Die ouderdom het my 'n poets gebak", en "Nogmaals facialis", TS-19/43), die dood van ou vriende ("Ter nagedagtenis aan Charles Timmer", TS-21/46 en "Requiem" TS-45), Eybers se reaksie op die P.C. Hooftprys-toekenning in 1991 ("Roem", TS-22/47). In 'n aantal bitter gedigte figureer 'n daadkragtige magnaat. Vergelyk "Midas" (VG-298), "Naamlose sonnet"

(VG-364) en "Magnaat" (VG-582). Dit wil voorkom asof Nederlandse en Suid-Afrikaanse resensente nie regtig spesifiek óf verskillend reageer op hierdie tipe gedigte nie.

Oor die gegewe dat Eybers "in ballingskap" in Nederland woon en werk, bestaan daar wel verskillende reaksies. In 1987 skryf Willem-Jan Otten:

> Haar karakterisering van een gedicht als iets dat 'wortels afsweer', en wegglijdt in zijn eigen dampkring, is zonder moeite toepasbaar op haar leven als 'niet-politieke' balling; zij is vervreemd geraakt van haar moedertaal, waardoor ze des te beter haar 'essensiële' taal heeft kunnen 'beskerm'.

Otten en 'n hele paar ander resensente (vergelyk ook Poll 1973) is bewus van die positiewe gevolge wat Eybers se ballingskap en gevolglike tussenposisie vir haar poësie het. Wanneer sy in "Nolens volens" (VG-439) skryf van haar "tongval wat my land van herkoms meld", het dit sekerlik met meer as haar mondelinge uitspraak te doen. Haar poetiese taalgebruik kan myns insiens hierby ingesluit word.

In haar bundels ná *Balans* is daar in toenemende mate gedigte wat handel oor ballingskap. Die Suid-Afrikaanse kritikus Van der Walt (1975:138) skryf byvoorbeeld oor *Kruis of munt*:

> Die verse wat hierin vervat is, bewaarheid op skrynende wyse die motto wat 'n mens lees bo aan Breyten Breytenbach se gedig 'Septembersee': 'C'est un dur metier que l'exil', en word 'n belangrike toevoeging tot haar eie ballingskapverse (...)

Hierdie tema hang ten nouste saam met die "Exil"-verskynsel wat in Hoofstuk 4 bespreek is, maar ook met die onderafdeling oor geografiese verskille. Daarom word hier slegs 'n opsomming gegee van die titels van gedigte waarin hierdie tema aan die orde kom.

"Immigrant" (VG-269) en "Oggend" (VG-276) verskyn reeds in *Balans*. "Ontheemde" (VG-294 en veral 506) is die eksplisietste aanduiding van haar posisie. In "Besoek" (VG-304) verwys sy op meer as een vlak na haarself as "tussenmens" en in "Tongval" (VG-321) noem sy haarself "die lig bevreemde vreemdeling/ uit 'n onordeliker kontinent". Dat sy heimwee sou kon hê, word in "Welvaart" (VG-348) ontken, maar in "Terug" (VG-433) skryf sy:

> 'n Heimwee om weer terug te gaan
> groei, met vermoeienis, langsaam aan.

Dit is opvallend dat "Terug", "Ontheemde" en "Voortbestaan" die enigste titels is wat Eybers meer as een keer in haar "Nederlandse" bundels gebruik. Net die slotgedig van *Einder* staan tussen die eerste "Terug" en die tweede gedig met dieselfde titel. Die

"donkerste gebrek" wat haar bind aan die landskap waar sy so graag 'n "Kaapse draai" gaan gooi, is vermoedelik heimwee.

Die posisie van ewige buitestaander word verwoord in "Voetjie vir voetjie" (VG-352):

> Voetjie vir voetjie word mens immigrant ...
> Toevallig uit, toevallig tuis, gestrand
> op hierdie teennatuurlike terras
> sonder om ooit onloënbaar aan te land.

Oor "Alternatief" (VG-359) skryf E. Lindenberg (1975b): "Sy (...) keer triomfantelik die beeld óm van diegene wat haar ballingskap kritiseer (...), waarna sy soos Lot se vrou op die duur 'gesout raak' deur haar 'blootstelling'. Met só 'n genadelose selfkastyding en selfregverdiging verkry haar vers 'n nuwe spankrag en vitaliteit."

"Afstand" (VG-367) is waarskynlik die beroemdste Eybers-gedig oor die tema van ontheemding. Dit word dikwels aangehaal. K.L. Poll (1973) skryf na aanleiding daarvan: "Zij lijkt zich meer verzoend te hebben met haar geïsoleerde positie tussen de twee leef- en taalgebieden Nederland en Zuid-Afrika. Zij wil dat isolement verduren en zij vindt er haar kracht in als dichter. Zij wil met rust gelaten worden, voor zover het zin heeft om zoiets vast te stellen bij iemand die dat zelf met zoveel woorden opschrijft, als mededeling voor lezers aan de andere kant van het taalgordijn." Oor dieselfde gedig skryf T. van Deel (1973) dat die "elders" waar sy wortel wel Suid-Afrika sal wees, "maar in feite doelt Elisabeth Eybers op een veel fundamentelere ontheemdheid".

In "Wintermonoloog" (VG-383) antwoord sy op die vraag "*maar hoekom hierheen?* ektoplasmies vaag (...) en kweek onmisbare reflekse aan/ om soos 'n kaal trapsoetjies te verkleur". Merwe Scholtz noem dit 'n mooi gedig oor die "bekende problematiek van die ontheemde". Eybers beklemtoon dikwels haar buitestaanderskap - ook in gedigte waarin haar posisie as (Suid-Afrikaanse) vreemdeling in Nederland nie vooropstaan nie. Vergelyk "Besoek aan 's-Graveland" (VG-411) waar sy waarskynlik in verhouding tot die familie na wie se begraafplaas sy saamgaan, 'n "buitestaander" is.

'n Gedig waarin Eybers haarself wel met 'n gemeenskap, naamlik met die res van die "buurt" vereenselwig, en waarin daar dus 'n sterk element van gemeensaamheid na vore kom, is "Terugkeer van Klaas-Hannes" (VG-447: "Is dit die ergste, fluister ons"). Spies 1982 skryf na aanleiding hiervan: "Die ge-immigreerde ek word hier deel van 'n gemeensame ons wat die ironie, sonder dat dit getemper word deur enige toegeeflikheid van die ek, tog vermild tot humor." 'n Ander gedig waarin dit voorkom is "Einde van die seisoen": "Nou wag ons dat die opgewonde/ kinders die park op stelte set" (VG-346). Een van die

min gedigte waarin Eybers 'n derdepersoonsvertelsituasie opvoer om na oënskynlik haar eie situasie te verwys, is "Voortbestaan" (VG-487):

> Wie ooit 'n nuwe omgewing binneswerf
> leen plaaslike spatte om hom te kamoefleer
> oënskynlike versmelting te verwerf
> sonder sy eie gestalte af te sweer
>
> terwyl die tyd-seis onverstoorbaar snoei.

In "Ontheemde" sê die spreker dat sy "Hier, in die vreemde (is), en sonder 'n masker aan". C.J.M. Nienaber (1985) merk na aanleiding hiervan op: "Hierdie woorde verwys tewens na waarskynlik dié wesenstrek van Eybers se latere verskuns, en in die besonder van die bundel *Dryfsand*: die maskerloosheid. Almal en alles binne die belewingsveld van die digteres word oopgesig bekyk en beskryf."

Een van die indirekste gedigte oor Eybers se toestand van ontheemdheid is "Ontwortelde" (VG-516) met sy eksplisiete titel. Die gedig is 'n portret van 'n "hy" wat "die dinge helder en beslis" wil uitken. Die gedig eindig raaiselagtig:

> Hy meen dat 'n streep tussen goed en kwaad bestaan,
> maar nie waar hý aangekom het, of waarvandaan.

My vermoede is dat die titel van hierdie gedig, veral in die lig van die ander man/vrou-gedigte waarin die presisie en drang tot helderheid en daadkrag van die man altyd beklemtoon word, slaan op iemand wat heeltemal teengesteld is aan die geportretteerde. Die titel slaan dus op haarself.

Eybers gebruik "vlugteling", 'n woord wat dikwels in verband met ballinge gebruik word, in "Dank" (VG-517). Die vreemdheid wat sy by haar ouers gesien het, hulle onwilligheid om gelyk geskakel te word met hulle direkte omgewing, "help" haar as't ware in haar eie omstandighede:

> Iets van julle vreemdheid het my aangekleef
> ook toe ek my as vlugteling omgeklee't.
> Dis júlle toedoen dat ek altyd leef
> tussen twee vure en nie van beter weet.

Dit blyk dat sowel Nederlandse as Suid-Afrikaanse kritici Eybers se tematiese gebruik van die ballingskap-gegewe dikwels metafories interpreteer.

12.6 REAKSIES OP LITERÊRE VERWYSINGS

Oor die algemeen kan aangeneem word dat Nederlandse en Suid-Afrikaanse poësielesers basies oor dieselfde soort algemene literêre verwysingsvelde beskik.

12.6.1 MITOLOGIESE VERWYSINGS: EWE VREEMD/BEKEND VIR ALBEI STELLE LESERS

Tot in die sewentigerjare het baie Nederlandse skoliere 'n opvoeding gehad waarin klassieke tale en geskiedenis onderrig is. 'n Mens mag aanneem dat hulle parate kennis van klassieke verwysings oor die algemeen groter is as dié van Suid-Afrikaanse lesers, maar vir albei stelle lesers is dit ewe maklik om hulle gebrek aan kennis aan te vul.

Eybers se verwysings na figure en plekke uit die Griekse en Romeinse mitologie is: Daphne (VG-257), Itaka (VG-267), Leander (VG-268), Elysium (VG-292), Midas (VG-293), Herodotus en Amasone (VG-430), Poseidon en Pan (VG-455), Croessus (VG-471), Sebastiaan en Prometheus (VG-578), Janus (VG-579) en Morfeus (VG-585). In teenstelling tot byvoorbeeld Ida Gerhardt (1988) gee Eybers geen verklarings by dergelike mitologiese persoons- en plekname nie. Sien ook 12.2.1.

12.6.2 BYBELSE VERWYSINGS: EWE VREEMD/BEKEND VIR ALBEI STELLE LESERS

Die belangrikste literêre verwysings in Eybers se werk is na die Bybel. Ester (*Trouw*, 9.11.89) skryf in verband met *Noodluik*:

> Een van de redenen voor de diepe indruk van deze bundel ligt in het feit dat de herinneringen en de strijdvaardige acties van de dichteres getransporteerd worden door een taal met een breed literair verwijzingsv[illegible] Door de lezer op een gemeenschappelijk bezit van verhalen, met de Bij[illegible] een uitverkoren plaats, aan te spreken, verliest de geïnformeerde lezer z[illegible]d. De lezer krijgt via de ontdekking van gemeenschappelijke beelden e[illegible]lingen toegang tot de menselijke emoties die in deze poëzie tot uitdr[illegible]en.

Die Bybelse figure waarna Eybers verwys in haar "Nederlandse" gedigte is Gam (VG-295), Eva en haar seuns (VG-299 en -300), Jakob (VG-302), Lot se vrou (VG-359), Lasarus (VG-393), Gabriël (VG-395), Moses en Jehova (VG-398), Didimus en Thomas (VG-419) en Asrael (VG-431), "die opstandeling (Jesus - EJ) wat pasgebore gekrys het van hooiprikkels in die krip" (VG-530) en God (VG-535). Verder verwys s[illegible]a Jabbok (VG-307), die paradys (VG-332, -357), die meer van Gadara (VG-414), Jerigo (VG-449), Goeie Vrydag en Paasdag (VG-

529 en -530), die pad na Damaskus (VG-573), en praat sy van "Babiloniese verwarring" (VG-580) en "hemelse manna" (TS-10/34). Aanhalings [illegible] laat sy wil geskied" (VG-364), "mene mene tekel" (VG-572), Psalm 88 (VG-576)[25] en "dit is volbrag" (VG-588).

Hierdie verwysings is vir Nederlandse en Afrikaanse lesersgroepe potensieel ewe bekend. Begripsprobleme is met behulp van konkordansies vir albei stelle ewe maklik om op te los.

12.6.3 INTERTEKSTUELE VERWYSINGS

In voorafgaande afdelings oor Eybers se taalgebruik is reeds daarop gewys dat haar poësie soms 'n soort verbinding is tussen twee tale. Eybers se tussentalige posisie impliseer bowendien 'n posisie tussen twee letterkundes waarmee ook rekening gehou moet word.

Alhoewel Eybers 'n goeie kennis van veral die vroeër Afrikaanse letterkunde het (vergelyk haar studierigting en periode as kritikus) het sy in onderhoude altyd bewer dat sy nie veel weet van die Nederlandse letterkunde nie. Aan Lieske & Otten (1990:28) sê sy: "Ik voelde mij helemaal niet verplicht om de Nederlandse literatuur door te werken." Tog blyk dit uit Eybers se korrespondensie met Van Oorschot dat hy eksemplare van byna sy hele letterkunde-fonds aan haar in Johannesburg gestuur het waarop sy dan ook kommentaar gelewer het. "In die Domkerk" (VG-181) is opgedra aan een van dié digters, die Vlaming Jan van Nijlen.[26]

Lesers wat meer vertroud is met die Nederlandse letterkunde sal verwysings na Nederlandse tekste in Eybers-gedigte herken wat Afrikaanse lesers kan miskyk. Omgekeerd sal Afrikaanse lesers verwysings na die Afrikaanse letterkunde herken wat Nederlandse lesers met moeite sal kan plaas. Uiteraard sal daar lesers wees wat vertroud is met albei letterkundes.

12.6.3.1 VERWYSINGS NA DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE: PROBLEME VIR AFRIKAANSE LESERS

Eybers se tegniek in "Afloop" (VG-271) om telkens syfers in plaas van woorde te gebruik ("3 maande" ens.) en die manier waarop sy spesifiek praat van "die gros van 50 vel prima

gelinieerd/ (Kantoorboekhandelaars Gebr. Winter)" herinner sterk aan Achterberg se styl in "Beumer & Co." en "'e Dimensie" (Achterberg 1980:134 en 519-523).

Wanneer Eybers verwys na 'n "resensent uit Seeland" in "Kritiek" (VG-384) is die kanse goed dat Nederlandse lesers die poësie-resensent Hans Warren van die *Provinciale Zeeuwse Courant* sal herken, maar Suid-Afrikaanse lesers nie.

Daar is 'n sterk teneur van J.C. Bloem in Eybers se werk terug te vind. Albei digters het 'n relatief homogene, beperkte register wat met die grootste suiwerheid uitgewerk word en daar is soms 'n ooreenstemmende gevoel van somberheid. Alhoewel Michaël Zeeman (1990) se resensie van Eybers se *Versamelde gedigte* dikwels negatief is, wys hy byvoorbeeld met sy opskrif "Voor de zoveelste keer november" op 'n gemeenskaplike eienskap van die twee digters: hulle sensitiwiteit vir hulle omgewing (vergelyk Bloem 1981:131 "Het regent en het is november:/ Weer keert het najaar en belaagt/ Het hart, dat droef, maar steeds gewender, Zijn heimelijke pijnen draagt.") Tussen Eybers en Bloem is soveel ooreenkomste (af te lei uit o.a. hulle voorliefde vir formele versbou, die sterk gevoelsmatige element, die algemene literatuurbeskouing wat uit hulle kritiese werk spreek, ja, selfs uit albei se slaaploosheid wat in gedigte 'n neerslag vind) dat 'n volwaardige vergelykende studie sekerlik hoogs interessant sal wees. In "Individualis" (VG-413) skryf Eybers:

> (...) ondiepsinnig vergewis
> ek my dat 'k leef en selfs, danksy
> jy-weet-wat, stomgelukkig bly.

Dit is sekerlik 'n verwysing na:

> Dit heb ik bij mijzelven overdacht
> Verregend, op een miezerige morgen,
> Domweg gelukkig, in de Dapperstraat.
> ("De Dapperstraat" in Bloem 1981:206)

Cornips (in Ester & Lindenberg 1990:21) skryf dat sy "Individualis" "met het aangename gevoel van herkenning" lees. Sy wys ook op 'n Nederlandse verwantskap na aanleiding van "Maan" (VG-534): "Hier gaat trouwens, voor de lezer die meetuurt, ook een kleine kier open naar de Nederlandse poëzie en is er even een huidige verwantschap. Want heeft niet Chr. J. van Geel gedicht: '(...) van lucht gemaakt (...) is tot in de toppen van mijn nagels/ waarin een halve maan opgaat/ al wat mij te binnen schiet.'?"

Dikwels wys resensente op ooreenkomste tussen Eybers en veral Vasalis (vergelyk Rob Schouten 1982 wat Eybers se "Jong seun" met Vasalis se "De idioot in het bad' vergelyk). Hierdie tipe ooreenkomste wat resensente raaksien, is egter nie noodwendig bewuste

literêre verwysings wat raakgesien móét word om 'n betrokke Eybers-gedig te kan waardeer nie. Dit skep wel herkenningspunte vir Nederlandse lesers.

12.6.3.2 VERWYSINGS NA DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS

Eksplisiete verwysings na die Afrikaanse letterkunde is meer talryk as dié na die Nederlandse letterkunde. Soms is dit net 'n woord ("baaierd"; VG-294 - vergelyk D.J. Opperman se *Blom en baaierd*, "ruggelings"; VG-394 - vergelyk N.P. van Wyk Louw) wat vir die Afrikaanse leser assosiasies sal oproep. Ander kere is daar opdragte aan Afrikaanse skrywers. Vergelyk "Uit die verte: Vir W.E.G. Louw, digter van *Vensters op die vrees*" (VG-441), "Vir Ernst van Heerden: by sy vyf-en-sestigste verjaardag" (VG-443), "Vir Karel l.p.v. 'n brief" (VG-542; word hier miskien Karel Schoeman bedoel? sal die Afrikaanse leser wonder) en "Februarie: vir Rita in Stellenbosch" (VG-550; is dit miskien Rita Elfrink wonder die leser wat byvoorbeeld na 'n SAUK-radiohuldeblyk oor Eybers in Oktober 1990 geluister het). 'n Afrikaanse letterkunde-kenner sal miskien ook geneig wees om in die verwysing na die "ontrafelingsdrang" van "'n onvermoeibare historikus" te vermoed dat J.C. Kannemeyer bedoel word (sien "Dichtung und Wahrheit", VG-452).

Twee gedigte van Eybers herinner sterk aan dieselfde tipe beeldgebruik wat by Ina Rousseau in *Taxa* voorkom. "Stroom" (VG-237) en "Korsmos" (VG-513) kan naamlik met Rousseau se "Takrivier" en twee "Korsmos"-gedigte vergelyk word (Rousseau 1970:62 en 9,10). Eybers se "Stroom" dateer uit 1962, maar "Korsmos" eers uit 1985.

12.7 OPSOMMEND

Die mate waarin afwisselend Nederlandse en Afrikaanse lesers taal- en referensiële probleme ondervind by die lees van Eybers se "Nederlandse" bundels, kan gedemonstreer word in 'n analise van "Uit die verte" (*Bestand*, 1982; VG-441) met die opdrag "Vir W.E.G. Louw, digter van *Vensters op die vrees*". Die gedig met sy veelseggende titel impliseer afstand en dit kan byna as die Eybers-ekwivalent van Breyten Breytenbach se "Blik van buite"-toespraak (Januarie 1973) beskou word. 'n Analise toon dat kennis van 'n spesifieke gedig uit die Afrikaanse letterkunde noodsaaklik is vir 'n goeie begrip van die ironiese Eybers-gedig wat besonder aktief werk met die gegewe van haar verblyf in Nederland:

> Die duisend vrese was nog skaars
> meer as 'n troebel afstandswaan,

toe't ek die vergesig ontwen
wat jý nou huiwerend verken:
ek moet deur 'n beknopte luik
'n aangepaster angs bekyk.
In 'n kontrei reeds volgestop
- ag waar was destyds my verstand -
het ek vir my 'n pied-à-terre
tussen twee geweltjies gekleim.
Waar soveel ingesetenes leer
val één vaal vreemdeling nie op.
Skouer aan skouer ageer hulle hier
marsjeer pasvas of marsjandeer,
die bietjie armslag wat mens els
word met 'n duimstok aangewys.
Soos wolkewrongel op 'n syblou lug
dryf - af en toe - die droomtyd terug
en duisel jy finaal dan ruim
die buurt 'n lêplek: naderhand
word jy onkeerbaar solidêr,
geïntegreer van engtevrees
grondig verlos. Wat wens mens meer.

Die gedig het 'n veelseggende titel wat 'n ander leefsituasie en afstand impliseer tot die persoon aan wie die gedig opgedra is. Ook impliseer dit 'n mate van onbetrokkenheid en objektiwiteit.

"Uit die verte" is kenmerkend van Eybers-gedigte wat deur haar twee stelle lesers beslis op verskillende maniere gelees en verstaan sal word. In teenstelling tot Suid-Afrikaanse lesers sal Nederlandse lesers byvoorbeeld nie dadelik weet dat Louw een van haar mede-Dertigers was nie. Danksy die omskrywing "digter van *Vensters op die vrees*" kan die woordspelings in die eerste ses reëls egter wel begryp word. Eybers sinspeel in hierdie gedig waarskynlik op die feit dat sy Suid-Afrika twintig jaar vantevore verlaat het en nie deel het aan die angste waarmee veral blanke Suid-Afrikaners soos Louw in toenemende mate gekonfronteer gevoel het nie. Sy het die omgewing waarin hy hom bevind "ontwen" - 'n woord wat die Afrikaanse resensent Müller (1983) "eienaardig" vind, maar wat in Nederlands standaard-gebruiklik is.

Sy situeer haarself "tussen twee geweltjies" in 'n ander "kontrei" as Louw; een wat duidelik as Nederlands herken kan word. Die mengsel van meer en minder tipies Afrikaanse woorde wat sy gebruik om dit te beskryf is opvallend. Die Franse woord "pied-à-terre" is vir Nederlanders baie bekend ("optrekje, buitenhuisje; verblijf in een andere plaats waar men altijd terecht kan") en "marsjandeer" sal hulle herken as "marchanderen" wat beteken "handelen, dingen, loven en bieden, pingelen". "Armslag" kom nie in HAT voor nie en ook "ageer" en "solidêr" is woorde met 'n veel meer spesifiek

ingeburgerde betekenis in Nederlands as in Afrikaans. In teenstelling hiermee is "geklelm" ("stuk grond afgeperk [bv. deur 'n delwer d.m.v. penne] om daarin na minerale of edelgesteentes te grawe" - HAT) 'n woord wat Nederlanders glad nie ken nie. Ook "lêplek" ("ligplaats") sal sekerlik vir hulle probleme oplewer.

Die "aangepaster angs" van die Nederlanders wat ook Eybers se deel geword het, word ge-eggo in die eenselwigheid waarmee hulle "pasvas" marsjeer. Louw se klaarblyklike vrees vir rasse-integrasie in *Vensters op die vrees* word deur Eybers ironies uitgebuit wanneer sy juis integrasie deur die dood beklemtoon in hierdie Nederlandse aanvulling op die begrafnisgegewe wat sy reeds in "Wespark" (*Die helder halfjaar*, 1956; VG-161) beskryf het:

> en duisel jy finaal dan ruim
> die buurt 'n lêplek: naderhand
> word jy onkeerbaar solidêr,
> geïntegreer, van engtevrees
> grondig verlos. Wat wens mens meer.

12.8 RIFFATERRE, CULLER EN MEIJER OOR REFERENSIËLE VERWYSINGS

Aangesien in hierdie afdeling gekonsentreer is op die raaksien van probleemgebiede in verband met Suid-Afrikaanse en Nederlandse lesers se vermoë om verwysings na onderskeidelik die Nederlandse en Suid-Afrikaanse werklikhede in Eybers-gedigte te verstaan, is dit belangrik om te besef dat dit aansluit by wat Michael Riffaterre in *Semiotics of Poetry* (1978) die eerste "heuristiese" lesing van 'n gedig noem. Hy beweer dat lesers in die begin mimesis verwag en die teks dus aanvanklik beskou as 'n "representation of reality". Meijer (1988:142) wys daarop dat dit vermoedelik vir sowel naïewe lesers geld wat die "werklikheidsillusie" glo, as vir die "meer geoefendes" wat besef dat die realistiese leeswyse 'n kode is wat in die algemeen eerste aangewend word, "totdat de tekst ons het gebruik van die code ontzegd, of totdat we zelf besluiten dat een andere code meer of meer gewenste betekenis oplevert".

Riffaterre noem die betekenis wat met behulp van die realistiese kode geproduseer word, "meaning". Sowel sy as talle ander se leesmetodes (byvoorbeeld dié van Lotman; sien Hoofstuk 13) gaan van die veronderstelling uit dat poësie aanleiding gee tot meer as referensiële betekenisse. Maaike Meijer stem hiermee saam, maar meen dat hierdie drang om weg te beweeg van die referensiële vlak, dikwels versluierend kan werk.

> De leesprocedures die zij voorstellen programmeren (...) de 'sprong over de mimesis-horde'. Omdat het aantal teksteigenschappen oneindig is, en omdat betekenistoekenning afhankelijk is van de ingezette leescodes, werken

> leestheorieën als 'self-fulfilling prophecies'. Ze vinden altijd wat zij zoeken: de 'andere', transcendente, 'hogere' betekenissen.
>
> (Meijer 1988:142)

Volgens Riffaterre word die bestudering van poësie eers interessant wanneer de ongrammatikaliteite die leser dwing tot die aanneem van 'n "second level" en 'n "higher system". Die henneneutiese lesing, wat "significance" oplewer in plaas van "meaning", is volgens Riffaterre die belangrikste proses van poëtiese betekenisgewing. Meijer meen dit is onjuis om die vlak van referensialiteit altyd as 'lager' te beskou. Volgens haar is Riffaterre (1978 en 1984) gekant teen interpretasies wat die gedig koppel aan iets uit "die werklikheid" omdat hy meen dat literatuur in eerste instansie anti-mimeties en nie-referensieel is, dat tekste gemaak is van ander tekste en via die omweg van ander tekste gelees moet word. Sy beskou Riffaterre as 'n voorstaander van die standpunt: "Literatuur *suggereert* mimesis, maar doet dat alleen om het mimesisniveau te ondergraven" (Meijer 1988:167).

In 'n ontleding van gedigte van Neeltje Maria Min met aanvanklik slegs die Riffaterre-teorie as analitiese instrument, stuit Meijer daarop dat dit onvoldoende is. "Om de ongrammaticaliteiten te laten samenklikken tot een paradigma moest ik zelf de sluitsteen van het gewelf aandragen ... uit de werkelijkheid" (Meijer 1988:167). In die geval van Min is dogterverkragting die referensiële aspek wat volgens Meijer selfs "door duizend ongrammaticaliteiten" nie raakgesien sal word indien 'n leser slegs by die teorie wil bly nie.

> De Minteksten gooiden ons eerst - conform Riffaterre - uit het mimesisniveau: de gedichten lieten zich alras niet meer op dat niveau lezen. We belandden in de doolhof van ongrammaticaliteiten, echo's van interteksten. Maar toen konden we niet blijven spelen in de intertekstuele wereld, zoals Riffaterre dat wil (elders skryf sy: 'Hij dartelt als een intertekstuele playboy door de literatuur' - EJ): de tekst dwong ons weer terug naar de werkelijkheid. Het 'higher system' voert bij Min terug naar het 'lagere' mimesisniveau. 'Hoger' wordt hiermee tot 'lager' en vice versa. Deze geënsceneerde 'ontvoering' uit de werkelijkheid en daaropvolgende terugstoting erin doet ons geen andere werkelijkheid zien, maar doet ons de werkelijkheid anders zien.
>
> (Meijer 1988:168)

'n Begrip van die werklikheid as eerste vlak is 'n onontbeerlike vertrekpunt en - soos wat Meijer aantoon - kan 'n erkenning van die verankering in die werklikheid ook in laaste instansie die enigste moontlikheid wees om tot 'n interpretasie te kom. Die ontleding van "Vriesweer" (Jansen in Ester & Lindenberg 1990) is hiervan 'n voorbeeld.

Soos wat in hierdie hoofstuk aangetoon word, lewer 'n leesondersoek van Eybers se bundels sedert 1961 talle voorbeelde op van probleme op hierdie eerste mimetiese vlak

wat Afrikaanse en Nederlandse lesers onderskeidelik kan hê en wat opgelos moet word voordat enige van hierdie lesersgroepe daarvan kan uitgaan dat hulle genoegsaam toegerus is om Eybers se "Nederlandse" bundels te verstaan.

Jonathan Culler se waarnemings in verband met die interafhanklikheid van referensiële en figuratiewe leesmetodes is in aansluiting hierby ook belangrik:

> It is important to stress that if we want to understand the nature of literature and of our adventures in language we will have to recognize that the 'openness'and 'ambiguity' of literary works result not from vagueness nor from each reader's desire to project himself into the work, but from the potential reversibility of every figure. Any figure can be read referentially or rhetorically. 'My love is a red, red rose' tells us, referentially, of desirable qualities that the beloved possesses. Read rhetorically, in its figurality, it indicates a desire to see her as she is not: as a rose. 'Charter'd street' in the first stanza of 'London' tells us, referentially, of an ordered city, its streets full of chartered institutions. Rhetorically, it is hyperbole: to speak as if even the streets had royal charters is excessive, ironic. One can, of course, go on to read this irony referentially, as a suggestion that too many charters enslave: London is so restrictive that even streets need charters to exist. But one could also in turn reverse this figure and, reading the irony in its figurality, say that the act of seeing streets as if they were chartered is an example of another kind of enslavement: enslavement to one's own fiction. These four readings are generated by two elementary operations which, as a pair, constitute the possibility of figural reading.
>
> (Culler 1981:78)

Hierdie kombinasie van leesmetodes word nader ondersoek in Hoofstuk 13.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 12

1. Lucas Malan (*De Kat*, April 1992) stel dit so: "Die merkwaardige van Eybers se poësie lê (...) in die verstommende register van wat sy self 'die introverte aard' van haar poësie noem (...) Die woord 'introvert' moet egter nie verstaan word as 'n eng-persoonlike bemoeienis met die bloedende wonde van 'n gekwetste ego nie: Eybers *organiseer* haar tekste selde só dat die persoonlike voornaamwoord na die biografiese 'ek' herlei kan word. Die fokus op ironiese afstand verwyder bowendien alle spore van selfbevestiging in haar werk."

2. "Terugkeer uit Gelderland" roep "Toekoms in Junie" (VG-122) op weens die spesifieke beskrywings in albei gedigte van Nederland se eindige *meetbaarheid* in kontras met die Suid-Afrikaanse ruimte. In die 1950-gedig word dit só beskryf:

> O later land van opstand en geloof
> wat altyd verder oopvou vir die trek,
> jou *ruimte* kan nog steeds die onrus wek
> wat mense na 'n altyd barrer streek
> oor steen en stof voortlok met niks wat week
> is as die tinte van die wintergras
> se yibrons drade en die ligroos was
> wat van die tinger alwynstingel drup.

3. In "Ode aan kontroleur de Laar" (VG-295) stel Eybers "my land" teenoor "jou klimaat", waarin eersgenoemde Suid-Afrika en *laasgenoemde* Nederland be-teken. Van die voorkoms van "my" en "jou" wil ek nie 'n verdere subkategorie maak nie, omdat die gebruik hiervan mede-afhanklik is van die perspektief in 'n betrokke gedig: soms gebruik die spreker in plaas van "ek" ook die tweede persoonsvorm (soms as plaasvervanger vir "'n mens") om na sigself te verwys. Vergelyk byvoorbeeld "Wintermonoloog" (VG-383) waarin "Eindelose ruimtes uit jou opgroeityd" vergelyk word met "hierdie *mis*", "hierdie *mekka*" en "inheemse hondestront" wat die ruimte is waar die "jy" sig nou bevind, ver weg van "die bodem wat (die) jou voortgebring het". "Jy" en "jou" verwys dus glad nie noodwendig na "die Nederlander" in *algemein* nie. In Eybers se Nederlandse poësie is die "jy" dikwels die aangesproke geliefde.

4. Volgens die Griekse mitologie was Odysseus, koning van Itaka, se enigste begeerte om ná die Trojaanse oorlog terug te gaan na sy eiland op die weskus van Griekeland - hy het dit egter eers na twintig jaar bereik.

5. Sien Van Niekerk (1987:29-32) vir 'n analise van "Immigrant".

6. In 'n oeuvre wat bykans geen politieke gedigte bevat nie, is dit opvallend dat "Nolens volens" voorkom direk naas "Regspraak by die dood van Steve Biko" (VG-438).

7. In "Vir Ernst van Heerden" (VG-443) gebruik sy ook die woord. Vergelyk: "Soek ek in my geheue 'n asiel/ dan wil ek, Ernst, op my stram knieë kniel". Ook hier het die woord nie politieke banneling-konnotasies nie.

8. Vergelyk ook die ekstreme beskrywing in "Oktaan" (VG-358): "My smal dakkamer het soos 'n ark gekraak/ in die donker voordag van dertien November."

9. Vergelyk byvoorbeeld die builtelende beskrywing van 'n "Julle in Johannesburg" in die vroeër gedig "Winter" (VG-371): "waar mens voortsweef al is dit oor asfalt/ weerbarstige kwarts en graniet." Let trouens ook in hierdie gedig op die weglating van leestekens.

10. Terloops: dit blyk dat die spankrag van die woord "weerspannig" (in sowel Koenen & Endepols as HAT is dit "wederspannig") in die vierde versreël van "Aan F.D." veel sterker is wanneer die Nederlandse betekenis daarvan ("het zich met geweld of bedreiging daarmee verzetten tegen een ambtenaar, werkzaam in de rechtmatige uitoefening zijner bediening") geaktiveer word eerder as die veel minder eksplisiete betekenis in Afrikaans ("ongehoorsaam, *opstandig*"). "Wespark" (VG-161) kan as "Aan F.D." se teëhanger uit Eybers se Suid-Afrikaanse periode beskou word. Lesers wat nie weet dat "Wespark" die naam van een van Johannesburg se grootste begraafplase is nie, sal moontlik ekstra betekenis aan "wes" en "park" heg.

11. Dié Eybers-neologisme beteken - na analogie van byvoorbeeld *cryptocommunist* en *-fascist* iemand wat in die geheim immigrant-simpatieë koester. Van Niekerk (1987:89) beweer in 'n voetnoot: "Thérèse is 'n Vlaming van geboorte wat in Noord-Holland woon. Sy is die vrou van Pierre Dubois, 'n bekende Nederlandse prosaïs." Dit is inkorrek. Mevrou Dubois se voornaam is Simone. Miskien word hier eerder verwys na Thérèse Cornips, vertaalster van onder meer Proust se werk in Nederlands. Sien haar bydrae "Wat men liefheeft ..." in die *Liber amicorum* saamgestel deur Ester & Lindenberg (1990:18-22).

12. In die gedig onthou Eybers die woord "wolkekrabber" vir sowel Afrikaanse as Nederlandse lesers wanneer sy praat van "wolkkrappers wat uit die veld opstaan". Wanneer die Afrikaanse "krap" in plaas van die Nederlandse "krabben" in die samestelling ingevoer word, ontstaan 'n Eybers-neologisme.

13. Let op dat die gebrek aan leestekens weer dui op 'n gedagteviug, 'n ontsnapping, soos in "Om onderweg te neurie". Sien verder Pretorius (in Nienaber-Luilingh 1975:89-90) se analise van "Winter".

14. Sien Bax-Botha (in Nienaber-Luilingh 1975:27) se beskrywing van die dooie boom wat in die November-storm van 1972 bly staan het.

15. Oor die algemeen word die Nederlandse omgewing deur Eybers beskryf met woorde wat vaalheid aandui. Die kleur "matvaal" en dié van stopverf vind sy skynbaar die mees beskrywende woorde. Sy gebruik laasgenoemde woord twee maal vir die lug en een keer vir Hollandse skape: in "Oggend" (VG-276: "die lug is laag en aardesiek,/ met stopverf toegedik en grou"), in "Winter" (VG-371: "Soms voel hierdie ses stopverfmaande/ soos 'n eindeloos eenkleurige vlakte") en in "Identiteit" (VG-350: "soos speelgoeddiere in 'n uitkniptuin: vier stopverfgrou"). In "Einde van die seisoen" (VG-346) skryf sy dat die "trouelose lig vergrou" en in "Wintermonoloog" (VG-383): "Die suurstoflose lug, die straatmatrys/ vloei naakloos saam tot algemene grys." In "31 Desember 1980" (VG-474) is daar 'n "pleistergroue lug (...) Grou maak amok"; in "Dagbreek" (VG-507) "smeer" "grou lig die gordyne"; en in "Ontwortelde" (VG-516) praat Eybers van "hierdie mat en platgrys land". 'n Redelik kleurvolle beskrywing van die landskap is in "Opgawe" (VG-568) wanneer Nederland in teenstelling tot "'n maatloos ontembare kontinent" die "strak grou-en-groen plattegrond" genoem word. Van die "ligste" beskrywings van Nederland is in "Dooi" (VG-551) waarin die "son soos 'n gloeikous lek" op 'n "maarse middag", en in "1 Desember" (TS-10/34) wanneer "die grillige son in die mom van 'n vuurrooi ballon (...) weggesuig (word) in één guisige horisonhap".

16. Die wêreld van baie digters sal deur lesers as "vreemd" ervaar word, selfs wanneer sender en ontvangers landgenote is. W. Butler Yeats en A. Roland Holst se magiese wêrelde is byvoorbeeld referensieel "onwerklik", maar dit word in hulle poësie vir ook hulle lesers "possible worlds". Ek wil dus geensins daarvoor pleit dat die wêreld in 'n digter se werk referensieel "bekend" moet wees nie. Te midde van soveel wat in Eybers-gedigte vir Nederlandse lesers wel vertroud en bekend is, moet dit egter ekstra opvallend wees wanneer die vreemde Suid-Afrikaanse wêreld in plotselinge beeldflitse ook betrek word. Dikwels gebeur dit in die middel van 'n strofe wat verder spesifiek Nederlands-situeerbaar is; soms staan 'n hele gedig in die teken van Suid-Afrika.

17. In Nederlands beteken "bult" 'n boggel(-rug), 'n groot puis of 'n groot hoeveelheid. Dit kom byvoorbeeld voor in die spreekwoord "Eigen schuld, dikke bult".

18. Uiteraard ken baie Nederlandse lesers dergelike landskappe, diere en vrugte as gevolg van buitelandse reise, filmbeelde of tydskrifte. Soos wat in Hoofstuk 13 verder verduidelik word, *konstrueer* ek ten behoewe van my betoog in Hoofstukke 11 en 12 egter "Nederlandse" en "Suid-Afrikaanse" lesers wat veronderstel is om onderskeidelik geen eerstehandse kennis te hê van die ander land se taal, landskap, klimaat ens. nie.

19. In teenstelling tot wat Meijer impliseer, is 'n "politieke" lees van tekste nie 'n vreemde verskynsel in Afrikaans nie (vergelyk De Jong 1989 se verwysings na Coetzee, Liebenberg, Willemse en andere), maar Meijer (1988: 209) vra: "Is (...) de witte Zuidafrikaanse letterkunde ooit (...) in context gelezen?" Terwyl sy elders in haar interessante proefskrif *Lust tot lezen* (1988) nie van 'n Marxistiese literatuurbeskouing uitgaan nie, gee sy 'n uitvoerige uiteensetting van die Suid-Afrikaanse politieke sisteem (pp.208-211) voordat sy dan "een witte Zuidafrikaanse tekst", "Boer" van D.J. Opperman, teen hierdie agtergrond lees. Sy sluit haar analise af met die opmerking: "Schrijver en lezer van de tekst zitten vaak in dezelfde psycho-sociale 'cirkel'. Er bestaat een relatie van continuiteit en wederzijdse bevestiging tussen tekst en lezer. We weten al dat om die reden mannelijke critici vaak geneigd zijn om andere mannen, vooral als die hun ideeën en esthetische waarden delen, goede schrijvers te vinden, terwijl ze vrouwen niet of veel minder lezen, als tweederangs ervaren of niet begrijpen. Maar het leesproces en de interpretatie worden veel interessanter, want explicieter, wanneer lezers/essen hun eigen context bewust laten 'botsen' met de context die de tekst introduceert" (Meijer 1988:213). Dit is duidelik dat Meijer meen dat 'n Nederlandse leser soos sy haar konteks beter kan laat bots met Opperman s'n as 'n mede-Suid-Afrikaner!

20. Vergelyk 'n verdere gebruikmaking van hierdie jeugherinnering in "Maan" (VG-534): "Toe ek as kind / buite kon slaap agt maande van die jaar". Sien ook Eybers (1983:96-98) se outobiografiese vertelling van hierdie gegewens: "Gedurende die grootste deel van die jaar het ons op die voorstoep op kampbeddens geslaap", "Die stoep was smal"; "As die wind waai, het ons ons koppe toegetrek onder die komberse en geluister na die gesuis en gekraak van die hoë bloekombome"; "Om nege-uur het die kick by die polisiestasie gelui, en daarna mog die naturelle nie meer in die strate rondslenter nie. Dikwels tot laat in die nag het die geluid van hul gesing in die lokasie, die veelstemmige liedere met eindeloos-eentonige, weemoedige herhalings, oor die stil dorp gedryf."

21. Vergelyk hiermee ook "Notisie" (VG-472): "In hierdie halfrond steier die halwemaan/ soms kersregop".

Referensiële probleme

22. Gramadoelas is 'n woord van Wes-Transvaalse oorsprong. Dit is waarskynlik gevorm van die Xhosa-woord *in-duli* en/of Zoeloe *i(li)-duli*, wat albei heuwel beteken. Die Afrikaanse meervoud-*s* is hieraan toegevoeg (soos in *g(r)amadoelies*) en/of die meervoudsvorm *-as* (soos by die bergnaam *Amatolas*), en die woord word meestal kollektief gebruik. Vergelyk verder Boshoff & Nienaber 1967:267.

23. Sien Bax-Botha (in Nienaber-Luitingh 1975:24-32) se beskrywing van Eybers se onmiddellike woonomgewing in die Amsterdamse Van Breestraat.

24. Sien Van Niekerk 1987:96-98 vir 'n analise van die gedig.

25. Eybers is in 1990 uitgenooi om deel te neem aan die "Nacht van de Poëzie". Haar dogter Marita Weasels het namens haar 'n aantal gedigte voorgelees.

26. Ed Leeflang (1990) verskil van Spies wat meen dat daar by Eybers 'n nuwe toenadering tot God sou wees: "Ik vind de basis voor een dergelijke suggestie veel te smal. Natuurlijk kan men Spies en anderen toegeven dat in Eybers' werk toespelingen op bijbelse passages niet ontbreken. Verwonderlijk is dat niet. Ook iemand die het geloof ontgroeid is, blijven christelijke motieven vertrouwd (...) Ik durf het wel aan te beweren dat Eybers zulke motieven al lange jaren te pas brengt als een niet eens zo betrokken gebleven buitenstaander."

27. Bax-Botha (in Nienaber-Luitingh 1975:32) gaan selfs sover as om te sê: "Haar hele oeuvre is trouens selfportret, en die wesenlike daarvan is die 'netwerk rondom gloed'." Die Droogtoppel-argument kan hieraan toegevoeg word: hy waarsku naamlik dat digters altyd lieg, byvoorbeeld om die rymskema te pas. Selfs al is dit half vier, sal 'n digter dus ter wille van die rym sê: "De lucht is guur en 't is vier uur"! Soos Droogtoppel verder skryf: "Dit laat ik gelden, als het werkelijk *guur* en *vier uur* is. Maar als het kwartier voor drieën is, kan ik, die mijn woorden niet in 't geld zet, zeggen: *'de lucht is guur, en 't is kwartier voor drieën.'* De verzenmaker is door de *guurheid* van de eerste regel aan een vol uur gebonden. Het moet voor hem juist *een, twee* uur, enz. wezen, of de lucht mag niet guur zijn. *Zeven* en *negen* is verboden door de maat. Daar gaat hij aan't knoeien: Of het weer moet veranderd, óf de tijd. Één van beide is dan gelogen" (Multatuli 1979:9).

28. Ester (*Trouw*, 9.11.89) skryf dat "Wanhoop" (VG-576) - waarin na Psalm 88 verwys word - "geheel in het teken van dood en ontreddering staat, naar de situatie van de dichteres toegetrokken."

29. Eybers het 'n veel meer uitgesproke voorliefde vir die Engelse letterkunde. Vergelyk haar verwysings na Engelse digters soos Plath, Emily Dickinson, en Brönte. Lina Spies skryf (in Ester & Lindenberg 1990:132) dat Eybers Dickinson se weersin deel in die Calvinis se onvermoë om die aardse en stoffelike ten volle te geniet en sy noem die Amerikaanse digteres daarom Eybers se "grootste geesgenoot in die wêreldletterkunde, soos sy self ook reeds in 1937 te kenne gegee het" (sien Opperman 1962:375). Aan Lieske en Otten (1990:28) sê Eybers dat sy ook die poësie van Philip Larkin "zeer waardeer" en dat Seamus Heaney "authentiek en overtuigend" is.

V

ELISABETH EYBERS SE DUBBELE WÊRELD: POËTISITEIT DUBBEL VOOROPGESTEL

HOOFSTUK 13

LESERGERIGTE VERKLARINGS VIR ELISABETH EYBERS SE POSISIE IN DIE NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LETTERKUNDES

Ten spyte van die talle misverstande en verkeerde interpretasies wat moontlik is indien lesers nie beskik oor 'n kennis van die taal en (bv. geografiese) ekstratekstuele verwysings in verband met Eybers se dubbele wêreld nie (sien IV), het in I, II en III geblyk dat sy desondanks 'n uitsonderlike posisie in die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes het. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die wisselwerking van begripsprobleme en herkenningspunte juis bydra tot die poëtisiteit van Eybers se "Nederlandse" bundels vir veral Nederlandse lesers. Ander redes vir Eybers se gunstige ontvangs word in hierdie hoofstuk ook verstrek, maar ek wil verder aanvoer dat die spesifieke aard van haar taalgebruik en tussenwêreld vanuit 'n lesergerigte invalshoek benader moet word om 'n verklaring vir die uniekheid van haar digterskap te vind. Hieroor het ek die volgende hipoteses:

1. *Die vervreemdende effek wat Afrikaanse en Nederlandse lesers ervaar wanneer hulle Eybers se "Nederlandse" bundels lees, dra grootliks by tot die poëtiese effek daarvan.*
2. *Eybers se "Nederlandse" bundels vereis 'n besondere graad van leserdeelname.*
3. *Eybers se idiolek ondersteun op ikoniese wyse basiese temas in haar "Nederlandse" bundels.*

Teoretiese opvattings oor poëtiese taalgebruik, lesershoudings en ikonisiteit word in verband gebring met Elisabeth Eybers se "Nederlandse" bundels met die doel om 'n verklaring te vind vir die trefkrag daarvan. Sien veral Bibliografie I en II.

13.1 REDES VIR EYBERS SE AANVAARDING IN NEDERLAND

Omdat Eybers se "Nederlandse" poësie in Afrikaans geskryf word, wil ek eers 'n paar redes gee waarom dit hoegenaamd in Nederland gelees word. In voorafgaande hoofstukke is in algemener verband reeds daarop gewys.[1]

Pierre H. Dubois is die enigste kritikus wat hom op 'n gereelde basis afgevra het wat daardie "iets" is wat Eybers se werk so aanvaarbaar maak in Nederland. In 13.1.2, 13.1.3 en 13.1.4 word daarom gekonsentreer op aanhalings uit opstelle (1975, 1978 en 1991) wat hy by geleentheid van haar sestigste verjaardag en onderskeidelik die uitreikingsplegtighede van die Constantijn Huygens- en P.C. Hooft-pryse geskryf het. Ir

(p. 238 omitted in pagination.)

13.1.1 word 'n voor die hand liggende, maar nie daarom minder belangrike, rede eers aangevoer.

13.1.1 NEDERLANDSE PUBLIKASIEGESKIEDENIS VAN ELISABETH EYBERS

In Hoofstukke 1 en 3 is gewys op die feit dat Gerrit Bakker van Constantia-uitgewers, Johannesburg sy boeke in Nederland by A.A.M. Stols laat druk het en dat Eybers-bundels vanaf 1945 in 'n baie beperkte mate moontlik reeds op die Nederlandse mark beskikbaar moes gewees het. Sien verder 1.5.

Die gunstige ontvangs van die Van Oorschot-uitgawes van Eybers se *Versamelde gedigte* (1957) en *Neerslag* (1958) het daartoe gelei dat Elisabeth Eybers reeds 'n bekende figuur op die Nederlandse letterkundige toneel was toe sy in 1961 na Amsterdam verhuis het. In 1962 het sy toegetree tot die poëziefonds van Em. Querido's Uitgeverij in Amsterdam wat al haar bundels vanaf *Balans* (steeds in 'n samewerkingsverband met Human & Rousseau, Kaapstad) in sy sogenaamde "luxe"-uitgawes (sien Boltendal 1974) direk op die Nederlandse mark gebring het.

Sedert 1957 het Eybers-bundels dus onder omslag en naam van bekende Nederlandse poësie-uitgewers verskyn en in boekwinkels visueel dus nie soos vreemde invoerprodukte vertoon nie. Die feit dat haar bundeltitels Afrikaans is, was bowendien geen belemmering nie omdat dit óók Nederlandse woorde is (met klein spellingverskille in die geval van *Dryfsand* en *Teëspraak*). Hierdie publikasiegegewens het sekerlik die aanvaarbaarheid van Eybers vir 'n Nederlandse lesers- en koperspubliek verhoog.

13.1.2 EYBERS-TEMAS

In II (sien veral 6.7) is reeds aangevoer dat Nederlandse kritici op grond van onder meer Eybers se temas ontvankliker was vir haar poësie as vir Louw en Opperman s'n. In III (sien veral 8.3.5 en 9.3.5) blyk dit dat waardering vir haar menslike temas deurentyd 'n belangrike onderdeel van Nederlandse resensies uitmaak. Dubois (in Nienaber-Luitingh 1975:46) wys daarop dat Eybers se vroegste werk reeds aanklank gevind het; waarskynlik omdat die moeder-kind-tema tradisioneel so geliefd in die Nederlandse poësie is (vergelyk Ed. Hoornik se siklus "Geboorte" en die talle bloemlesings wat hieraan gewy is, o.a. deur Dirk Coster):

> Het hoort stellig bij een bepaald aspekt van de Nederlandse poëzie, dat trouwens ook in de schilderkunst wordt gevonden, namelijk het intimistische.

Later skryf Dubois (1978:15):

> Haar onderwerpen (...) zijn eenvoudig, maar ook groot. Het zijn de voor de hand liggende thema's van liefde, geboorte, moederschap, van hoop en vrees, maar ook de verlenging daarvan: wanhoop, dood, verdriet. Onderwerpen die tegelijkertijd de meest bekende en de onuitputtelijkste zijn, de aangrijpendste eveneens, - op voorwaarde dat de dichter erin slaagt een persoonlijke vorm en een persoonlijk accent te vinden.

Adriaan van Dis beskryf dit só: "Haar poëzie is heel Europees, behandelt universele gevoelens. Elisabeth Eybers is een tussenpersoon geworden" (Meijer 1991).

Behalwe dat Eybers aansluit by temas wat bekend is in die Nederlandse poësie, speel die *afwesigheid* van 'n spesifiek Suid-Afrikaanse tematiek ook 'n groot rol. Dit blyk reeds uit die vergelyking met Van Wyk Louw en Opperman (sien 6.7 in II).

13.1.3 EYBERS SE VERWANTSKAP MET DIE NEDERLANDSE POËTIESE TRADISIE

W.E.G. Louw wys in 1939 op die "heilzame, zuiverende en vormpreciserende uitwerking" wat die Nederlandse digkuns van veral ná 1910 op die Dertigers in die algemeen gehad het, ook op Eybers. In III (veral 8.4.3 en 9.4.3) is aangetoon dat Eybers se poësie dikwels deur Nederlandse resensente as "vertroud" beskou is en daar word op ooreenkomste met veral Vasalis, maar ook met Achterberg en Bloem gewys.

Eybers se poësie word dikwels met die poësie van die generasie van 1940 in Nederland vergelyk.[2] Jan van der Vegt (*NRC*, 31.5.69) meen byvoorbeeld dat Eybers se vroeë werk "vaak een zachte weemoed om het vergankelijke" bevat. Dubois (in Nienaber-Luitingh 1975:51-52) skryf dat Eybers haar Nederlandse "klankbodem" aan veral hierdie rede te danke het:

> Dat is haar bijzondere verbondenheid met een op transcendentie gericht realisme. De herhaalde verwijzingen naar Vasalis en Achterberg moeten niet verstaan worden als het signaleren van invloed (...), maar wel degelijk als een min of meer identieke gesteldheid. De tover en de dreiging van het dagelijks bestaan, de 'eerbied voor de gewoonste dingen', die een leitmotiv was van de zogenaamde Criterium-generatie in Nederland, waaraan Elisabeth Eybers niet alleen naar leeftijd beantwoordt, kan men niet los zien van een soort existentiële huivering. In de Nederlandse letteren is die ervaring niet onbekend sinds de dertiger jaren, maar zij wordt gerelativeerd door een sceptische ironie, door een traditionele nuchterheid. Het evenwicht tussen hart en hoofd, de werkzaamheid van beide

> functies als positieve elementen, maar ook als antagonismen, is een karakteristiek waarvoor de Nederlandse poëzielezer een speciale gevoeligheid bezit.
>
> In het werk van Elisabeth Eybers herkent hij hier veel van en wat haar onderscheidt - haar sterkere gepassioneerdheid, haar felle zuiverheid, een vleug exotisme, toch, door sfeer en taal - oefent een bijzondere aantrekkingskracht uit.

Dubois beskou dit as "niet meer dan een aanwijzing, een suggestie van een antwoord" op die vraag waarom Eybers in Nederland "de erkenning vindt waarop zij aanspraak maken mag". By geleentheid van die uitreiking van die P.C. Hooft-prys som Dubois (1991:8) hierdie tese (sonder verdere uitwerking) weer soos volg op:

> Deze herkenbaarheid, van vorm, toon en algemeen menselijke inhoud, heeft haar reputatie in eerste instantie bij het Nederlandse poëzieminnend publiek gevestigd; paradoxaal genoeg eerder omdat het vertrouwd dan omdat het nieuw klonk. (...) Haar sterk vormvermogen sloot zo goed aan bij de Nederlandse poëtische traditie dat de lezer haast uit het oog verloor dat hij een ander, een vreemd idioom las, waaraan ongewone en niet steeds gemakkelijk te begrijpen woorden hem van tijd tot tijd herinnerden.

In verband met die toekenning van die P.C. Hooftprys aan Elisabeth Eybers, is ook gewys op Eybers se aansluiting by die Nederlandse literêre tradisie. Jurielid Remco Ekkers het dit - heel vereenvoudig - só saamgevat: "Zij is eigenlijk heel Nederlands. Haar werk wortelt in onze poëzie. Dichters hier wijzen op haar invloed, zij heeft gewezen op de invloeden van Nederlandse dichters op haar werk. Onze conclusie luidde: ze hoort bij ons" (Meijer 1991).

13.1.4 NEDERLANDSE VERWYSINGSWÊRELD

Dat Eybers in Amsterdam woon, het konsekwensies vir haar verwysingsveld. Soos wat in III (veral 8.3.1 en 9.3.1) aangetoon is, het Nederlandse resensente dan ook 'n duidelike voorliefde vir Eybers-gedigte wat spesifiek in Nederland gesitueer is. Dit is daarom nie vreemd dat Hans Ester (1989:10) as 'n bykomende rede vir die Nederlandse aandag vir Eybers se werk noem

> dat Nederland en het bestaan in Nederland onderwerp van deze poëzie zijn geworden en daarmee de Nederlandse lezer tot direkte gespreksgenoot hebben gemaakt.

Uiteraard is die spesifieke *wyse waarop* die bekende Nederlandse omgewing verwoord word, van die grootste belang. Dubois (1991:11) wys op die "mysterieuze" verbindingslyn tussen werklikheid en poësie:

> En het is zaak er zich niet op te verkijken: het algemeen-menselijke, dat waardoor de ervaring herkend wordt, is het banale; de alchimie die het omzet in poëzie is het persoonlijk-unieke van een dichterschap. Er is dus sprake van twee werkelijkheden: de autobiografische en de poëtische, en de eerste is slechts de brandstof voor de tweede, waaruit een autonoom gedicht oprijst.
>
> Elisabeth Eybers heeft de veranderde omstandigheden in haar leven voor die raadselachtige alchimie weten te benutten. Haar kern is zichzelf gelijk gebleven, maar de confrontatie, innerlijk en uiterlijk, met alles wat haar niet door geboorte of natuur vertrouwd was, heeft haar in staat gesteld, met pijn en moeite, met ontroering en perplexiteit, zich te richten op de meest intieme, kristalheldere, diamant-harde waarheid.

13.1.5 OPSOMMEND

Bogenoemde vier redes vir die klankbodem wat Eybers in Nederland gevind het, kan in baie meer besonderhede uitgewerk word. Die doel met hierdie ondersoek is egter nie om slegs die redes vir Eybers se gunstige ontvangs in Nederland te ondersoek nie, maar om vas te stel waarom haar "Nederlandse" bundels hierdie gunstige ontvangs in Nederland verkry het terwyl sy haar posisie in die Afrikaanse letterkunde behou en selfs verstewig het. Vergelyk byvoorbeeld dié positiewe Suid-Afrikaanse oordeel oor *Teëspraak*: "Met onverminderde tegniese vermoë en ironie dig Eybers oor die temas wat haar later werk domineer: ontheemdheid en verlange ('1 Desember'), aftakeling (pragtig ironies bekyk in 'Nogmaals facialis'), en die soeke na die woord as 'teëspraak' vir ondraaglike en onbestaanbare dinge. Sy is 'n weergaloos vakkundige digter, by wie die digterlike proses gepaard gaan met 'n noukeurige waarneming van die essensiële" (Olivier 1992).

In bespiegelinge oor waarom Eybers so hoog aangeslaan word in Nederland, verwys kritici telkens na die *poëtiese* eienskappe van haar gedigte. Dubois (1991:7) skryf dat presies dié kwaliteit vanaf 1957 die voor die hand liggende verklaring is vir die Nederlandse Eybers-waardering sodat byvoorbeeld Kees Fens "er het wonder van de poëzie in (herkende)" en Hendrik de Vries haar sonder meer die "grootste dichteres" in die Nederlandse taalgebied genoem het. Elders sê Dubois ook dat die antwoord op die vraag waarom Eybers so 'n groot Nederlandse gehoor het, "betrekkelijk eenvoudig" is:

> omdat de kwaliteit van deze poëzie overtuigend, de eerlijkheid ervan overrompelend is.

Ook Suid-Afrikaanse resensente praat dikwels van Eybers se "digterlikheid". Hierdie bewerings is sekerlik juis, maar ook problematies. Definisies van poësie kom byna sonder uitsondering daarop neer dat dit hiper-georganiseerde taalgebruik is en 'n waardering daarvan veronderstel 'n goeie kennis van die standaardtaal waarin dit geskryf is. In veral

Lesergerigte verklarings vir Eybers se posisie

III het duidelik geblyk dat Eybers se poësie uiters gunstig ontvang word, terwyl in IV aangetoon is dat Nederlandse én Suid-Afrikaanse lesers weens Eybers se idiolek toegang tot haar poësie het, maar dat albei groepe ook taalprobleme ondervind. Die vraag is hoe hulle die hiper-georganiseerdheid dan tog volledig op prys kan stel. 'n Ewe "eenvoudige antwoord" as Dubois s'n hierbo is dat volledige begrip met betrekking tot poësie skynbaar nie nódig is om dit te kan waardeer nie.

Die hipotese wat ek in hierdie hoofstuk wil uitwerk, is dat Eybers se "Nederlandse" bundels so "overrompelend" is dánksy die boeiende *mengsel van bekende en onbekende talige en referensiële aspekte* daarin vir albei haar stelle lesers. Die "immanente", "wesenlike" of "intrinsieke" poëtisiteit - vir sover dit ooit vasstelbaar is: "literatuur bestaat alleen bij de gratie van haar lezers" (Segers 1980:9) - van Elisabeth Eybers se gedigte is hier nie ter sprake nie. Waarna gekyk word is hoe Eybers se tussentaal (of "'uitwijktaal'; misschien mogen we spreken van Eybersiaans", Kopland in Dubois 1991:15) as poëtiese taal funksioneer, hoe lesershoudings ten opsigte daarvan ingeneem word, en hoe hierdie tussentaal 'n ikoniese teken is vir Eybers se tussenposisie.[3]

Bekende aspekte van formalistiese, resepsie-estetiese en semiotiese literatuuropvattings word kortliks bespreek met die doel om literêr-teoretiese verklarings te vind vir die manier waarop Eybers se poësie kommunikeer met lesers uit twee taalgemeenskappe.

13.2 DIE VERVREEMDENDE EFFEK VAN POËTIESE TAALGEBRUIK

'n Belangrike teksgerigte benadering in literatuurteorie is dié van die Russiese Formalisme. Hierdie benadering maak wel staat op die *persepsie* van bepaalde kunsgrepe en in lesergerigte benaderings (sien 13.3) word dié insigte later verder uitgewerk.

Die "device of making it strange" ("priëm ostranenija") en "art as a device" ("iskusstvo kak priëm") is twee begrippe van die Russiese Formalis Viktor Šklovskij wat vanaf 1916 'n groot invloed op die twintigste eeuse literatuurstudie gehad het. Volgens hom (sien Striedter 1971:15) is die doel van kuns

> um das Empfinden des Lebens wiederherzustellen, um die Dinge zu fühlen, um den Stein steinern zu machen (...). Ziel der Kunst ist es, ein Empfinden des Gegenstandes zu vermitteln, als Sehen, und nicht als Wiedererkennen; das Verfahren der Kunst ist das Verfahren der 'Verfremdung' der Dinge und das Verfahren der erschwerten Form, ein Verfahren, das die Schwierigkeit und Länge der Wahrnehmung steigert, denn der Wahrnehmungsprozess ist in der Kunst Selbstzweck und muss verlängert werden; die Kunst ist ein Mittel, das Machen einer Sache zu erleben; das Gemachte hingegen ist in der Kunst unwichtig.

Alhoewel Šklovskij se insigte in die verskil tussen poëtiese (vervreemdende of de-outomatiserende) en normale (geoutomatiseerde) taal hier baie kursories weergegee word, is dit essensieel vir allerlei teorieë wat hierop volg. Šklovskij se formulerings bied 'n beskrywingsbasis vir my waarneming dat Eybers se poësie weens allerlei problematiese eienskappe daarvan 'n dubbele vervreemdingseffek op albei haar stelle lesers het.

Die "Nederlandse" bundels is sonder twyfel poësie in dié opsig dat dit afwyk van normale prosataal. Omdat dit bowendien poësie is in 'n taal wat hoofsaaklik Afrikaans is, maar wat ook sterk beïnvloed word deur Nederlands, kan dit - op die spits gedryf - beskryf word as gekodeer in 'n tussentaal tussen Standaard-Afrikaans en Standaard-Nederlands. Dit verskil dus van albei haar stelle lesers se standaardtale. Vergelyk die slotreëls van "Ek ken die nag" (TS-18/42):

> Sy gramadoelas afgepas
> het ek die nag omstandig meegemaak,
> ken ek sy binnekant.

Benewens 'n "poëtiese" woord soos "omstandig" wat vir albei lesersgroepe ewe opvallend is (in "normale" Afrikaanse en Nederlandse spreektaal het dit 'n uiters lae gebruiksfrekwensie), is daar in bogenoemde versreëls bowendien vir elke groep lesers *verskillende* woorde wat 'n besondere graad van lesersdeelname vereis. Nederlandse Eybers-lesers sal die reëls vir hulleself al lesend vertaal tot:

> Zijn ???? afpassend
> heb ik de nacht omstandig meegemaakt
> ken ik zijn binnenkant.

Die vir hulle onmoontlik "vertaalbare" Afrikaanse woord "gramadoelas" gee aan hierdie versreëls 'n ekstra moeilikheidsdimensie of de-outomatiserende funksie wat die "Schwierigkeit und Länge der Wahrnehmung steigert" op 'n ander vlak as die (waarskynlik veral geïntendeerde) metaforiese vlak. Totdat die woordprobleem opgelos word, bly die metaforiese gebied ontoeganklik, is daar dus twee vervreemdingsfases.[4] Omdat Afrikaanse lesers die woord ken, sal hulle onmiddellik kan konsentreer op die vervreemdingstegniek van die beeld wat deur "gramadoelas" opgeroep word. Die woord "afgepas" (wat Nederlandse lesers wel redelik maklik behoort te kan "terugvertaal" in normale Nederlands en verstaan as "afpassend") is egter vir húlle weer 'n vreemde "vraagteken-woord", dwing húlle om 'n "gramadoela" nie slegs te "wiedererkennen" nie, maar om dit tree vir tree te ervaar weens die Eybers-tussentaal wat daarin slaag om "den Stein steinern zu machen" - ook vir Afrikaanse lesers.

Šklovskij se definisie van digkuns - dat dit geremde, geboë taal, 'n konstruksietaal is - is in 'n besondere mate van toepassing op Eybers se gedigte. In min ander gevalle in die Afrikaanse poësie (met die uitsondering van opsetlik taalvervormende eksperimente soos Peter Blum se "Man wat mal word") is die Afrikaanse taal so konsekwent gerem en gebuig as in die geval van Eybers se "Nederlandse" bundels.

13.2.1 TEKS EN KOMMUNIKASIE: DIE VERHOUDING "ARTEFAK" TOT "ESTETIESE OBJEK"

Om die spesifiek estetiese funksie van talige kunswerke te onderskei, is algemene kommunikasieteorieë deur formaliste aangepas. In 1933 het K. Bühler met sy sogenaamde "Organonmodell" drie praktiese funksies van taaltekens beskryf: die "darstellende" (waarin die verhouding taalteken - werklikheid die belangrikste is), die "expressive" (taalteken - sprekende subjek belangrik) en die "appellative" (taalteken - ontvanger) funksies. (Sien "Die Axiomatik der Sprachwissenschaft" in *Kant-Studien* 38:19-20.) Die Praag...-strukturalis Jan Mukařovský (1971:44-45) het met die aanduiding van 'n vierde funksie, die "poetische Benennung", die aparte karakter van literêre taaluitinge in vergelyking met mededelende uitinge benoem. Hierdie poëtiese funksie is verder uitgewerk deur Roman Jakobson en kan kortliks saamgevat word in sy bekende woorde:

> The set (*Einstellung*) toward the MESSAGE as such, focus on the message for its own sake, is the POETIC function of literature.
>
> (Jakobson in Sebeok 1966:356)

Literariteit (*literaturnost*) - 'n term van Jakobson - ontstaan in die formalistiese opvatting dan deur ordening en omvorming van neutrale "materiaal" sodat die praktiese kommunikatiewe funksie in letterkunde nie 'n hoë prioriteit het nie.[5] Dit sluit aan by Šklovskij se beklemtoning van vervreemding in poëtiese taal. Vervreemdingstegnieke funksioneer op die vlak van die *signifiant*. De Saussure se onderskeiding tussen die sintagmatiese en paradigmatiese relasies tussen taaltekens (sien Scholes 1974:18-19) beskryf die twee basiese maniere waarop organisasie in die taal geskied: deur middel van kombinasie en seleksie. Volgens Roman Jakobson (in Sebeok 1966:358) is 'n deurkruising van hierdie twee aspekte 'n onderskeidende kenmerk van poëtiese taalgebruik:

> The selection is produced on the base of the equivalence, similarity and dissimilarity, synonimity and antonymity, while the combination, the build up of the sequence, is based on contiguity. *The poetic function projects the principle of equivalence from the axis of selection into the axis of combination.*

Die herhaling van grammatikale konstruksies, byvoorbeeld wanneer ooreenkomste en opposisies in metrum, klank, sintaksis en semantiek voorkom, is vir Jakobson die belangrikste "poëtiese" metodes. Culler (1972) beskryf poëtiese taal daarom in navolging van Jakobson as "highly patterned language".

Dit sluit aan by Mukařovský se siening van poëtiese taalgebruik as maksimale vooropstelling. In 1934 omskryf hy sy konsep van kuns as "semiologiese feit" waarvolgens kuns terselfdertyd teken, struktuur en waarde sou wees (sien Fokkema & Kunne-Ibsch 1979:31). Ook hy meen dat poëtiese taal gekenmerk word deur die sistematiese manier waarop die wyse van uitdrukking op die voorgrond gestel word. Hierdie vooropstelling of "foregrounding" kan o.m. deur ekwivalensie bereik word, maar Mukařovský beklemtoon verder die gebruikmaking van afwykende of ongrammatikale konstruksies. Die aandag vir die taalteken self gaan volgens Mukařovský gepaard met 'n verskerpte aandag ook vir wát meegedeel word. Ten spyte van die "estetiese" self-oriëntasie van poëtiese taal rig dit dus op 'n besondere manier die aandag van lesers op die relasie taal-werklikheid.

Fokkema en Kunne Ibsch (1979:31) gee Mukařovský se omskrywing van kuns so weer:

> If it is considered as a sign, two aspects can be distinguished: that of the external symbol or *signifiant* representing a meaning; and that of the meaning represented or *signifié* (Saussure 1915). The work of art cannot be reduced to its signifying or 'material' aspect since the material work of art, or artefact, is a sign that acquires significance only through the act of perception. The object of aesthetics is not the artefact (*signifiant*), but the 'asthetic object' (*signifié*), the expression and correlate of the artefact in the consciousness of the perceiver.

Soos wat die kulturele en sosiale agtergrond verander waarteen die artefak ontvang word, so sal die interpretasie en waardering (wat volgens hale een en dieselfde is; sien Fokkema en Kunne-Ibsch 1979:5) verander.

> Het artefact is constant (... en) wordt door de lezer waargenomen en geïnterpreteerd vanuit eigen individuele kennis en ervaring en tegen de achtergrond van de literaire conventies van het werk en die conventies die de lezer kent. De lezer *concretiseert* op die manier het artefact tot een esthetisch object. Er is geen juiste of ideale concretisatie mogelijk onder meer omdat ervaring en literaire conventies, sociale en historische omstandigheden van schrijver en lezer sterk kunnen verschillen.
>
> (Van Luxemburg *et al* 1981:52)

Die waarneming dat die "materiaal" in 'n kunswerk op 'n besondere manier aangebied word, is slegs moontlik wanneer dit vergelyk word met 'n norm.

> Die norm is òf de materiaalbehandeling bij niet-literaire teksten (...), òf de materiaalbehandeling in andere, bijvoorbeeld voorafgaande, literaire teksten.

> Waarneming van specifiek taalgebruik (...) is echter ook afhankelijk van de taalkennis en literaire ervaring van de lezer.
>
> (Van Luxemburg *et al* 1981:26)

In Eybers se geval is daar bowendien twee taalnorme: Afrikaans en Nederlands. Soos bekend, ervaar lesers uit albei hierdie normgroepe Eybers se poësie as waardevol. Omdat meervoudige interpretasies wat onder veranderende omstandighede aan 'n artefak toegeken kan word, as 'n bate van die kunswerk beskou word, is dit duidelik dat Eybers volgens hierdie teoretiese sisteem 'n meerwaarde het.[6]

13.2.2 POËTIESE TAALGEBRUIK IN DIE ALGEMEEN EN IN EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS

Op grond van formalistiese teorieë word i) die metafoor, ii) die verhouding tussen sintaksis, versreël en strofe, iii) klank, en iv) ritme en metrum as hoofaspekte van poëtiese taalgebruik geïdentifiseer in Gräbe se studie *Aspekte van poëtiese taalgebruik* (1979; dit is die belangrikste ondersoek op hierdie terrein in die Suid-Afrikaanse literatuurkritiek). Sy het 'n teoretiese apparaat vir die interpretasie van poësie verkry deur verskillende uitgangspunte oor hierdie aspekte te kombineer.

Die teorieë werk meestal met die veronderstelling dat 'n vooropgestelde ("foregrounded") element 'n interpretatiewe leidraad verskaf en die uitgangspunt is dat daar 'n funksionele verhouding sal wees tussen vooropstelling en interpretasie. Die funksie van opvallende metaforiese konstruksies, sintaktiese patrone, klankverbindings of metries-ritmiese eenhede in poëtiese tekste kan dus vasgestel word.[7]

Die vier hoofaspekte wat Gräbe bespreek, is uiteraard in die algemeen met betrekking tot Eybers se gedigte van belang, maar nie noodwendig ewe belangrik wat betref die spesifieke probleemstelling waarmee hier gewerk word nie. Omdat my hipotese is dat daar in Eybers se bundels sekere vooropgestelde elemente is wat deur haar twee stelle lesers op *verskillende* maniere waargeneem sal word, wil ek dié aspekte van poëtiese taalgebruik wat vir geskoolde Afrikaanse en Nederlandse poësielesers ongeveer *ewe* toeganklik behoort te wees (sintaksis, versreël en strofe; klank; ritme en metrum) slegs kortliks bespreek. Ek gee ook aandag aan afwykings van 'n sintaktiese norm.

13.2.2.1 SINTAKSIS, VERSREËL EN STROFE

Omdat die sintaktiese patrone van Afrikaans en Nederlands byna identies is, sal 'n opvallende "verhouding tussen sintaktiese snit en tipografiese eenheid" (Gräbe 1979:252) potensieel deur sowel Afrikaanse as Nederlandse lesers waargeneem en geïnterpreteer kan word. Vergelyk in "Stemming" (VG-469):

> Weer herfs - hoeveel nog? - en ek trek my
> terug in 'n tweekamerspeelruim:
> ingeslote en vry.
> Weelde van heimwee, daar buite
> afwerende beelde, die ruite
> beslaan met 'n wolkestolsel,
> sintvitusgebare van bome
> wat oggend vir oggend verslonsder
> ontsnap uit die woekerende nag.
>
> Geruisloos sypel die sand ...
>
> Verlede: seisoen van versuim
>
> Hede: dag van bestand
>
> Toekoms: die dag ná vandag.

Die manier waarop langer ("seisoen") en korter ("dag van bestand", "dag ná vandag") tydseenhede in tipografies-identiese eenhede georden word, is vir Nederlandse en Afrikaanse lesers op dieselfde manier opvallend.

13.2.2.2 KLANK

Klankaksente is so 'n duidelike strukturele ("interne") element in gedigte dat Nederlandse en Afrikaanse lesers se interpretasies daarvan nie veel behoort te verskil nie. Albei groepe sal byvoorbeeld die bewuste eksploitasie van die klankmatige met betrekking tot klankherhalingspatrone kan herken in "Tersiene" (VG-180). Cloete (1973:46) haal in 'n uiteensetting van die funksionele verbintenis tussen klank en ritme as voorbeeld juis hierdie ("Suid-Afrikaanse") Eybers-gedig aan. Die laaste agt reëls lui:

> Geen lettergrepe wat om voorrang stoei
> in weersydse verset en kompromie
>
> het ooit in gouer, gladder stroom gevloei
> as *roulymolie*, klinkerryk; geen knal
> was nog so klaar as *krieketkolf*. Hoe sal

> my vers ooit weer volwasse word? Daar golf
> geen skoner jambes in my moedertaal
> as *roulynolie vir my krieketkolf.*

Die kombinasie van vokale, nasale en laterale in "roulynolie" en stemlose eksplosiewe in die afbakening van sillabes in "krieketkolf" is iets wat alle Eybers- lesers behoort te kan waarneem (sien Gräbe 1979:348). Ook vertikale verbindinge tussen woorde in die eindrymposisie kan deur alle lesers opgetel word, alhoewel semantiese inkongruensie wat soms vir komiese effekte binne so 'n fonetiese kongruensie aangewend word, miskien deur een stel lesers misgelees kan word.[8]

Klank en rym het duidelik alles met mekaar te make. Hier volg drie voorbeelde van die wyse waarop Nederlandse en Afrikaanse lesers klank-formasies verskillend kan ervaar. Die gegewe dat die *i* in Nederlands met 'n hoër tongstand as in Afrikaans uitgespreek word, is in die voorbeelde relevant.

- Wanneer in "Heini-facialis spasme" (VG-579) "onuitsonderlik", "skik" en "beskik" in rymposisies voorkom, sal elk van die twee stelle lesers volgens hulle eie onderskeie klankpatrone lees en twee verskillende, maar elkeen afsonderlik "bevredigende" klankpatroon tot stand bring.

- Vir Nederlandse lesers is daar egter 'n meer bevredigende klankooreenkoms in die rymwoorde van "Opstanding" (VG-505) se slotreëls as vir Afrikaanse lesers. Vergelyk:

> uit die onuitputlike omstreke van die Styx:
> 'n voorproef van heropneming in Alles en Niks.

- In "Vademekum" (VG-598) met sy ABCBA-rymskema in die eerste 5 reëls, is die slotreëls:

> Rym is bedenklik. En - nog 'n dringende wenk -
> veronagsaam veral wat andere daarvan dink.

Eybers maak hier uiters geraffineerd gebruik van die feit dat Nederlands in 'n aantal woorde voor die velêre nasaal 'n [ɛ]-klank het waar Afrikaans die neutrale vokaal [ə] het, bv. *brengen, denken, wenken* teenoor *bring, dink, wink.* Dié voorbeelde word - toevallig - gebruik deur Pheiffer in Botha 1989:74. Dit is moontlik dat Nederlandse lesers die Afrikaanse woord "dink" in die Eybers-gedig klankmatig sal "aanpas" tot "denk(en)" en dan hulle eie (bedagte en dus bedenklike!) rymende slotkoeplet tot stand bring. Die selfstandige naamwoord "wenk" is in Afrikaans en Nederlands dieselfde en dus vir Afrikaanse lesers nie

> 'r m aie, maar dit is moontlik dat Afrikaanse lesers die werkwoord "wink" t , bewus sal laat meespeel om vir "dink" 'n rym-maa. te vind. Laasgenoemde leesaanpassing beskou ek egter minder waarskynlik as in die geval van Nederlandse lesers wat, wanneer hulle Eybers lees, altyd daarop bedag is om klankaanpassings ten behoewe van hulle begrip van woorde te maak. Hoe speels en vindingryk Eybers haar posisie tussen twee taalgebiede ook klankmatig uitbuit, word hier gedemonstreer.

Hierdie voorbeelde toon aan dat dit onmoontlik is om kategoriese stellings te maak in verband met die effek van klank op lesers uit twee taalgebiede. 'n Breedvoerige ondersoek daarna is in ieder geval 'n onbegonne taak.

13.2.2.3 RITME EN METRUM

'n Ander aspek van poëtiese taalgebruik, ritme en metrum, is 'n vooropstelling wat die twee stelle Eybers-lesers ook nie altyd heeltemal eenders sal interpreteer nie. Die grade van klemlegging en bepalings van metriese iktus asook gepaardgaande verskillende groeperings van swakker en sterker beklemtoonde sillabes in metriese patrone (sien Gräbe 1979:488-514) is dikwels verskillend by Nederlandse en Afrikaanse lesers, maar die verskille sal nie noemenswaardig wees nie. Dat dit moontlik is om verstrik te raak in uiters arbitrêre en subjektiewe kriteria, selfs wanneer lesers tot dieselfde taalgroep behoort, word aangetoon in die kritiek wat Gräbe (1979:491-493) het op Coetzee (1972:89-90) se skandering van Eybers se gedig "Die moeder" (VG-46).

Op die terrein van ritme en metrum wil ek my dus liewer nie waag nie en volstaan met die hipotese dat verskillende ervarings van die ritme en metrum in Eybers-gedigte moontlik is en dat dit nie slegs bepaal word deur die taalgroep waartoe 'n leser behoort nie. Aangesien Nederlandse lesers - weens die algemene taalverskil - Eybers-tekste meer nadruklik lees as Afrikaanse lesers, sal hulle moontlik wel sillabes beklemtoon wat deur Afrikaanse lesers as onbeklemtoon gelees sal word.

Verskille tussen Afrikaans en Nederlands is met betrekking tot bogenoemde drie aspekte van poëtiese taalgebruik betreklik gering. Albei stelle lesers beskik potensieel in ongeveer gelyke mate oor "tegniese" literêre vaardighede. Sommige sintaktiese verskille tussen die twee tale en veral die metafoor is in Eybers-gedigte meer problematies.[9]

13.2.2.4 PROBLEME OP DIE GEBIED VAN AFWYKENDE SINTAKSIS

Afrikaanse en Nederlandse lesers het ongeveer dieselfde sintaktiese norm. Vergelyk: "Die sintaktiese struktuur van Afrikaans stem grotendeels ooreen met dié van hedendaagse Nederlands (...) Talryke gewone enkelvoudige en saamgestelde sinspatrone in Afrikaans wyk in geen opsig van die Nederlandse af nie" (Scholtz 1980:90). Op die gebied van sintaksis behoort 'n *interne afwyking*, byvoorbeeld wanneer 'n saamgestelde sin voorkom in 'n gedig met hoofsaaklik enkelvoudige sinne, potensieel deur alle Eybers-lesers raakgesien te kan word. Levin stel dit so: "In fact, any of the devices of sentence construction can be used so as to develop a pattern of expectations which the appearance of a counter instance will disrupt" (1965:231).[10]

Weens die taalverskille tussen Afrikaanse en Nederlandse lesers is *afwykings van 'n gedig-eksterne norm*, 'n standaardteal (sien Levin 1965:225), egter moeiliker om te bepaal. Levin stel voor dat dit in byvoorbeeld Engelse poësie met behulp van 'n transformasioneel-generatiewe grammatika bepaal kan word omdat die TGG veronderstel is om slegs die grammatikale sinne van 'n taal te genereer (sien Levin 1965:233). Ontoelaatbare woordorde of wanneer individuele woorde inkongruent gekombineer word, is voorbeelde van ongrammatikaliteite. Messing (1968:59) wys daarop dat Chomsky probeer het om twee hooftipes onaanvaarbare sinne te onderskei: "one that violates a grammatical pattern (...) and one that breaks selectional rules" (aangehaal deur Gräbe 1979:189).

Poëtiese taalgebruik hoef egter nie noodwendig grammatikale reëls te verbreek binne 'n TG-raamwerk om, gesien teen die agtergrond van standaard taalgebruik, "anders" voor te kom nie. Die "andersheid" kan ook defleksies wees, "that which can only be accounted for in terms of departure from some norm of usage" (Widdowson 1972:297 se term; aangehaal deur Gräbe 1979:189). Veral defleksies kom dikwels in Eybers se werk voor, maar dit is nie noodwendig vir albei haar twee stelle lesers ewe maklik om te beoordeel nie.

Afwykings (in enige taal) kom voor wanneer woorde in 'n sin anders gerangskik, weggelaat of bygevoeg word. Dit kan omskryf word as verskuiwing, fragmentasie en uitbreiding (oftewel "dislocation", "fragmentation" en "elaboration" volgens Baker [1967:17]; aangehaal deur Gräbe 1979:191). "Die benaming ongrammatikaliteit moet dus nie gesien word as 'n evaluatiewe term waarde[e]r poëtiese taalgebruik, gemeet aan die eksterne norm van die grammatikaliteit van standaard taalgebruik, ongunstig sou vertoon nie" (Gräbe 1979:217). Dit kan so saamgevat word:

> Vooropstelling deur middel van doelbewuste verbreking van grammatikale reëls vir sintaktiese welgevormdheid resulteer in semantiese meerduidigheid. Hierdie verbreding van die betekenisvlak berus op 'n gelyktydige bewus wees van sowel die geïmpliseerde grammatikale norm as die afwyking daarvan. Die eerste maak kennis van die grammatikale struktuur van standaard taalgebruik 'n noodsaaklikheid (...) Die tweede vereis 'n sensitiwiteit vir die besondere wyse waarop vooropstelling in poëtiese taalgebruik funksioneer binne 'n groter geheel van ten minste die gedigkonteks. Verbreking van grammatikale reëls, oftewel vooropstelling deur middel van afwyking, moet dus sowel teen die eksterne norm van die reëls van die grammatika as teen die interne norm van die gedigstruktuur bekyk word. 'n Adekwate analise van poëtiese taalgebruik vereis sowel die gesofistikeerde kennis van die linguis as die ontwikkelde vaardigheid van die literatuurwetenskaplike.
>
> (Gräbe 1979:219)

Aangesien daar in die spesifieke geval van Eybers se "Nederlandse" bundels twee geïmpliseerde norme is, sal 'n "adekwate" realisering van die gedig 'n kennis van Afrikaans én (in mindere mate) Nederlands se grammatikale reëls benodig.

Oor die algemeen is Eybers se sinne grammatikaal welgevorm sodat sintaktiese vooropstelling in haar "Nederlandse" bundels van 'n ander orde is as by byvoorbeeld Cummings, en dit hang van 'n bepaalde lesersgroep af of 'n sin as sintaktiese vooropgestel ervaar sal word of nie. Vir Suid-Afrikaanse lesers is dié sinne byvoorbeeld sintaktiese vooropgestel waarin die dubbele ontkenning weggelaat word (sien 11.6.1), waarin die voorsetsels *vir* en *om* in bepaalde konstruksies weggelaat word (sien 11.6.2 en 11.6.5), en waarin die skakelwoord *dan* in plaas van *as* in vergelykende konstruksies gebruik word (sien 11.6.4). Sinne waarin verdubbeling voorkom (bv. "voel-voel"; sien 11.6.3), waarin *vir* (11.6.2) en *om* (11.6.5) in bepaalde konstruksies wel gebruik word, en waarin die dubbele ontkenning by wyse van uitsondering voorkom (sien 11.6.1), sal weer vir Nederlandse lesers vooropgestel of ongrammatikaal wees.

By Eybers tref 'n mens dus nie die "intentional distortion of the linguistic components of the work, in other words, the intentional violation of the norm of the standard" (sien Garvin 1964:18) aan in dié mate waarin dit byvoorbeeld by Cummings of in sommige Blum-gedigte voorkom nie. Die sintaktiese-vooropgestelde sinne in Eybers se "Nederlandse" bundels is as sodanig waarneembaar spesifiek binne die konteks van die feit dat haar Afrikaans deur Nederlands beïnvloed is, en dat sy twee lesersgroepe het wat vanuit twee verskillende perspektiewe vooropstelling in verskillende sinsomstandighede sal ervaar.

13.2.2.5 PROBLEME VERBONDE AAN METAFORIESE TAALGEBRUIK

Die belangrikste aspek van poëtiese taalgebruik waarmee probleme in die "Nederlandse" bundels kan ontstaan, is die werking van die metafoor. In teenstelling tot duidelike (maar ook in die geval van Eybers soms moeilik-vasstelbare) "eksterne" grammatikale afwykings op die gebied van sintaksis, berus die vooropstelling by metaforiese uitdrukkings op 'n maksimale semantiese en 'n minimale grammatikale afwyking. Die taalkennis wat in die "vertaling" van metafore veronderstel word, is dus nog meer genuanseerd.[11]

Leksikale en referensiële verskille tussen Afrikaanse en Nederlandse lesers kan daartoe lei dat 'n metafoor nie as sodanig herken word nie, dat dit nie voldoende geïdentifiseer word sodat dit tot 'n interpretasie van die metaforiese proses kan lei nie. Onbegrip kan dus, per geval, by één van die lesersgroepe ontstaan weens die gebrekkige kennis wat Suid-Afrikaanse lesers het van die Nederlandse taal en omstandighede, en Nederlanders se onvoldoende kennis van Suid-Afrika en Afrikaans. 'n Voorbeeld van "ongeïdentifiseerde" beeldende taalgebruik waarop reeds gewys is (in 9.2.4), is Nederlandse lesers se onvermoë om die slotreëls in "Huis te koop" (VG-341: "jy hys nooit jou neus meer bo jou boek/ en kyk nie op van grondbeginsels soek") metafories te lees. Omdat hulle geen kennis van die Afrikaanse taalnorm het nie, is dit vir hulle ook moeilik om "garingbuik" (VG-227) as 'n oorspronklike metaforiese beskrywing van 'n spinnekop te identifiseer. (Sien Otten & Lieske 1990:26: *U schetst Calvijn met een ontzettend mooi Zuidafrikaans woord af als een spin.* [Eybers:] Garingbuik. Dat is geen Zuidafrikaans, dat is een zelfbedacht woord.)

'n Kort teoretiese uiteensetting van die terminologie wat in verband met die metafoor gehanteer word, is nodig om die probleemgebiede in verband met Eybers se metafore te omskryf. Black (1962) gebruik byvoorbeeld die terme "focus" en "frame" - wat deur Gräbe vertaal word as "fokus" en "raam". In die voorbeeldsin "The chairman plowed through the discussion" is "plowed" oftewel "ploughed" die "fokus" terwyl die res van die sin die "raam" vorm. Dit is belangrik om daarop te let dat herkenning van die fokus se figuurlike funksie afhanklik is van die besondere sintaktiese omgewing waarbinne dit voorkom (Gräbe 1979:3). In 'n ander raamwerk, byvoorbeeld "The plowman plowed through the plowland", fungeer die "plowed" nie as fokus nie, maar moet dit heel letterlik opgeneem word. In die voorbeeldsin "Man is a wolf", is "wolf" die fokusonderwerp en die leser se siening van die hoofonderwerp "man" word bepaal deur wat hy weet van "wolf" in sy letterlike funksie(s). "Black praat in dié verband van 'n 'system of associated commonplaces' (p.40) wat geredelik te voorskyn geroep word en wat dan soos 'n 'filter' fungeer waardeur *man* in 'n nuwe lig beskou word (...) Die herkenning en figuurlike

funksie van 'n fokus is dus afhanklik van 'n kontrasterende raamwerk; terselfdertyd stel die fokusonderwerp die hoofonderwerp uit die letterlike raamwerk egter in 'n nuwe lig" (Gräbe 1979:4). Fokus en raamwerk vorm sáám die metafoor.

In Weinrich (1967) se terminologie is daar 'n spanning tussen 'n woord en sy kontradeterminerende konteks wat vergelykbaar is met Black se "interplay". Dit sorg vir die verrassingseffek. "Vir Black beïnvloed die fokus die raamwerk; vir Weinrich is die volle betekenis van die fokus afhanklik van die signifikans wat die kontradeterminerende raamwerk daaraan toeken" (Gräbe 1979:7).

'n Bekende karakterisering van die metafoor is dié van Richards (1936:93). Ook vir hom is die betekenis van 'n woord afhanklik van die sintaktiese konteks waarbinne dit voorkom. Sy veronderstelling is dat die betekenis van 'n uitdrukking afhanklik is van 'n wisselwerking tussen sy komponente:

> In the simplest formulation, when we use a metaphor we have two thoughts of different things active together and supported by a single word, or phrase, whose meaning is a resultant of their interaction.

In aanvulling hierby stel Miller (1971:128-134) ondersoek in na moontlike verhoudings tussen tenor en vehicle op grond waarvan hy 'n aantal tipes metaforiese uitdrukkings onderskei. Voorbeelde soos "Man is a wolf" en "The poor are the negroes of Europe" noem hy basiese ("surface") metafore omdat sowel die tenor as die vehicle gegee word. Wanneer die tenor nie gegee word nie, in byvoorbeeld "The chairman plowed through the discussion", noem hy dit 'n "submerged metaphor", oftewel verskuilde metafoor. Gräbe (1979:9) wys daarop dat Miller hier 'n interessante karakterisering gee van geleksikaliseerde of sogenaamde "dooie" metafore, waar die taalgebruiker nie meer daarvan bewus is dat 'n uitdrukking metafories gebruik word nie. Dit geld vir byvoorbeeld "The arm of a chair" waar "arm" die vehicle is. Die tenor is nie weggesteek soos by verskuilde metafore nie, maar slegs vergeet. In normale taalgebruik sou so 'n uitdrukking nie meer deur die moedertaalspreker in terme van die tenor/vehicle-tipering as metafories ervaar word nie, omdat daar geen teenpool vir die vehicle is nie en daar gevolglik geen sprake kan wees van interaksie tussen tenor en vehicle nie (Gräbe 1979:10). Gräbe (1979:684) wys daarop dat afhangende van die konteks waarin so 'n uitdrukking voorkom, dit wel weer figuurlik ervaar kan word - byvoorbeeld as die spreker/skrywer/digter daarin sou kon slaag om die taalgebruiker op die een of ander manier weer bewus te maak van die "vergete" tenor, sodat daar weer wisselwerking tussen tenor en vehicle kan wees.

Lesergerigte verklarings vir Eybers se posisie

Alhoewel baie "dooie" metafore gemeenskaplik is tussen Nederlands en Afrikaans, is dit ook moontlik dat 'n "dooie" metafoor in Afrikaans vir 'n Nederlander verrassingswaarde het, en omgekeerd. Dit geld vir alle beeldg... ...vergelyk Eybers se vergelyking "sluit soos 'n bus" wat deur H.C.T. Müller as 'n "vergesogte woordspeling" beskryf is omdat hy nie die "dooie" Nederlandse vergelyking of die woord bus in sy betekenis van "cilindervormige blikken trommel" ken nie).

Veral die transformasioneel-generatiewe grammatici ondersoek poëtiese en ander vorme van literêre taalgebruik as 'n skeppende, afwykende vorm van standaard taalgebruik. Alhoewel ek hier nie die ruimte het om intensief in te gaan op die grammatikale reëls van Afrikaans en Nederlands en Eybers se taalgebruik konsekwent aan elkeen te toets nie, kan dit uiteraard uiters insiggewende resultate oplewer oor Eybers se onortodokse of afwykende taalgebruik. Ek wil slegs kortliks op hierdie aspek ingaan deur te verwys na Gräbe se omskrywing van die metafoor as reëloorskryding binne die transformasionele generatiewe grammatika ((1979:42). Sy wys daarop dat die onderskeid wat Chomsky (1965:148-153) met sy *Aspects*-model tref tussen grammatikale en ongrammatikale sinne dikwels ooreenstem met '...skeiding tussen standaard of normale taalgebruik aan die een kant en poëtiese en/of literêre taalgebruik aan die ander kant.

Levin (196...:258) kan daarom beweer: "If the sentence is poetic, it will frequently turn out that the grammar will judge it to be grammatically det...ned somehow, in the sense that it is not generable by the grammar." Gräbe konkludeer dus dat metaforiese uitdrukkings die een of ander reël van grammatikale welgevormdheid van sinne oortree. Kategoriale kenmerke, streng subkategorisasiekenmerke en seleksiekenmerke behoort tot die leksikale inskrywing van 'n leksikale item en oortredinge van hierdie reëls het volgens Chomsky dan ongrammatikale, soms selfs poëtiese sinne tot gevolg (sien Gräbe 1979:44-45). Chomsky se beroemde voorbeeldsin "Colorless green ideas sleep furiously" oorskry seleksiekenmerke en is betekenisloos, maar tog nog sintakties grammatikaal, terwyl "Sleep colorless ideas furiously green" (sien Hörmann 1971:311) betekenisloos én ongrammatikaal is.

> Die eerste sin het nog genoeg strukturele 'welgevormdheid' om die moontlikheid van interpretasie na analogie van welgevormde sinne, wat nie seleksiereëls oorskry nie, in die vooruitsig te stel (...) 'n Metaforiese uitdrukking kan (...) geplaas word binne die kategorie van semi-grammatikale sinne, sodat dit afgegrens is van aan die een kant ongrammatikale en aan die ander kant ten volle grammatikale sinne.
>
> (Gräbe 1979:46)

Metaforiese uitdrukkings kan dus in die sintaktiese raamwerk van die *Aspects*-model gekarakteriseer word as semi-grammatikale sinne wat die resultaat is van 'n verontagsaming van seleksiereëls.[12]

Oor die algemeen wissel teoretici se opvattings oor die interpretasie van die metafoor tussen twee uiterstes: "substitusieteorieë waar beweer word dat die metafories gebruikte woord sonder verlies aan betekenis heel gemaklik vervang sou kon word met 'n letterlike woord; interaksieteorieë waar uitgegaan word van die hipotese dat die metafories gebruikte leksikale item in wisselwerking tree met 'n ander leksikale item of items, en dat die resultaat van so 'n interaksie nuwe betekenisse tot stand bring wat op geen ander manier as in die metaforiese uitdrukking gestel kan word nie. Tussen dié twee pole lê die sogenaamde vergelykingsopvattinge, waar hierdie tipe metaforiese uitdrukkings deur sommige teoretici beskou word as 'n besondere tipe substitusie, en waar ander weer konstateer dat ook hierdie metaforiese uitdrukkings berus op die onderliggende prosedure van interaksie tussen die letterlike en figuurlike pole daarvan" (Gräbe 1979:138).

In sowel substitusie- as interaksieopvattings word vasgestel dat *letterlike verwysings* 'n belangrike rol speel binne metaforiese uitdrukkings. 'n Erkenning van die letterlike betekenis van 'n metafories gebruikte leksikale item is daarom noodsaaklik vir sowel die inkongruente as die analoë aspekte van figuurlike taalgebruik. Dit is duidelik dat die letterlike betekenis gesnap moet kan word deur 'n ontvanger/leser om die metaforiese proses in werking te kan stel. Gräbe se finale opsomming oor metaforiese of figuurlike taalgebruik is daarom dat dit opvallend is "omdat die metaforiese uitdrukking teen die verwagtingspatroon van letterlike taalgebruik gerig is; dit is ongewoon teenoor letterlike taalgebruik wat verteenwoordigend is van die gewone, normale of standaard vorm van taal". Sy wys daarop dat 'n afgrensing van aan die een kant die gewone, die normale of standaard vorm en aan die ander kant die ongewone of 'afwykende' aanwending van taal steun op die onderskeid wat o.a. die Russiese Formaliste (veral Tynjanov en Jakobson) en, in navolging van hulle, die Praagse Strukturaliste tref tussen respektiewelik "automatization" en "foregrounding" (Gräbe 1979:183).

Dat metaforiese taalgebruik as 'n kenmerkende eienskap van Eybers se poësie beskou word, is onder meer duidelik uit twee artikels in *Ter wille van die edel spel* (Nienaber-Luitingh 1975). In sy uitstekende bespreking van "Die verletterliking van die woordbetekenis in die digkuns van Elisabeth Eybers" wys P.D. van der Walt daarop dat sy "die taal (en werklikheid)" verken en dat sy "die gewone woord, of uitdrukking, i.s.v. sy afgespletenheid, wel poëties diensbaar kan maak" deur 'n verrassend konkrete vorm van beelding. Hy benadruk die samehang van poëtiese taalaspekte: "Die brandskatting

van die taal blyk miskien die treffendste uit die ontyking van frases soos 'na die pype dans' in 'Ontslag' (VG-263) en die verletterliking van metafories gebruiklike en verbleekte betekenisse" (in Nienaber-Luitingh 1975:135).

Alhoewel Van der Walt sterk konsentreer op Eybers as "digteres èn balling" (135) maak hy nêrens melding van haar twee leserspublieke nie. Hy sou hier byvoorbeeld daarop kon wys dat "naar iemands pijpen dansen", asook 'n uitdrukking soos "op stelten zetten" (in sy Afrikaanse vorm in "Einde van die seisoen, VG-346) vir Afrikaanssprekendes maar óók vir Nederlanders "dooie" metafore is wat in die spesifieke gedigte "ontyk" word, dat Eybers mede-danksy die groot gemeenskaplike taalbasis dus selfs op die gebied van die metafoor dikwels op ongeveer dieselfde manier deur sowel Nederlandse as Suid-Afrikaanse lesers gevolg kan word. (Sien voorbeelde in 11.5.1 van gemeenskaplike geykte metafore wat vaste uitdrukkings in albei tale is.)

In "Die metafoor in die poësie van Elisabeth Eybers - met verwysing na *Balans* en *Kruis of munt*" noem J.R. Verster (in Nienaber-Luitingh 1975:163-177) talle voorbeelde van vehicles en tenors sonder om die probleme in ag te neem wat mag ontstaan indien Eybers-lesers nie alma tandaard-Afrikaans goed ken nie. Dit is byvoorbeeld moontlik dat vir net een van Eybers se stelle lesers albei bestanddele van die metafoor voorstelbaar is. Alhoewel Verster met twee sentrale bundels uit Eybers se "Nederlandse" periode werk wanneer hy die uiters relevante probleme verbonde aan die kombineer van ongelyksoortige begrippe of nosies (Nienaber-Luitingh 1975:164) bestudeer, vermeld hy nêrens dat daar begripsprobleme mag wees weens ontvangers se verskillende taalnorme en referensiële agtergronde nie.

Verster herhaal die bekende uitspraak dat "die digterlike metafoor dien om die alledaagse 'vreemd te maak' deur dit in 'n nuwe perspektief te plaas" (in Nienaber-Luitingh 1975:165), maar net soos by Van der Walt, is daar geen bewussyn van wát vir wié alledaags is en in watter mate dit "vreemd gemaak" word in 'n Eybers-gedig nie. Om effektief te kan wees, moet sowel die tenor as vehicle vir lesers voorstelbaar wees. Voorbeelde wat Verster noem, kan getoets word aan hulle toeganklikheid vir albei stelle lesers.

Uit "Sonneblom" (VG-212) kom die reëls:

> Aandskemering, die smoorgewas,
> het elke tinger plant verteer,
> die laaste tussentint geblus

Sowel die tenor "aandskemering" as die vehicle "smoorgewas" voldoen volgens Verster aan die eienskappe wat eie is aan die uitgebreide metafoor: "Die twee dele is elk suggestieryk in eie reg, onafhanklik van mekaar" (in Nienaber-Luitingh 1975:167). Met betrekking tot die resepsie van Eybers is hierdie stelling egter afhanklik van die vraag of albei hierdie woorde ook vir Eybers se Nederlandse lesersgroep verstaanbaar is. Hier is dit wel so. Die komponent "smoor" beteken byvoorbeeld in albei tale "benouend, verstikkend, onderdrukkend". As albei woorde nié verstaanbaar was nie, sou die metafoor nie kon "werk" volgens die "normale" reëls van metafoor-interpretasie nie en sou 'n ander "ongrammatikale" drempel eers oorkom moes word.

Verster wys daarop dat in "Brieweskaal" (VG-248) die korrespondensie tussen tenor en vehicle "konkreet-konkreet" is:

> uit nougesette *gladde nessies* haal
> ek *meulsteentjies* van glimmende metaal
> (...) brons embleme van gerig.
>
> Klein sprong bo sprong, hiërargies saamgepas,
> hef ek 'n sulwer *piramied-terras*
> in die teer bedelholte van my hand
> - die nestel-nis van impuls bo verstand -
> en lê dit terug in die *kiaathoutwieg*:
>
> (Verster se kursivering)

Twee van die "konkrete" woorde is egter vir Nederlandse lesers besonder problematies: die verkleinwoord "meulsteentjies" (wat hulle sal moet vertaal na "molensteentjes") en "kiaathoutwieg". In Nederlands is slegs die leenwoorde "teakhout" en "djatihout" bekend.

Verster wys verder op twee voorbeelde van sogenaamde eenvoudige, direkte metafore in "Augustus" (VG-265) wat ook problematies kan wees.

> Die wind roer ingedagte 'n vinger deur
> verdorde blaarskuim om die komposgat:
> bruin loog wat in 'n seeppot stadigaan
> die kant uitklim, in vlokke losgeskeur
> oor *klapperhaargras* bolmakiesie slaan.
>
> Uit sy swart muurspleet krul die akkeldis,
> sy *seemsleerkeel* tik vinniger as tyd, ...
>
> (Verster se kursivering)

Die titel "Augustus" bring Nederlandse lesers reeds op 'n verkeerde spoor en verplaas hulle aanvanklik in 'n somerse denkwêreld - t.s.v. die enkele spesifikasie "winterlig". 'n "Klapper" (kokosneut of -palm) kan as bekend veronderstel word by albei stelle lesers, maar die sintuiglike waarneming van die metafoor wat afspeel in die opties/taktiele sfeer,

moet vir Nederlanders uiters moeilik wees om te volg. Dat dor tuingras aan die einde van 'n hoëveldse winter vergelykbaar is met "sterk vesels van die bas van die kokosneut, gebruik om kussings en matrasse mee te stop, matte te vleg ens." (HAT), moet vir Nederlanders visueel moeilik voorstelbaar wees. Dié metafoor sal vir hulle dus nie maklik "werk" nie.

Weens 'n spellingprobleem in verband met "seemleerkeel" (Ndl. = "zeemle[d]er") sal Nederlandse lesers ook 'n ekstra vervreemdingseffek ondergaan wanneer hulle hierdie vehicle moet paar met die tenor "keel(vel)".

Verster bespreek die paar "hart" (tenor) / "kykkas" (vehicle) in die derde strofe van "Pantograaf" (VG-228):

> Hóé tyd sy roede oor my hou
> bly ek nog wars van wat verward
> *en sinloos strengel*, tuur ek nou
> diep in die kykkas van die hart

In hierdie metafoor het die vehicle vir Nederlandse en Afrikaanse lesers verskillende betekenisse. Volgens Koenen & Endepols beteken "kijkkast" in Nederlands "1 rariteitkabinet (wat elders omskryf word as: "1 Kijkkast met ronde gaatjes waarin vergrootglazen [...]; 2 de kermisman zelf" - EJ); 2 huis, vertrek met oordadig veel ramen; 3 televisietoestel." Volgens Verster beteken dit (in Afrikaans) eerstens 'n kaleidoskoop, maar ook "'n vertoonkas waarin goedere (ornamente) tentoongestel word" en "'n wêreld-kykspel waarin al die dele van die kosmos vertoon word". HAT se enigste, vae, omskrywing is "Kas waarin 'n mens iets vir geld kan sien." Dié omskrywing stem ooreen met die eerste betekenis in Nederlands. Wanneer Verster (as Afrikaanssprekende) se persoonlike begrip van die woord egter ook in ag geneem word, is dit baie duidelik dat Eybers se twee stelle lesers hierdie gedig met uiteenlopende werklikheidsbeelde voor oë sal lees en interpreteer.

Verster gee 'n indrukwekkende opsomming van die soorte metafore wat in die twee ondersoekte bundels voorkom en die sfere waaruit die vehicles kom. Hy wys daarop dat die oorgrote meerderheid van die metafore visueel voorgestel kan word teenoor die kleiner getal wat "taktiel, sensories en ekwilibries ervaar word, en die nog kleiner getal wat akoesties, gustatief en olfaktories ervaar kan word" (in Nienaber-Luitingh 1975:176). Hy meen dat die feit dat Eybers se metafore dikwels indruk maak op meer as een sintuig "nogmaals die besonder sterk beeldende krag en suggestieryke draagwydte van Elisabeth Eybers se poëtiese taalgebruik" beklemtoon en dat dit die estetiese effek van haar verse verhoog. "Dit vorm die wese, die essensie van kommunikasie in haar gedigte" (Nienaber-Luitingh 1975:177).

Hierdie uitsprake behoort met betrekking tot Eybers se "Nederlandse" bundels beslis gekwalifiseer te word deur die spesiale kommunikasie-stoornisse wat kan optree te vermeld. Dit kan naamlik verhinder dat twee gedagtes wat in die metafoor saamgevoeg word en wat veronderstel is om aktief, "inter-illuminerend en koöperatief" op te tree (Verster in Nienaber-Luitingh 1975:163) vir albei stelle lesers ewe suksesvol funksioneer. Metafore, wat per definisie vooropgestelde of ongrammatikale taalgebruik is, is dus in die "Nederlandse" bundels dubbel vooropgestel en die effek daarvan is ekstra vervreemdend. In sommige gevalle sal die trefkrag verlore gaan, maar aanvanklike onbegrip kan ook daartoe lei dat 'n metafoor nóg meer "poëties" is - vir veral Nederlandse lesers, maar soms ook vir Afrikaanse lesers.

13.2.6 OPSOMMEND

Hierdie bespreking van aspekte van poëtiese taalgebruik toon dat Suid-Afrikaanse en Nederlandse lesers voor verskillende taal- en referensiële probleme te staan mag kom in Eybers se werk. Of 'n aspek wel as vooropgestel ervaar word, sal afhang van die mate waarin dit afwyk van die norm of agtergrond van die leser. Soos wat in die bespreking van enkele voorbeelde aangetoon is, kan dit tot gevolg he dat vooropstelling betreffende klank, sintaksis of metafore deur Eybers se twee lesersgroepe verskillend geïnterpreteer word.

13.3 TEORETIESE OPVATTINGS OOR LESERS EN DIE RESEPSIE VAN TEKSTE

In hierdie ondersoek is tot dusver baie veralgemenend uitgegaan van twee stelle Eybers-ontvangers: "Nederlandse" en "Suid-Afrikaanse" lesers. Hierdie onderskeid is 'n ondersoek-spesifieke konstruksie en beperk tot die probleemstelling in verband met Eybers se "Nederlandse" bundels. Dit sluit wel aan by algemene teorieë oor verskillende kategorieë lesers.

Reële of werklike lesers se leeshoudings word in sommige studies deur middel van byvoorbeeld sosiaalwetenskaplike ondervragingsmetodes ("enquêterings-tegnieken") vasgestel, terwyl 'n ideële leser deur ondersoekers gekonstrueer word op basis van reële lesers wat egter dan ontdaan word van hulle gedragsvariasies, onvolkomenhede, gebrekkige literêre kompetensie of ander storende variabele "foute". Hierdie gekonstrueerde leser is 'n instrument in die hande van die ondersoeker om die studie van die lesersrol binne rasioneel omskrewe perke te hou (sien Segers 1980:19-25). Dit sal

duidelik wees dat twee soorte ideële lesers in IV gekonstrueer is: Nederlandse lesers met geen kennis van Suid-Afrika en Afrikaans nie, en (Suid-)Afrikaanse lesers met geen kennis van Nederland en Nederlands nie.

Iser het in *Der implizite Leser* (1972) nog 'n ander leser onderskei. "De impliciete lezer is (...) een teksimmanent gegeven dat een soort signaalkarakter heeft, waarop werkelijke lezers overigens heel verschillend kunnen reageren." In die geval van Eybers se "Nederlandse" bundels sou so 'n leser 'n kombinasie van bogenoemde twee ideële lesers wees en is daar 'n sterk ooreenkoms met wat Michael Riffaterre (1966) die "superreader" noem. Dié superleser is 'n teoretiese konstruksie van alle teksuele tekens wat aandui hoe 'n teks die beste gelees kan word; dus 'n sintese van diverse kommunikasiehoudings ten opsigte van 'n teks. (Sien Segers 1980:23.)

'n Ander hipotetiese leser op teksekseterne vlak is die sogenaamde "ideale leser" wat beskou kan word as die konkretiseerder of verwesenliker ("realisator") van wat die outeur bewus of onbewus in sy kunswerk tot stand gebring het. "De ideale lezer is een lezerstype met een irreële pretentie: de volledig adequate concretisatie van een artefact" (Segers 1980:25). Stanley Fish (1972) het dié leser vervang deur die "geïnformeerde leser". Dit is iemand wat 'n kompetente spreker is van die taal waarin die teks geskryf is, wat in voldoende mate beskik oor allerlei moontlike vorme van aktiewe en passiewe taalgebruik en wat bowendien 'n "literêre kompetensie" besit. Dit sal duidelik wees dat Eybers waarskynlik min werklik "geïnformeerde lesers" met 'n parate kennis van sowel Afrikaans en Suid-Afrika as van Nederlands en Nederland het. In III het egter geblyk dat dit waardering vir haar werk nie verhoed nie; selfs deur duidelik "ongeïnformeerde" lesers. Dit kan onder meer verklaar word deur enkele sleutelbegrippe uit die resepsie-estetika te betrek waarin die lesersrol pertinent aan bod kom. Die formalistiese konstatering dat "vervreemding" kenmerkend van poëtiese taalgebruik is, kan weens die feit dat vervreemdende elemente in eerste instansie as sodanig *waargeneem* moet word, as 'n voorloper hiervan gesien word.

Die grondleggers van die resepsie-estetika is Hans Robert Jauss en Wolfgang Iser (Segers 1980:11). Aspekte van hulle werk wat verhelderend met betrekking tot die lees en waardering van Eybers kan wees, word hieronder bespreek.

13.3.1 RESEPSIE-ESTETIKA

Jauss se term "verwagtingshorison" in *Literaturgeschichte als Provokation* (oorspr. 1970) kan met lesers se ervaring van tekste vergelyk word. Wanneer lesers (alle soorte) 'n nuwe teks begin lees, het hulle 'n verwagtingspatroon wat opgebou is uit drie faktore: i) kennis van die norme van die genre, ii) kennis van implisiete relasies met reeds bekende tekste uit dieselfde literêr-historiese periode as waartoe die nuwe teks behoort, iii) kennis van die teenstelling fiksie-werklikheid, oftewel die teenstelling tussen die poëtiese en praktiese funksies van taal. Hierdie derde faktor impliseer dat lesers 'n nuwe teks sowel in die eng horison van hulle literêre verwagtinge as in die wye horison van hulle lewenservaring kan waarneem.

Alhoewel hierdie standpunt later genuanseer is ('n beswaar teen die 1970-formulering was byvoorbeeld dat Jauss geïmpliseer het dat n volledige deurkruising van die verwagtingspatroon 'n optimale estetiese effek sou oplewer, terwyl dit waarskynlik glad nie so sal wees nie), is dié siening (veral bogenoemde derde faktor) bruikbaar in verband met Eybers-resepsie. Weens die "dubbele herkoms" van talige en referensiële materiaal wat in Eybers-poësie verwerk word, is daar vir albei haar stelle lesers per definisie 'n "ekstra" estetiese distansie tussen verwagtingshorison en teks as wat die geval sou wees indien Eybers byvoorbeeld in Suid-Afrika bly woon het en net deur Suid-Afrikaners gelees is. Die "algemeen-menslike" tematiek van haar werk en die verskillende talige en referensiële aspekte wat wel gemeenskaplik of aan een van die twee stelle lesers bekend is, voorkom dat die distansie te groot word.[13]

Volgens Jauss het 'n teks nie 'n inherente betekenis nie: "It does not speak, as it were, it only answers", som Culler (1981: 54) dié standpunt op. Hierdie siening behels dat Eybers-lesers na gelang van hulle nasionaliteit en moedertaal gelei word tot bepaalde vrae oor haar gedigte. Culler (1981:59) wys tereg daarop dat "the responses of readers are not random but are significantly determined by the constituents of texts, yet on the other hand the interpretive orientation of a response is what gives certain elements significance within a work". Dit sal duidelik wees dat betekenistoekenning 'n variabele faktor is.

Een van die doelstellings van die resepsie-estetika is om vas te stel hoe die interaksie tussen verwagtinge en innoverende tekste lei tot veranderinge in die kanon en estetiese norme. Hierdie interaksie bepaal dikwels die literêre waarde van 'n teks en die konstruksie van 'n verwagtingshorison kan dáárom hier van belang wees.

> Bepalend namelijk voor de literaire of esthetische waarde van een tekst zou de zogenaamde 'esthetische distantie' zijn; dit is de afstand, het verschil tussen de

> struktuur van een tekst en de verwachtingshorizon van een lezer(sgroep) op het tijdstip van het verschijnen van die tekst.
>
> (Segers 1980:12)

Op hierdie aspek word hier nie nader ingegaan nie, maar daar kan vasgestel word dat alhoewel Eybers se werk in die Nederlandse letterkunde sekerlik taalgewys as in botsing met dominante poësie-verwagtings en dus as innoverend bestempel kan word, dit onwaarskynlik is dat dit tot veranderinge in die kanon en estetiese norme in die Nederlandse letterkunde sal lei. Daarvoor is Eybers se taal-"vaardigheid" en verwysingsraamwerk te spesifiek en wyk dit te ver af van Nederlandse norme.

Hier moet ook daarop gewys word dat die algemene literêre kompetensie van Afrikaanse en Nederlandse Eybers-lesers wat betref die beoordeling van tekste in elkeen se onderskeie taal nie noemenswaardig sal verskil nie. Vergelyk byvoorbeeld die sterk invloed op albei van die New Critics, die stilistiek op liguistiese grondslag, en in die afgelope jare van resepsie-estetika en dekonstruksie. Soos wat gedeeltelik aangetoon is in 13.2.2.5, kan die literêre kompetensie van elk van die groepe ernstig aan die wankel gebring word wanneer ontvangers se taalbevoegdheid nie paralliel loop aan dié van die sender van die literêre boodskap nie, en hulle dus nie genoegsaam toegerus is vir die dekodering daarvan nie.

13.3.1.1 AKKOMMODASIE EN ASSIMILASIE

Samevattend kan gestel word dat 'n estetiese objek "geskep" word op grond van 'n voortdurende wisselwerking tussen die leser, sy verwagtingshorison, die taalgemeenskap en die teks. Hierdie "opbou-aktiwiteit" word deur twee faktore gerig: deur akkommodasie en assimilasie van wat Jauss die verwagtingshorison noem.

Hierdie terme is ontleen aan J. Piaget (1970) wat daarmee die interaksie tussen mens en wêreld omskryf. Armand van Assche (1979; aangehaal deur Segers 1980:32) maak daarvan gebruik wanneer hy stel dat lesers 'n estetiese objek in hulle bewussyn tot stand bring deur nie slegs 'n beroep te doen op die artefak nie, maar ook op hulle eie verwagtingshorison. Akkommodasie is die proses van verandering, van aanpassing van die verwagtingshorison aan dít wat die leser op grond van die artefakt konstrueer. 'n Leser kan dus op grond van die akkommodasieproses 'n ervaring in sy bewussyn konstrueer wat oorspronklik nie sy eie ervaring is nie.

Volgens Van Assche kan hierdie akkommodasieproses nie losgemaak word van 'n teengestelde beweging, die assimilasie, wat met die akkommodasieproses gepaard gaan nie. Assimilasie behels 'n reorganisasie van die verwagtingshorison wat veroorsaak word deur die konfrontasie met nuwe ervarings.

> Het nieuwe van de tekst wordt in het oude van de verwachtingshorizon geïntegreerd. Hierdoor kan de betekenistoekenning, die het doel van de lezersconcretisatie vormt, gerealiseerd worden. De verwachtingshorizon kan in principe slechts die constructies opnemen waarop deze door voorgaande assimilaties is voorbereid. Met andere woorden: de verwachtingshorizon is wel soepel en voor wijzigingen vatbaar, maar alleen binnen bepaalde grenzen. Deze limieten worden gesteld door de aard van de geïntegreerde ervaringen van de lezer.
>
> (Segers 1980:32)

Dit wil voorkom asof Elisabeth Eybers se werk - weens die feit dat sy hoofsaaklik gebruik maak van die groot gemeenskaplike basis tussen Afrikaans en Nederlands, in kombinasie met haar algemeen-menslike temas - op 'n unieke wyse daarin slaag om binne die grense te val van wat sowel Nederlandse as (Suid-) Afrikaanse lesers kan akkommodeer en assimileer.

13.3.2 "UNBESTIMMTHEIT" - DUBBEL RELEVANT BY EYBERS

Terwyl Jauss hom veral besig hou met resepsie (die wyse waarop lesers tekste verwerk), ondersoek Wolfgang Iser in *Die Appellstruktur der Texte* (1970) die werking van 'n teks (die manier waarop dit invloed uitoefen op die leser). Volgens Iser kan 'n literêre teks nóg met die werklike voorwerpe uit die wêreld van lesers, nóg met hulle ervarings gelykgestel word. Die mate waarin ooreenstemming ontbreek, lei tot *Unbestimmtheit* (onbepaaldheid). Volgens Iser funksioneer dié onbepaaldheid as die belangrikste skakel tussen teks en leser: deur onbepaaldheid word die verbeelding van die leser geaktiveer. Segers (1980:15) som dit as volg op:

> Intern wordt een literaire tekst gekarakteriseerd door 'open plekken' (*Leerstellen*). Grof gezegd zijn dat effecten in een tekst waarbij bepaalde voor de structuur van het verhaal relevante informatie niet of nauwelijks wordt meegedeeld. (...) Open plekken zijn geenszins te beschouwen als een manco of een inferieure eigenschap. Integendeel, zij vormen een fundamentele voorwaarde voor de esthetische respons.

Hier moet kortliks verwys word na Austin (1962) se tweedeling tussen "language of statement" en "language of performance" waarvolgens literêre tekste by laasgenoemde ingereken word omdat dit fiksioneel en daarom "Form ohne Realität" (Iser) sou wees. Iser (1970:10) vra homself egter af of dit werklik so is. Hy meen dat literêre tekste eerder

beskryf kan word as die "Darstellung" van reaksies op onderwerpe - daarom herken mense in letterkunde so baie wat hulle uit eie ervaring ken. Die unieke of afwykende komposisie veroorsaak dat 'n wêreld gekonstitueer word wat skynbaar vertroud is in 'n vorm wat egter afwyk van dié wat lesers self ken. Dit is volgens Iser belangrik om te besef dat 'n literêre teks in die leeservaring veranker is, en nié in die werklikheid nie. In wese weier die teks om gekontroleer te word en is dit in sy totaliteit onseker en vaag omdat dit nie aan 'n lewenssituasie teruggekoppel kan word nie. Wanneer die leser die aangebode perspektief met die werklikheid vergelyk, bly slegs sy eie ervaring oor om gegewens wat in die teks meegedeel word, te "aanvaar". Wanneer die wêreld van die teks op die eie ervaring oorgedra word, kan daar 'n verskeidenheid reaksies daarop wees (Iser 1970:12). Dit blyk inderdaad uit die Eybers-resepsie.

Die ekstreme moontlikhede is dat die aangebode tekswêreld vir sommige lesers fantasties is (omdat dit hulle werklikheid weerspreek) en vir ander banaal (omdat dit vir hulle so werklikheidsgetrou is). Al is die gegewe wêreld bekend, dan nog is dit onderskeibaar van persoonlike ervarings van lesers deurdat dit perspektiewe open waardeur 'n wêreld wat deur ervaring bekend is, tog *anders* voorkom. Daar is altyd 'n mate van onbepaaldheid, oftewel "Unbestimmtheit". In die algemeen kan gestel word dat selfbevestiging, 'n eie "verstaan", op die teks oorgedra word (Iser 1970:13). Die eienaardigheid van 'n literêre teks is dat dit as 't ware sweef tussen die wêreld van die werklikheid en die ervaringsveld van die leser. Die taak van die leser is om "missing links" te rekonstrueer in ooreenstemming met die tekstruktuur (Segers 1980:39).[14]

Die belang van Iser se werk is dat dit die aandag daarop gevestig het dat daar per definisie altyd "Unbestimmtheitstellen" in literêre tekste aanwesig is. Lesers se kennis van die werklikheid wat in 'n teks uitgebeeld word, is altyd baie individueel (bepaal deur onder meer allerlei sosiologiese faktore). In die geval van Eybers-lesers is dit op 'n bepaalde manier tog kategoriseerbaar. 'n Mens kan naamlik van sommige lesers verwag dat hulle bepaalde werklikheidselemente uit haar werk sal herken weens hulle Suid-Afrikaanse agtergrond, terwyl Nederlandse lesers as groep weer ander raakpunte met die realiteit in Eybers-tekste sal hê. Die taal- en referensiële probleme waarna in IV verwys is, veroorsaak dus dat verskillende gradasies van "Unbestimmtheit" - "Leerstellen" bo en behalwe dié wat "tegnies-gestruktureerd" is - in Eybers se "Nederlandse" bundels aanwesig is.

Wat van belang is, is om te besef dat nóg 'n kennis van aspekte van die Eybers-werklikheid nóg die gebrek aan kennis daarvan 'n voorvereiste is vir waardering. Iser se "Unbestimmtheitstellen"-teorie vestig naamlik die aandag daarop dat dit 'n inherente

eienskap van die ontmoeting tussen sender- en ontvangerkodes is dat daar wisselende informasie-inhoude is na gelang van die bekendheid (minder informasie) en/of onbekendheid (meer) van die werklikheid wat beskryf word.[15] Soos in die geval van Jauss se 1970-formulerings word ook Iser s'n as die oorvereenvoudiging van 'n komplekser saak beskou, maar met betrekking tot die lees van Eybers-poësie is dit wel bruikbaar.

Hierbo is reeds gestel dat Eybers waarskynlik min werklik "geïnformeerde lesers" het, maar wanneer insigte in verband met die deurbreking van verwagtingshorisonne en die invulling van onbepaaldhede in aanmerking geneem word, blyk dit dat haar poësie nie slegs 'n mynveld van probleme is nie, maar veral 'n diamantmyn vol moontlikhede[16] en dat algehele "geïnformeerdheid" nie 'n voorwaarde vir waardering is nie .

13.3.3 JESSURUN D'OLIVEIRA OOR NEDERLANDSE LESERS VAN AFRIKAANSE POËSIE

In aansluiting by bogenoemde teorieë kan kortliks gelet word op 'n spesifieke standpunt oor potensiële Eybers-lesers. H.U. Jessurun d'Oliveira was na my wete die eerste kritikus wat die mening uitgespreek het dat Afrikaans 'n ekstra voordeel as poëtiese taal het vir Nederlandse lesers Om dit in Fish-terminologie uit te druk: "ongeïnformeerdheid" is volgens hom juis voordelig. In "Een paar notities over het lezen van Zuidafrikaanse poëzie door een vaderlander" (*Zuid-Afrika*, 37/12:204, december 1960) maak Jessurun d'Oliveira dié "stoute" stelling:

> De Nederlandse lezer heeft een betere instelling tegenover Afrikaanse poëzie dan de Zuidafrikaan. Ook het omgekeerde is waar: de Zuidafrikaan heeft een beter aanpak van Nederlandse poëzie dan de Nederlander zelf. Beide zijn zich scherper bewust van de voetangels en klemmen van de vreemde verwante taal, dan wanneer zij gedichten in hun eigen taal benaderen.

Hierdie stelling is sekerlik kontensieus en waarskynlik gebaseer op insigte wat danksy die Russiese Formalisme se "ostranenija"- of "vreemdmakings"-konsep (waarna in 13.2 verwys is) tot die Wes-Europese literatuurwetenskaplike wêreld deurgedring het.

> Accepteert men het Afrikaans eenmaal als gelijkwaardige taal, dan is het merkwaardig dat bij alle verwantschap het accent ligt op de vreemdheid, het anders zijn, meer dan op de onderlinge overeenkomst. Dit vervreemdingseffect komt vooral tot uiting bij het lezen van poëzie, omdat deze zich in zijn woordgebruik en verdere organisatie op zichzelf al probeert te verwijderen van de normale, vaak onzuivere en afgesleten omgangsbetekenis.[17]

Lesergerigte verklarings vir Eybers se posisie

Jessurun d'Oliveira het 'n interessante teorie waarom Nederlandse lesers bereid sou wees om Afrikaanse poësie te lees:

> Overigens lijkt het me niet onmogelijk dat de Nederlandse 'experimentelen' de weg gebaand hebben voor de receptie van Zuidafrikaanse poëzie in de laatste jaren: hun idioom, doorspekt met nieuwvormen en woordspelingen, heeft de Nederlandse lezer minder kopschuw gemaakt voor de raadsels en puzzels, de vreemde structuren van de Zuidafrikaanse taal.

Hierdie teorie is moeilik om te verifieer, veral aangesien die Afrikaanse poësie glad nie as geheel deur Nederlandse poësie-lesers aanvaar is nie.

13.3.4 OPSOMMEND

Dit is nodig om Jessurun d'Oliveira se spekulatiewe opmerkings in verband te bring met die werklikheid: Eybers is die *enigste* Afrikaanse digter wie se werk sonder die bykomende "hulp" van vertalings, verklarende woordelyste of 'n hoë politieke profiel (wat met Breyten Breytenbach die geval is) deur 'n breë Nederlandse publiek gelees en bowendien hoog gewaardeer word. Dit is spesifiek die Eybers-artefak wat daarin slaag om in Nederland estetiese objek te word en dit in Suid-Afrika ook te wees. Dit blyk dat die distansie tussen haar "Nederlandse" bundels en Nederlandse lesers se verwagtingshorison suksesvol oorbrugbaar is en dat die talige en referensiële probleme daarin as wisselende "Unbestimmtheitstellen" beskou kan word wat die informasiewaarde van haar poësie verhoog. Die feit dat Eybers se taal en verwysingswêreld tydens die afgelope dertig jaar ook vir haar Afrikaanse lesers "vreemder" geword het, het tot gevolg dat die teorieë wat haar aanvaarding deur Nederlandse lesers "verklaar", in 'n mindere mate ook 'n verklaring bied vir húlle waardering van haar poësie.

13.4 TEKS AS TEKEN: DIE SEMIOTIESE BENADERING

Semiotiek behels die sistematiese bestudering van tekens (Grieks *semeion* = teken), tekensisteme en betekenisprosesse, en net soos die formalisme, strukturalisme en resepsie-estetika bestee die semiotiek baie aandag aan die kommunikasieproses tussen tekste en lesers. 'n Natuurlike taal, byvoorbeeld Nederlands of Afrikaans, word as 'n primêre tekensisteem beskryf, terwyl letterkunde dan 'n sekondêre tekensisteem is wat gebruik maak van natuurlike taal.

Sinne 'n tekensisteem word aan verskynsels (byvoorbeeld gebare, sinne) betekenis toegeken op grond van 'n reël of samespel van reëls. Die reëls vorm die kode, die agtergrond waarteen aan 'n verskynsel betekenis toegeken word sodat die verskynsel 'n teken word. Elke literêre werk word gekenmerk deur die gebruikmaking van ten minste twee kodes: 'n natuurlike taal en byvoorbeeld 'n rymkode of 'n genrekode. In Eybers se poësie is Afrikaans die belangrikste primêre tekensisteem, maar 'n tweede prim. . tekensisteem, Nederlands, word ook gebruik. Alhoewel Afrikaans 'n "hoër norm-status" as Nederlands het, kan 'n mens dus sê dat Eybers se "Nederlandse" bundels gekenmerk word deur die gebruikmaking van ten minste *drie* kodes: twee natuurlike taalkodes of primêre tekensisteme en byvoorbeeld 'n rymkode. Vir albei groepe lesers vind die vervreemdingseffek plaas op die vlak van die sg. sekondêre sisteem (wat die "poëtiese" aspek behels). Dus: Afrikaanse lesers se Afrikaanse norm word deurbreek en hulle lees vreemde Nederlandse elemente op die vlak van die sekondêre sisteem; Nederlandse lesers se Nederlandse norm word byna deurgaans deurbreek en hulle lees vreemde Afrikaanse elemente ook op die vlak van die sekondêre sisteem. Sien verder 13.4.2 en 13.5.

13.4.1 PEIRCIAANSE LITERATUURSEMIOTIEK

Die Amerikaanse filosoof Charles Peirce (1839-1914) het 'n sistematiese tekenteorie ontwerp wat van die veronderstelling uitgaan dat kommunikasie deur middel van allerlei tekens, onder andere taaltekens (woorde, sinne, tekste), plaasvind. Drie faktore bepaal die aanwesigheid van 'n teken: die teken self, dit waarna die teken verwys en 'n nuwe teken wat vorm in die gees van die ontvanger. "Een teken is een waarneembaar verschijnsel of een verschijnsel dat door interpretatie waarneembaar te maken is. Tussen het eerste teken en datgene waarnaar het verwijst bestaat een representatieve relatie" (Van Luxemburg *et al* 1981:59). Die element uit die werklikheid wat deur die teken gerepresenteer word, word die "objek" of *denotatum* genoem. Die denotatum kan iets konkreets wees, maar dit kan ook iets abstraks wees. "Alles waarvan men aanneemt dat het bestaat of zou kunnen bestaan is een mogelijk denotatum."

Meestal is die relasie tussen 'n teken en sy denotatum willekeurig of konvensioneel, berus dit dus op afspraak. Peirce noem so 'n teken 'n simbool; die taalsisteem is grotendeels 'n konvensionele sisteem van simbole. Wanneer daar egter tussen teken en denotatum 'n ooreenkoms of gelykenis is, praat Peirce van 'n ikoniese relasie (Grieks *eikoon* = beeld). In die literatuurwetenskaplike toepassing van die Peirciaanse semiotiek word die begrip ikonisiteit dikwels gebruik.[18]

Leergerigte verklarings vir Eybers se posisie

Wanneer in ag geneem word dat tussentaligheid en 'n dubbele referensiekader belangrike kenmerke van Elisabeth Eybers se "Nederlandse" bundels is en dat albei lesersgroepe op die vlak van die sekondêre sisteem vervreemdingseffekte sal ervaar, kan myns insiens aangevoer word dat daar 'n afbeeldende gelykenis is tussen teken en denotatum. Die taal- en referensiële probleme in hierdie bundels kan dan as 'n spesifieke soort ikoniese tekens beskou word wat verwys na die denotata ontheemding, buitestaanderskap en 'n tussenposisie tussen twee (taal-)wêrelde: Afrikaans en Nederlands, Suid-Afrika en Nederland. Hierdie hipotese word verder uitgewerk in 13.5.

13.4.2 DIE SEMIOTIEK VAN LOTMAN

Die Sowjet-Russiese literatuursemiotiek is maar ten dele georiënteer op Peirce. Die begrip ikonisiteit word egter wel gebruik.

Jurij Lotman se baanbrekende werk *Struktura chudozestvennogo teksta* (Moskou, 1970) het 'n groot invloed op die Europese literatuurwetenskap gehad. Dit is 'n funksionele benadering, gebaseer op Mukařovský s e werk, wat juis ontwikkel is vir die beskrywing en verklaring van die kommunikasiekundige organisasie en funksie van tekens en tekensisteme. Die organisasie van taal is vir Lotman die opvallendste aspek van literatuur:

> Wenn aber die Kunst ein besonderes Kommunikationsmittel, eine auf besondere Weise organisierte Sprache ist, (wobei in den Begriff 'Sprache' der umfassende Inhalt einbegriffen ist, wie er sich in der Semiotik durchgesetzt hat - 'jedes wohlgeordnete System, das als Kommunikationsmittel dient und Zeichen verwendet'), dann kann man Kunstwerke, d.h. Nachrichten in dieser Sprache als Texte betrachten.
>
> (Lotman 1973:17)

Lotman (1973:22) bring - nes Peirce - alle tei klassifikasies aan. Hy maak 'n onderskeid tussen natuurlike tale, sisteme of kodes (byvoorbeeld Nederlands en Afrikaans), kunsmatige tale (byvoorbeeld verkeerstekens, wetenskaplike metatale) en sekondêre tale of sekondêre modelvormende sisteme wat bo-oor die natuurlike vlak opgebou word (mites, religie). Literatuur is - soos alle kuns - ook 'n sekondêre sisteem omdat dit meer as een keer gekodeer is.

In verband met die aard van semiotiese strukture is Lotman se standpunt dat die kompleksiteit van 'n struktuur in 'n direkte proporsionele verhouding staan tot die kompleksiteit van die inligting wat oorgedra word. Poëtiese taal is 'n struktuur van groot kompleksiteit omdat dit in verhouding tot natuurlike taal "beträchtlich erschwert" en as gevolg daarvan komplekser is. Indien die informasie-omvang in die poëtiese taal dieselfde

sou wees as dié in gewone taal, sou eersgenoemde sy bestaansreg verloor en uitsterf. Die feit dat die taal van literatuur nie saamval met natuurlike taal nie, beteken dat literatuur inligting oordra wat op geen ander manier oorgedra sou kon word nie. Die verklaring hiervoor lê dan onder meer daarin dat 'n gedig geen formele elemente in die gewone sin van die woord bevat nie, maar dat alle gedigelemente betekenisdraend is. Dit wat in die gewone omgangstaal of in wetenskaplike taal nie tekens is of as tekens geïnterpreteer word nie (byvoorbeeld klankherhalings, ritmiese patrone), word in die poësie gesemantiseer en dra dus ook by tot betekenis. Hierdie proses word o.m. bewerkstellig deur 'n komplekse sisteem van korrelasies, gelykstelling en teenoormekaarstelling. Volgens Lotman is die semantisering van alle tekstekens dus kenmerkend van die poësieteks en hy beskou die dialektiek tussen outomatisering en de-outomatisering as die oorsaak hiervan. Die poëtiese of literêre effek word veral bereik deur 'n besonder noue verhouding tussen die formele en semantiese aspekte van 'n teks.

> 'The signs in art,' says Lotman, 'are not based on arbitrary convention, but have an iconic, representing character.' Iconic signs (...) are constructed according to the principle of an immanent connection between expression and meaning: 'The sign is the model of its content.' The result is a semanticization of elements that are asemantic in ordinary language.'[19]
>
> (Fokkema & Kunne-Ibsch 1979:41. Lotman beroep hom nes ander semiotici op Peirce 1958 se konsep van die ikoon.)

Eybers-tekste is nie slegs (soos ander Afrikaanse poësie) die "normale" (hoogs) georganiseerde en gevolglik enigsins afwykende variant op Afrikaans nie. Eybers wyk af van die standaardvorms van in hoofsaak Afrikaans en soms van Nederlands. Bowendien is die ontvangers van Eybers se boodskappe afkomstig uit twee verskillende taalgroepe sodat daar twéé primêre modelsisteme is wat gevolglik die persepsie van die sekondêre modelsisteem sal laat varieer. Om in Mukařovský-terminologie te praat: die artefak ('n Eybers-gedig) bly konstant, maar na gelang van die taalherkoms van 'n leser sal die estetiese objek mede op grond daarvan wissel.

Neem as voorbeeld die effek wat 'n "normale" Afrikaanse woord op 'n Nederlandse leser kan hê. Die woord "baie" is in die Afrikaanse linguistiese sisteem so gewoon dat dit dikwels - vir 'n Afrikaanse leser - nie noodsaaklikerwys in die Afrikaanse literêre sisteem gesemantiseer sal wees nie. Indien 'n Nederlandse leser egter lees "Die vrou het stil geword van baie wag" (VG-109), is "baie" (saam met - in mindere mate - die woorde "die", "het stil geword" en "wag") reeds op die vlak van die linguistiese sisteem gesemantiseer. Wanneer Lotman 'n "normale" literêre teks (waar die sender slegs van een linguistiese sisteem gebruik maak, en waar sender én ontvangers bowendien hierdie linguistiese sisteem gemeen het) beskou as die produk van ten minste twee oorvleuelende sisteme (die linguistiese sisteem en die literêre sisteem wat daarop gesuperponeer word) en hy dit dus

beskryf as 'n sekondêr gemodelleerde sisteem wat supralinguaal is, dan is Eybers se "Nederlandse" bundels sekondêr gemodelleer tot die tweede mag - en veral Nederlandse lesers sal dit so ervaar.

Omdat Lotman verder meen dat die leser van 'n literêre teks die literêre kode sowel as die taal moet ken waarin die teks geskryf is om dit te kan verstaan en te kan aanvaar as literêr, poneer hy die tese dat 'n definisie van die artistieke teks nie volledig kan wees sonder 'n addisionele klassifikasie met betrekking tot die verhouding tussen sender en ontvanger nie (Lotman 1973:47). Volgens hom voorsien die interaksie van die linguistiese en die literêre sisteme in 'n teks daardie teks van 'n maksimum aan informasie. Die hoeveelheid informasie kan vermeerder word indien die teks byvoorbeeld onderhewig is aan die interaksie van twee of meer subkodes, byvoorbeeld van die Realisme en van die Romantiek.

In die geval van Eybers kan gestel word dat die twee linguistiese sisteme waaruit sy put bowendien onderhewig is aan die interaksie van subkodes van twee literatuurtradisies, dus van byvoorbeeld sowel die Afrikaanse Dertigers as die Nederlandse Criterium-generasie, of selfs die Vijftigers (sien Jessurun d'Oliveira 1960).

> If a text has been encoded several times, it will seem to us to have an extremely individual or even 'unique' character.
>
> (Fokkema & Kunne-Ibsch 1979:42-43)

Dit is inderdaad hierdie meervoudige enkodering van Eybers-poësie wat dit so uniek maak. Net wanneer lesers meen dat hulle bekend is met een kode, kom hulle elemente teë wat nie op basis van daardie kode gedekodeer kan word nie. Omdat Eybers se poësie onvoorspelbaar is ten opsigte van meerdere sisteme, kan afwykings van elke sisteem meestal slegs deur een stel lesers waargeneem en as betekenisvol ervaar word. Die verwagtings van albei stelle lesers word dus telkens deurkruis. So 'n teks blyk dus 'n hoë mate van onvoorspelbaarheid (entropie) te besit en het 'n hoë graad van organisasie (inligting).[20]

13.4.3 CULLER, RIFFATERRE EN ECO

Bogenoemde semiotiese teorieë bied elkeen afsonderlik en op wyses wat mekaar ikwels ondersteun, verklarings vir die unieke werking van Eybers se poësie en die feit dat dit deur twee stelle lesers hoog gewaardeer word. Insigte van Culler, Riffaterre en Eco kan verder daartoe bydra om omskrywings te vind vir die effek wat Eybers se poësie het.

Jonathan Culler verteenwoordig met sy *Structura ist Poetics* (1975) 'n bruikbare lesergerigte benadering. Hiervolgens is dit nie tekselenskappe wat die poëtiese effek veroorsaak nie, maar lesers wat dit eers ervaar en dit dan agteraf verklaar met 'n beroep op (altyd wel vindbare) ekwivalensies, ongrammatikaliteite of wat dies meer sy. Volgens Culler is die leser 'n versamelplek van literêre en ander leeskonvensies. Die leser "maak" dus betekenis op grond van literêre kompetensie en (sub-)kulturele en politieke faktore. Betekenistoekenning is volgens sy teorie dus 'n *proses* in die leser eerder as 'n reduktiewe uitspraak oor wat die gedig beteken. Dit blyk dat veral Nederlandse lesers hulle spesifiek bewus is van hierdie proses wanneer hulle Eybers lees.

Riffaterre beskryf in *Semiotics of Poetry* (1978) dat "ungrammaticalities" in sý hantering van die begrip méér behels as net ongrammatikale taalgebruik. Volgens hom word 'n relevante teken waargeneem as 'n variant in 'n paradigma, "a variation on an invariant". In elk geval is die persepsie of gewaarwording van 'n teken 'n gevolg van die ongrammatikaliteit daarvan. Hierby is verder belangrik:

> The reader's acceptance of the mimesis sets up the grammar as the background from which the ungrammaticalities will thrust themselves forward as stumbling blocks, to be understood eventually on a second level. I cannot emphasize strongly enough that the obstacle that threatens meaning when seen in isolation at first reading is also the guideline to semiosis, the key to significance in the higher system, where the reader perceives it as part of a complex network.
> (Riffaterre 1978:6)

Riffaterre se teorieë moet met betrekking tot Eybers aangepas word om die taalgrense in ag te neem wat deurentyd deur veral Nederlandse lesers maar ook soms deur Afrikaanse lesers oorgesteek moet word wanneer hulle Eybers se "Nederlandse" gedigte lees. Die taal- en referensiële raamwerke van twee verskillende stelle lesers is dus in 'n groot mate verantwoordelik vir die spesiale variant van "ungrammaticalities" wat Eybers-lesers in haar "Nederlandse" bundels sal ervaar.[21] Soos wat reeds betoog is, sal metafore - wat 'n normale literêre "ungrammaticality" is - byvoorbeeld dubbel-"ungrammatical" wees indien die vehicles of tenors vir een van haar stelle lesers moeilik begryplik is. Dit kan byvoorbeeld voorkom dat óf Suid-Afrikaanse óf Nederlandse lesers 'n onmiddellike voorstellingsvermoë het van 'n tenor of vehicle, terwyl die ander slegs met behulp van woordeboeke of ensiklopedieë, of dalk glad nie, sal kan agterhaal wat bedoel word.

Umberto Eco se terme "undercoding" en "overcoding" in *A Theory of Semiotics* (1976) is hier bruikbaar. Hy verduidelik met behulp van hierdie terme hoe onbekende tekste ingepas kan word by 'n leser se kode-begrip deur 'n vergelyking te maak met iemand wat 'n vreemde land besoek waarvan hy die taal nie ken nie, maar wat langsamerhand tog begin agterkom wat sekere gebare of woorde beteken.

> Step by step I begin to understand something: not really a precise grammar, but some general trends (...) After a while I begin to decide that a set of different textual expressions (...) corresponds to a very general meaning. Suppose that I detect that, when accompanied by a smile, expressions like /I love you, , /I like you/, (...) and /Hi, man!/ (...) roughly mean " <<friendship>>. Since these examples are provided in English we know that, grammatically and conversationally speaking, they have different meanings; but one could say that, in order to make general previsions about my possible social interactions in that country, the sort of rough coding that I have performed should prove reasonably successful. I call this kind of rough coding an operation of *undercoding*.
>
> (Eco 1976:135)

Hierdie term is in verband met Eybers se tussentaal sekerlik bruikbaar. Dat sy 'n "dubbele nasionaliteit" in twee letterkundes het (5.3), beteken terselfdertyd ook dat sy haar in 'n persoonlike "vreemde ; bevind en dat geen van haar twee stelle lesers linguisties perfek toegerus is om "Ey . . -ans", haar taal wat afwyk van twee normsisteme, volledig te ken nie.[22] Eco definieer onder-kodering soos volg:

> the operation by means of which in the absence of reliable pre-established rules, certain macroscopic portions of certain texts are provisionally assumed to be pertinent units of a code in formation, even though the combinational rules governing the more basic compositional items of the expressions, along with the corresponding content-units, remain unknown.
>
> (Eco 1976:135)

'n Onvolledige begrip van teks-onderdele is dus op sigself 'n teken. Volgens Eco is daar 'n oorvleueling tussen onder-kodering en oor-kodering: "Overcoding proceeds *from existing codes* to *more analytic subcodes* while undercoding proceeds *from non-existent codes* to *potential codes*." In teken-produksie en interpretasie is hierdie twee koderings dikwels vermeng. "In such threshold-cases (in which the programmed march toward codes is mixed with the free activity of semiotic production and innovation) it would be wise to speak of *extra-coding*" (Eco 1976:136).

Hierdie siening kan vrugbaar gekombineer word met Eco se omskrywing van die estetiese teks as "invention" of uitvinding.[23] Dit is opvallend dat Eco weens die ambiguïteit en ekstra-gekodeerde aard van literêre tekste verder sterk aansluit by die insigte van Šklovskij en ander Russiese Formaliste.

Alhoewel Eco se omskrywing van die kode-veranderende aard van 'n estetiese idiolek (sien Eco 1976:270-273) in die algemeen geld, meen ek dat dit besonder letterlik opgeneem kan word in die geval van Eybers se "Nederlandse" bundels:

> The moment that the game of intertwined interpretations gets under way, the text compels one to reconsider the usual codes and their possibilities. Every text threatens the codes but at the same time gives them strength; it reveals

> unsuspected possibilities in them, and thus changes the attitude of the user towards them.
>
> (Eco 1976:274)

Eybers-lesers word weens die feit dat haar "Nederlandse" tekste op 'n unieke wyse ekstra-gekodeer is, betrek in 'n opwindende kommunikasieproses wat Eco soos volg beskryf:

> The addressee does not know what the sender's rule was; he tries to extrapolate it from the disconnected data of his aesthetic experience. He may believe that he is correctly interpreting what the author meant, or he may decide to test new interpretive possibilities upon the text the author has set out before him. But in so doing, he never wants to completely betray the author's intentions. So that in the interpretive reading a dialectic between *fidelity* and inventive *freedom* is established. On the one hand the addressee seeks to draw excitement from the ambiguity of the message and to fill out an ambiguous text with suitable codes; on the other, he is induced by contextual relationships to see the message exactly as it was intended, in an act of fidelity to the author and to the historical environment in which the message was emitted.
>
> (Eco 1976:276)

Die mate van vindingryke "bewegingsvryheid" wat Eybers-lesers in haar "Nederlandse" tekste dikwels byna noodgedwonge het, is sekerlik 'n belangrike rede waarom daar soveel waardering is vir hierdie poësie, wat aan die ander kant ook interne, boodskap-gesentreerde beperkinge aan ontvangers oplê. Die meestal klassieke bou van Eybers se gedigte is hierby 'n belangrike beperking: dit verskaf die "reëls" waarbinne "gespeel" kan word. Die opvatting dat poëtiese ervaring 'n ontdekkingstog én 'n "liturgy of a ritual" is (Riffaterre 1978:12) - dus gebonde aan reëls - sluit goed hierby aan.

13.5 'N SIENING VAN EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS AS IKONIES

Soos wat reeds uit die omskrywings v. Peirce (13.4.1) en Lotman (13.4.2) afgelei kon word, is 'n ikoon 'n teken wat 'n formele gelykenis vertoon met sy betekenis. In my poging om 'n samevattende verklaring te vind vir die trefkrag en werking van Eybers se "Nederlandse" bundels, meen ek dat die begrip "ikoon" op 'n spesifieke manier toepasbaar is.[24]

Alhoewel dit nie my doel is om 'n afwykende ikoon-begrip in besonderhede te poneer nie, is dit belangrik om kortliks te wys op Eco (1976:191) se waarskuwing dat daar soms naïewe aannames oor die ikoon gemaak word. Hy wys op leemtes in Morris (1946) se bewering dat 'n teken ikonies is "to the extent to which it itself has the properties of its denotata" en Peirce se mening dat die ikoon verwys na die objek "by virtue of characters of its own". Ingeburgerde aannames wat Eco bespreek, is veral dat die sogenaamde

ikoniese teken dieselfde eienskappe as die objek daarvan sal hê, dat dit gelyksoortig ("similar") en analoog aan die objek sal wees, dat dit gemotiveer sal wees deur die objek, dat sogenaamde ikoniese tekens op 'n arbitrêre wyse gekodeer is, en dat die tekens, arbitrêr of nie, analiseerbaar is in gepaste gekodeerde eenhede, en onderworpe sal wees aan meervoudige artikulasie, net soos verbale tekens. Eco (1976:191-204) wys daarop dat hierdie opvattings almal merendeels korrek is, maar ook dikwels oorvereenvoudig en soms toutologies.

Dit is volgens hom belangrik om te benadruk dat ooreenkomste tussen 'n afbeelding of ikoon en die objek afhanklik is van 'n spesifieke kulturele konvensie. Verder is dit van belang dat ooreenkoms nie te make het met die verhouding tussen die afbeelding en sy objek nie, maar met die verhouding tussen die afbeelding en 'n reeds gekulturaliseerde inhoud (Eco 1976:204).

> The units composing an iconic text are established - if at all - by the context. Out of context these so-called 'signs' are not signs at all, because they are neither coded nor possess any resemblance to anything. Thus insofar as it establishes the coded value of a sign, the iconic text is an act of *code-making*.[25]
>
> (Eco 1976:216)

Wanneer Van Dis (1977) skryf dat dit lyk asof Eybers vir haar twee leserspublieke "een soort tussen-taal heeft *gecreëerd*" (my kursivering), is dit volgens Eco se opvattings nie korrek nie. Dit is lesers se *ervarings* van haar taal wat hierdie karakter daaraan gee. Teen die agtergrond of norm van hulle talige en werklikheidservarings verkry die konteks-spesifieke en gemarkeerde "ongrammatikaliteite" of vooropstellings in Eybers-tekste (waarop in Hoofstukke 11 en 12 gewys is) pas die teken-kwaliteit wat as ikonies omskryf kan word. Afrikaanse en Nederlandse lesers sal telkens ánder ongrammatikaliteite as tekens ervaar. Bepaalde woorde of begrippe sal *buite* hulle normsisteme val en daarom as tekens opvallend wees. Hierdie twee verskillende stelle tekens sal dus elk telkens 'n formele gelykenis vertoon met die belangrike Eybers-tema buitestaanderskap. Ek kom hierop terug.

Bronzwaer (1990) se artikel oor "Poëzie en iconiciteit" ondersteun hierdie siening. Hy gaan uit van die strukturalistiese posisie van Lotman en Riffaterre, maar plaas die vraagstuk van ikonisiteit in poëtiese taalgebruik dan in 'n pragma-linguistiese kader. Hy baseer hom hierin op insigte van De Pater en Van Langendonck (1989) en beklemtoon dat poëtiese ikone nie in die teks gegee is nie, maar wel deur die intensioneel interpreterende leser in die teks *aangebring* word, "op grond van een ten opzichte van poëtische teksten ingenomen leesstrategie die als 'iconiseringsdrift' kan worden aangemerkt" (Bronzwaer 1990:93). Die

mees betekenisvolle ikone is dus dié wat aangebring, ontdek of blootgelê word: "iconen zijn intentioncle interpretatiedoelen" (Bronzwaer 1990:99).

> Vandaar ook dat iconen, in de zin van De Pater en Van Langendonck, experiëntieel zijn. Uitgangspunt bij hun waarneming is de menselijke ervaring van de lezer. Wat in die ervaring prototypisch is, zal hij niet als gemarkeerd of ongrammaticaal verstoord aantreffen. Maar de 'erschwerte Form' is altijd teken van wat in zijn ervaringswereld niet prototypisch is. Ongrammaticaliteit is dus het materiële teken van het semantisch afwijkende, en deze relatie zal principieel als een iconische worden geduid. Daarmee is aan de oude wensdroom van betekenisgeving *fusel* tegemoet gekomen.[26] Maar aldus ontdekte of in de leesakt tot stand gebrachte iconen zijn altijd historisch en cultureel contextgehouden, omdat de ongrammaticaliteit waarin ze zijn geworteld een doorbroken systeem van normen veronderstelt.

Die vraag is of poëtiese deviasies in prinsipe en altyd ikonies van aard is. Manfred Bierwisch wys in sy bekende artikel "Poetik und Linguistik" (in Kreuzer & Gunzenhäuser 1965:49-66) daarop dat poëtiese deviasies nie "willekeurig" is nie, maar aan bepaalde wetmatighede gebonde is wat verloop volgens reëls vervat in 'n P, wat parasitêr is ten opsigte van die grammatika G.[27] Bronzwaer vind van belang dat Bierwisch eksplisiet die aandag daarop vestig dat "oft damit zu rechnen ist, dass ein bestimmtes Regelsystem überhaupt erst mit dem Werk entsteht, in dem es sich niederschlägt". In daardie geval kan so 'n teks dus as unikum beskou word. Bronzwaer (1990:102) voeg hieraan toe:

> In dat geval (...) zijn de afwijkingen dan ook ten principale als iconen te beschouwen, aangezien zij, buiten de unieke tekst waarin zij voorkomen, niet met enig andere conventie of code in verband kunnen worden gebracht en dus niet *nomoi* begrepen kunnen worden.

In die algemeen kan gestel word dat ikonisiteit 'n kenmerk van alle (goeie) poësie is: dit is 'n teoretiese beskrywing van die leeseffek van ongrammatikaliteite, dus van "poëtiese" taalgebruik. Bogenoemde sienings van ikonisiteit is almal bruikbaar met betrekking tot Elisabeth Eybers se poësie.

In die geval van haar "Nederlandse" bundels kom twee lesersgroepe elk bowendien nog te staan voor die ekstra vervreemdingseffek van 'n ander primêre normsisteem as hulle eie natuurlike taal wat dus op die vlak van die sekondêre sisteem as vooropgestel sal voorkom. Alhoewel ek nie wil afwyk van veral Lotman se beklemtoning van die gegewe dat inhoud nie die vorm voorafgaan in poëtiese tekste nie, maar juis daardeur gevorm word, wil ek 'n baie spesifieke toepassing maak en Carusi (1991a:116) se interpretasie van ikonisiteit baie letterlik opneem. Sy stel:

> Ikonisiteit is (...) nie slegs interne nie-arbitrêrheid nie, maar dit is 'n relasie van ooreenkoms tussen teken en referent. Om 'n ikoon te kan wees, moet die gedig op een of ander manier ooreenkoms toon met dit waarna dit gedig verwys. Ikonisiteit moet dus geld vir die *eksterne* relasie tussen die gedig en dit wat die

> gedig oordra. (...) Die sekondêre modellerende sisteem van poëtiese taal is ikonies omdat dit die poëtiese teks in staat stel om 'n model van die eksterne werklikheid, of ten minste 'n spesifieke persepsie van daardie werklikheid, te wees. Dit is die vlak waarop ooreenkoms voorkom. Die interne nie-arbitrêrheid van die poëtiese teks het dus 'n gemotiveerde eksterne relasie tussen die teks en die betekenisse of objekte wat die teks oordra tot gevolg.

Weens die feit dat sender en ontvangers se standaardtale nie saamval nie, is daar in Eybers se "Nederlandse" gedigte "ekstra" stelle vooropgestelde ongrammatikaliteite wat deur twee lesersgroepe *aangebring* word. Myns insiens kan hierdie gedigte as ikoniese tekens gelees word wat nie slegs selfreferensieel (dus "poëties") is nie, maar wat ook ooreenkoms het met Eybers se tussenposisie en dit "afbeeld". Hierdie spesiale ikoniese proses voltrek sig as volg: lesers ervaar bepaalde woorde of grammatikale strukture as vreemd en dit dra by tot die algemene poëtiese effek van die gedig. Omdat dié woorde of strukture uit die taalgebied of primêre normsisteem afkomstig is wat hulle nié met Eybers gemeen het nie, word hulle aandag pertinent gevestig op haar vreemdheid, op die feit dat sy haar tussen twee taalgebiede bevind en as buitestaander in haar soeke na die juiste woord toegang het tot sowel Afrikaans as Nederlands. Ek wil Lotman dus baie letterlik opneem waar hy stel dat die ikoniese verband tussen versteqniese elemente en "inhoud" soos volg tot stand kom:

> Im (poetischen) Text wird ein bestimmter Zusammenhang hergestellt, kraft dessen der Ausdruck selbst dann als Abbildung des Inhalts wahrgenommen wird. Das Zeichen nimmt in diesem Fall, obgleich es Wortzeichen bleibt, Züge des abbildenden, ikonischen Signals an.
>
> (Lotman 1973:236)

"Vreemde" woorde wat so kenmerkend van Eybers se idiolek is (sien voorbeelde van dié wat vreemd is vir Nederlandse lesers in o.m. 11.4.1 en 11.5.2 en vir Afrikaanse lesers in 11.4.2 en 11.5.3), bring mede die inhoud, die basiese temas in haar werk tot stand. Indien ruimte gelaat word vir 'n meer spesifieke toepassing van die term "ikonisiteit" as wat gebruiklik is, meen ek dat dit moontlik is om te beweer dat baie van die vooropgestelde ongrammatikaliteite in Eybers se "Nederlandse" bundels beskou kan word as afbeeldend van haar tussenposisie.

13.6 SLOT

Eybers se "Nederlandse" bundels kan, binne die konteks van haar resepsie deur Afrikaanse en Nederlandse lesers, dus as ikoniese tekste in die "gewone" sin van die woord beskou word, maar ook as ikonies in die hierbo gespesifiseerde sin. Die voorbeelde wat in Hoofstukke 11 en 12 gegee is van vreemde, "ongrammatikale" en dus opvallende

talige en referensiële teksclemente vir telkens één van Eybers se lesersgroepe, is afsonderlik en sáám dus kumulatief, in hierdie baie spesifieke konteks ikonies. Dit "beteken" denotata van Eybers se "Nederlandse" periode: haar ontheemdheid, buitestaanderskap, en 'n soeke na die juiste woord.

Ter verduideliking van hierdie tese kan bykans alle gedigte waarna verwys is in Hoofstukke 11 en 12 as voorbeelde gebruik word. Ek volstaan met 'n enkele, reeds genoemde, voorbeeld. Die samespel van "gramadoelas" en "afgepas" in "Ek ken die nag" (TS-18/42) is afbeeldend-ikonies omdat elk van hierdie woorde ongrammatikaal is vir één van haar lesersgroepe en dus 'n aanduiding van haar vreemdheid en tussenposisie is. Gesien teen die norm van twee primêre sisteme, dui die woorde op die nêrens-tuishoort, die buite-staan, die soek na woorde uit twee taalgebiede om die meer ingrypende, maar tegelyk dikwels mees onverwoordbare, algemeen-menslike ervarings te benoem.

Word dit in gelyke mate so deur haar twee lesersgroepe ervaar? Wanneer Hoofstukke 8 en 9 met Hoofstuk 10 vergelyk word, blyk dit dat Nederlandse lesers veel meer as Afrikaanse lesers op allerlei gebiede (spelling, morfologie, en leksikon - sien Hoofstuk 11) te kampe het met "ongrammatikaliteite" en dit ook bewus so ervaar. Dit verhinder egter geensins die gunstige resepsie van Eybers se poësie in Nederland nie. Inteendeel. Die wyse waarop Nederlandse lesers blyk gee van hulle ontdekkingstogte deur die "Nederlandse" bundels, van hulle eie leesproses, is 'n duidelike demonstrasie van die geldigheid van formalistiese, resepsie- en semiotiese teorieë in verband met vervreemding, die invul van oop plekke en ikonisiteit soos wat dit in hierdie hoofstuk uiteengesit is.

Reeds met die verskyning van *Versamelde gedigte* (1957) was dit duidelik dat daar vir Nederlandse lesers genoeg raakpunte was om toegang te kry tot Eybers se Afrikaanse poësie. Die problematiese aspekte daarvan het hulle nie afgeskrik nie en dit blyk dat hulle veral vanaf die begin van haar "Nederlandse" periode (1962) betrokke voel by haar poësie, die vreemdheid daarin *geniet*, en hulle aktief verlustig in hulle behendigheid in die ontsyfering van die Eybers-kode. Van Deel (1990) formuleer dit so: "Het is eigenaardig maar waar: de intieme omgang met deze poëzie wordt bevorderd doordat ze in het Zuidafrikaans is geschreven. Wat moeite kost, kan ook meer liefde krijgen."

Hierdie uiteensetting verwoord die belangrikste, die mees "poëtiese" rede vir die Nederlandse waardering vir Eybers. sy gee nie slegs 'n hoogs geslaagde vertoning as koorddanser op die persoonlike lugbrug wat sy in haar gedigte tussen Afrikaans en Nederlands span nie, maar aandagtige toeskouers van hierdie balanseerakte ervaar 'n

buitengewone gevoel van beloning en prestasie as hulle dit regkry om haar op dié gekreëerde loopplank te volg.

In Hoofstukke 11 en 12 is aangetoon dat Afrikaanse lesers ook voor problematiese, vervreemdende en konteks-spesifieke "ongrammatikaliteite" te staan behóórt te gekom het vanaf die verskyning van *Balans* in 1962, maar in Hoofstuk 10 het geblyk dat hulle dit tot en met 1990 bykans nie as sodanig (h)erken nie. Oor die algemeen is die Suid-Afrikaanse resepsie van Elisabeth Eybers teks-gerig, deeglik en akademies-verantwoord, maar myns insiens te weinig lesergerig sodat insigte in verband met die spesiale vorm van afbeeldende ikonisiteit wat ek hierbo omskryf het, nie aan bod gekom het nie. Alhoewel Afrikaanse kritici groot waardering het vir Eybers se ironiese en vernuftige verwoording van die belangrikste temas in haar werk, word dit op hoofsaaklik 'n teks-outonome wyse aangetoon.

Hierdie benadering behels wel dat hulle "within the literary system for as long as possible" (Culler 1975:130) bly, maar myns insiens hoofsaaklik omdat dit sedert die vyftigerjare die tradisionele benadering in die Afrikaanse poësiekritiek is. Dit het tot gevolg gehad dat dié talige en referensiële ongrammatikaliteite wat spesifiek gekoppel kan word aan Eybers se Nederlandse verblyf, geïgnoreer is. 'n Kritiese bewussyn van die "dubbele poëtisiteit" wat so kenmerkend van Eybers se "Nederlandse" bundels is, het dus nie in die Afrikaanse kritiek ontwikkel nie. 'n Gevolg hiervan is dat Afrikaanse lesers hulle interaksie met 'n baie spesifieke variant van vooropstelling skynbaar nie bewus kon geniet nie.

Ek het my ten doel gestel om aan te toon - deur middel van 'n dokumentasie van die invloed van Elisabeth Eybers se Amsterdamse verblyf op haar oeuvre en 'n resepsie-ondersoek van die "Nederlandse" bundels - dat sy 'n unieke figuur in sowel die Afrikaanse as die Nederlandse letterkundes is. In my sistematiese leesverslag van die bundels vanaf *Balans* tot en met *Teëspraak* het ek op probleemgebiede gewys en, nié net weens ruimtegebrek nie, geensins daarna gestreef om hierdie probleme volledig "op te los" nie. Ek het juis probeer wys dat daar in ieder geval soveel unieke elemente in Elisabeth Eybers se poësie is wat 'n "unseemly rush from word to world" (Culler 1975:130) teëwerk, dat 'n ondersoeker - selfs al wil sy - nie daarin kán slaag om lesers met kitsklare verduidelikings uit hierdie woordwêreld na niksseggende abstraksies te verdryf nie. Eybers se "Nederlandse" bundels is juis as gevólg van die uitsonderlike vervreemdende aard daarvan, by uitstek poësieleser-vriendelik. Dit het Hoofstuk 13, gelees teen die agtergrond van die vorige twaalf hoofstukke, hopelik aangetoon.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 13

1. Lucas Malan (*De Kat*, April 1992) skryf: "Dit het lank geduur voordat Eybers aan Nederland gewoond kon raak. Dit het nóg langer geduur voor die Nederlanders sou erken dat (in Eybers se woorde) nie 'alles wat deur afkoms of assosiasie met Suid-Afrika te make het', verfoeilik moet wees nie. Dankbaar." Dit wil voorkom asof Malan bedoel - ten spyte daarvan dat hy ander Nederlandse pryse opnoem wat sy in die sewentigerjare ontvang het - dat dit lank geduur het voordat Eybers algemene erkenning in Nederland gekry het. Die jarelange gunstige resepsie van Eybers in Nederland weerspreek dit.

2. Sien Anbeek 1991:171-180 vir 'n karakterisering van "het romantisch realisme van 'Criterium'".

3. Van Dis beskou die betiteling "tussentaal" sowel grammatikaal as oordragtelik gepas. "Met excuses voor het beeld (...), ze staat met één been hier, en met één been in Zuid-Afrika" (Meijer 1991).

4. Vergelyk: "Ich persönlich bin der Meinung, dass es fast überall da Verfremdung gibt, wo es ein Bild gibt" (Šklovskij in Striedter 1971:23).

5. Sien verder Jakobson in Sebeok 1966:353 en 357 vir sy skemas in verband met verbale kommunikasie en die verskillende funksies van taalgebruik.

6. Jakobson en Mukařovský se teorieë kan vergelyk word met Empson (1930) se konsep van ambiguïteit, en Ingarden (1931) se teorie oor "Unbestimmtheitsstellen". Alhoewel Mukařovský dit as 'n voordeel beskou het dat 'n artefak aanleiding kan gee tot verskillende konkretiserings, het Ingarden (1969:215) steeds bly soek na die teoretiese moontlikheid van slegs een adekwate konkretisering.

7. Sien Gräbe 1979:704 vir 'n motivering van die Afrikaanse vertaling "vooropstelling". Vir die variabele leksikale probleme met Eybers se tussentaal waarvoor elk van haar lesersgroepe te staan kom bo en behalwe bogenoemde vooropgestelde elemente, maak Gräbe (en ander se teorieë) nie voorsiening nie. Soos wat in 13.5 betoog word, het hierdie idiolektiese vooropstellings 'n duidelike funksie, verskaf dit dikwels interpretatiewe leidrade, en dra dit by tot die vasstelling dat daar 'n ikoniese verband is tussen die poëtiese taalgebruik in die "Nederlandse" bundels en Eybers se belangrikste temas.

8. As voorbeeld hiervan verwys Gräbe (1979:389) na Opperman se "danseresse" wat rym met "biesse" en Boerneef wat "katkisasieles" koppel aan "hotopses". Klankmatig kan Nederlandse lesers plesier hê aan die ryme, maar omdat hulle die woorde "biesse" en hotopses" nie ken nie, sal hulle nie kan begryp dat in albei gevalle die tweede rymwoord die eerste op 'n ironies spottende manier kwalifiseer nie. In Eybers se "Oor tien jaar" (VG-450) kan die rymwoorde "geld" en "ritteltit" as 'n soortgelyke semantiese inkongruensie beskryf word.

9. Ironie wat so 'n belangrike aspek van Eybers se poësie is, is ook baie problematies. Aan die herkenning daarvan deur onderskeidelik Afrikaanse en Nederlandse lesers kan 'n afsonderlike studie gewy word.

10. Gräbe 1979:186-187 bespreek as voorbeeld Achterberg se gedig "Diana" waarin die eerste vier sinne 'n verwagtingspatroon skep wat deurbreek word deur die vyfde sin.

11. Metaforiese taalgebruik trek juis die aandag weens ongewone kombinasies van leksikale items wanneer "'n botsing tussen die letterlike (of gewone) betekenisse van die letterlik en figuurlik fungerende dele in metaforiese uitdrukkings (plaasvind): die spanning tussen tenor en vehicle of die inkongruensie tussen fokus en kontradeterminerende raamwerk" (Gräbe 1979:184-185).

12. Matthews (1971) voeg hieraan toe dat semi-grammatikale sinne bowendien semanties afwykend is. 'n Oorskryding van seleksiebeperkinge is vir hom sowel 'n nodige as 'n voldoende onderskeidingskriterium vir die herkenning van semanties afwykende sinne. "Hieruit blyk sowel die onmoontlikheid om die metafoor te klassifiseer as 'n bloot sintaktiese verskynsel as die noodsaak om dit te beskou as 'n semantiese fenomeen" (Gräbe 1979:57). Gräbe wys daarom op die Interpretatiewe Semantiek se pogings om die semantiese komponent van 'n TGG-model uit te werk. Katz en Fodor (1963) beweer naamlik dat nie die sintaktiese nie, maar wel die semantiese vermoë 'n vlotspreker in staat stel om semantiese meerduidigheid, semantiese anomalie (in'n sin soos "The paint is silent" in vergelyking met "The paint is wet") en parafrase te kan herken. Weinreich (1966:395-477) vul 'n leemte in die Katz/Fodor-voorstel aan (hulle was nie in staat om rekenskap te gee van figuurlike taalgebruik nie). Hy stel naamlik voor dat "'n semantiese komponent van 'n grammatika voorsiening moet maak vir die feit dat seleksiekenmerke van 'n woord Z oorgedra word in die pad van 'n ander woord, W, indien dit gekombineer is met Z. Oordrag van seleksiekenmerke geskied deur middel van 'n oordragkenmerk ('transfer feature') (...) Die Katz/Fodor-voorstel kan dus wel semanties anomale sinne *herken*, omdat seleksiekenmerke nie nagekom is nie; die Weinreich-voorstel kan, benewens die herkenning van semanties anomale sinne, óók aandui

hoe aan sulke anomale sinne 'n afgeleide lesing toegeken sou kon word. Metaforiese uitdrukkings kan dus wel binne Weinreich se voorstel geïnkorporeer en ook *geïnterpreteer* word as semantiles anomale, maar betekenisvolle, sinne" (Gräbe 1979:75-77). Weinreich het ook die absolute skeiding op tussen die sintaktiese en semantiese komponente van 'n grammatika en kan volgens Gräbe (1979:79) as 'n belangrike voorloper van die Generatiewe Semantiek beskou word.

13. In die geval van spesifiek Van Wyk Louw en Opperman (sien Hoofstuk 1) en ander Afrikaanse digters is hierdie distansie vir Nederlandse lesers skynbaar te groot.

14. In Dubois se "haperende brief" aan Eybers in die *Liber amicorum* (in Ester & Lindenberg 1990:24) skryf hy: "De factor herkenbaarheid van jouw poëzie is gebaseerd op algemeen-menselijke ervaring, dat is waar. Maar het is noodzakelijk uit te gaan van een dwingende voorwaarde om aan een dergelijke ervaring haar authenticiteit te geven waardoor zij kan ontroeren. Die voorwaarde is een paradox, namelijk: dat de herkenbaarheid van het algemeen-menselijke niet schuilt in het ervaringsfeit zelf, maar in het persoonlijk *verweer* daartegen. De onthullende waarde van een gedicht is niet (...) dat de dichter zegt wat de lezer voelt, maar - integendeel - dat het gedicht verbergt wat de dichter voelt. Dat wil zeggen dat de dichter het onbegrepene en te kwetsbare tracht uit te spreken zonder zich te verraden."

15. In die werk van Eco (1976) word meer aandag aan hierdie aspek van informasie-oordrag gegee.

16. Dié beeldspraak is gekies om aan te sluit by Dubois (1991) se omskrywing van haar gedigte as die verwoording van 'n "diamant-harde waarheid."

17. Net soos talle ander kritici (sien Hoofstukke 8 en 9) meen D'Oliveira dat 'n aantal faktore vir Nederlandse lesers wel vertroebelend kan werk by die interpretasie van Afrikaanse gedigte: "Men mist nu eenmaal de ervaring, zowel met de taal als met de werkelijkheid waaraan deze refereert, die de landsman wel bezit. Zo is het niet makkelijk om vast te stellen waar de nieuwheid van de taal ophoudt en de oorspronkelijkheid van de dichter begint. Bestaan 'bonswater' en 'pensklavier' of zijn zij door de dichter verzonnen? Om deze vraag te beantwoorden heeft men de leiding van woordenboeken nodig, of de inlichtingen van bekwame gidsen. Juist voor de Nederlander lijkt het Afrikaans te bestaan uit een samenspel van neologismen en puriamen." Die interessante is natuurlik dat Eybers 'n jaar ná die verskyning van D'Oliveira se artikel na Nederland verhuis het, en inmiddels Suid-Afrikaanse én Nederlandse "landsmannen" het: elk met hulle eie onvermoë om oral en altyd te kan vasstel waar "de oorspronkelijkheid van de dichter begint".

18. Van Gorp (1986:374) som Peirce se triadiese tekenopvatting soos volg op: "Naar de aard van de relatie tussen teken en denotatum onderscheidt Peirce de icon, die een gelijkenis vertoont met het denotatum en dus (af)beeldend is (b.v. foto), de index, die in relatie van aangrenzendheid staat en dus verwijst (b.v. rook voor vuur), en het symbool dat bij wijze van conventie betekent (b.v. verkeersbord, taalteken)." Sien Eco (1976:178) se kommentaar op Peirce se driedeling.

19. 'n Elementêre verduideliking kan hier ingevoeg word: Soos wat 'n half-vreemde taal maklik vir die nie-moedertaalspreker daarvan "poëties" mag klink, net so het Eybers se gedigte die "poëtiese voordeel" dat dit nie in 'n fundamentele opposisie staan tot slegs een natuurlike taal nie. Wanneer Lotman skryf, "Beim Nacherzählen eines Gedichtes in der gewöhnlichen Rede zerstören wir die Struktur und übermitteln dem Empfänger folglich nicht den Informationsumfang, der darin enthalten war" (Lotman 1973:25), is dit uiteraard m.b.t. 'n Eybers-gedig ook waar. Maar vir 'n Nederlander sal dit steeds meer "poëties" klink wanneer ny 'n navertelling van 'n Eybers-gedig in Afrikaans hoor as in Nederlands.

20. Lotman se terme "estetika van die identiteit" en "estetika van die opposisie" is onder meer hierop gebaseer.

21. Hier moet steeds in gedagte gehou word dat Eybers die enigste Afrikaanse digter is wat sonder hulp van woordverklarings 'n waarderende Nederlandse lesersgehoor het.

22. Eybers sê in haar "Dankwoord" tydens die P.C. Hooft-prysuitreiking: "Ek wil graag hierdie geleentheid aangryp om kapsie te maak teen opmerkings wat onlangs in die Nederlandse pers verskyn het en wat daarop neerkom dat ek skryf in 'een niet meer in Zuid-Afrika bestaand Zuid-Afrikaans'. (...) Ek skryf deurgaans doodgewoon gangbare Afrikaans" (in Dubois e.a. 1991:22). Ek stem saam. Afrikaans is die belangrikste primêre tekensisteem waarvan Eybers gebruik maak, maar van die invloed van Nederlands word sekerlik poëties gebruik gemaak. Wanneer Kopland (in Dubois e.a. 1991:15) praat van "Eybersiaans" en ek wys op afwykings van Standaard-Afrikaans, is dit geensins denigrerend bedoel nie, maar kom dit ooreen met Eybers se eie siening dat daar soms byvoorbeeld 'n ongebruiklike "taalwending" in digters se werk voorkom.

23. Sien vir sy omskrywing van "invention" Eco 1976:245 ff en van "the aesthetic text as invention" Eco 1976:261 ff.

24. Kortliks 'n terugblik op die algemene betekenis van die term. Ikonisiteit kan beskryf word as die gevolg van die gebrek aan arbitrêrheid in Peirce se ikoniese teken. Dit is hoofsaaklik 'n gevolg van die feit dat elke enkele element in 'n poëtiese teks met 'n doel daar is, d.w.s. daar is 'n hoë graad van motivering in die poëtiese teks. Uiteindelik word die teks gemotiveer deur die inhoud daarvan. "Maar vir Lotman gaan die inhoud nie die vorm vooraf in poëtiese tekste nie, maar word dit daardeur gevorm. Dit is nie dat die poëtiese teks bepaal of gereguleer word deur iets waarna dit verwys nie, en waarvan dit 'n mode is nie; dit vorm eerder op 'n aktiewe manier 'n sekere konsepsie, nie van een of ander aspek van die wêreld self nie, maar van een of ander aspek van die manier waarop ons die wêreld sien." Lotman se idee van ikonisiteit moet daarom nie beskou word asof dit gedefinieer is deur ooreenkoms nie, aangesien dit twee entiteite impliseer - een wat voorafgaan en die ander wat 'n ooreenkoms toon met die een wat voorafgaan. "Ikonisiteit as motivering laat eerder 'n twee-rigting proses toe (...) tussen dit wat gevorm of gemodelleer word en dit wat die modellering doen. Dus, in Lotman se teorie is dit moeilik om die onderskeid te handhaaf tussen vorm en inhoud: vorm *is* inhoud in poëtiese taal" (Carusi 1991b:14).

25. Anneke van Luxemburg (1979) se omskrywing van Eybers se Afrikaans as 'n "taal met een code" (sien 9.2.2) sluit aan by Eco se opvatting van die ikoniese teks as iets aktiefs, iets wat kode-okkeppend is binne 'n bepaalde konteks, dus in 'n situasie waarin dit as sodanig waargeneem word.

26. Die terme *fusei* en *nomoi* is afkomstig van Plato se dialoog *Kratylos*. "In de dialoog verdedigt Kratylos de theorie dat taalbetekenis *fusei* tot stand komt, d.w.z. op grond van een natuurlijke gelijkenis tussen de naam en het benoemde (signifiant en signifié zeggen wij thans), en niet *nomoi kai ethei*, d.w.z. krachtens wet of gewoonte of bij afspraak. De *nomoi*theorie is uiteindelijk doorslaggevend geworden in de taaltheorie van De Saussure over de conventionaliteit van het teken" (Bronzwaer 1990:93).

27. In hybers se geval, ten opsigte van twee G's.

BIBLIOGRAFIE

BIBLIOGRAFIE

I. PRIMÊRE BRONNE

EYBERS, Elisabeth. 1953. Elisabeth Eybers. In VAN DEN HEEVER, C.M. (samest.). *My jeugland*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. Ook in: 1966. 'n Pastoriedogter. In *Herinnering se wei*. Pretoria: Pecskor.

EYBERS, Elisabeth. 1978. *Voetpad van verkenning. Kritiese opstelle* (ingelei deur J.C. Kannemeyer). Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

EYBERS, Elisabeth. 1990. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg; Amsterdam: Em. Querido's Uitgeverij en Uitgeverij G.A. van Oorschot. (Alle "Suid-Afrikaanse" bundels van Elisabeth Eybers asook die "Nederlandse" bundels wat vanaf 1961 tot en met 1989 gelyktydig in Kaapstad en Amsterdam gepubliseer is, is hierin opgeneem.)

EYBERS, Elisabeth. 1991a. *Tetspraak*. 's-Gravenhage: Stichting P.C. Hooft-prijs voor Letterkunde; Amsterdam: Em. Querido's Uitgeverij.

EYBERS, Elisabeth. 1991b. *Tetspraak*. Kaapstad: Human & Rousseau.

II. ALGEMENE SEKONDÊRE BRONNE

ACHTERBERG, Gerrit. 1980. *Verzamelde gedichten*. Amsterdam: Em. Querido's Uitgeverij.

ANPEEK, Ton. 1991. *Geschiedenis van de Nederlandse letterkunde 1885-1985*. Amsterdam: De Arbeiderspers.

ANONIEM. 1960. Is Afrikaanse poëzie ook Nederlands? Keurbundels van N.P. van Wijk Louw en Dick Opperman. (*sic*). *De Groene Amsterdammer*, 29.10.60.

ANONIEM. 1962. Van Wijk Louw en Opperman. *Het Vrije Volk*, 2.6.62.

ANS. 1984. *Algemene Nederlandse Spraakkunst*. Onder redaksie van G. Geerts, W. Haeseryn, J. de Rooij, M.C. van Toorn. Groningen: Wolters-Noordhoff, Leuven: Wolters.

ANTONISSEN, Rob. 1944. *Zuidafrikaansche poëzie*. Antwerpen: N.V. De Nederlandsche Boekhandel.

ANTONISSEN, Rob. 1947. *Schets van den Ontwikkelingsgang der Zuidafrikaansche Letterkunde: Studie (deel 1) en Bloemlezing (deel 2)*. Diest: Pro Arte.

ANTONISSEN, Rob. 1964. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Derde uitgawe. Kaapstad: Nasou Beperk.

ANTONISSEN, Rob. 1967. *Spitsberaad. Kroniek van die Afrikaanse letters 1961-1965*. Kaapstad: Nasou Beperk.

APELDOORN, C.G.L. & VAN RIET, R. 1987. *Spreekwoorden verklaard*. Utrecht: Uitgeverij het Spectrum (Prisma-Pocket).

ASH, Adrienne. 1982. Lyric poetry in exile. In SPALEK & BELL 1982:1-23.

AUSTIN, J.L. 1975. *How to do things with words*. Cambridge: Harvard University Press (oorspr. 1962).

BAKER, William R. 1967. *Syntax in English poetry 1870-1930*. Berkeley & Los Angeles: University of California Press.

BANT, Willem. 1987. *Jan Greshoff en het Zuidafrikaanse tijdschrift 'Standpunte'*. Ongepubl. doktoraalskripsie. Amsterdam.

BARTHES, Roland. 1975. *S/Z*. London: Jonathan Cape.

BARTHES, Roland. 1968. *Elements of Semiology*. New York: Hill & Wang.

BAUMGARTNER, Klaus. 1969. Der methodische Stand einer linguistischen Poetik. In IHWE 1971:371-402.

(pp. 375 + 376 omitted in pagination.)

BAX-BOTHA, M.A. & BAX, D. 1953. *Afrikaans Verhalend Proza*. Amsterdam en Brussel: Uitgeversmaatschappij Elsevier.

BAX-BOTHA, M.A. 1975. Elisabeth Eybers in Nederland. In NIENABER-LUITINGH 1975:24-32.

BEVAN, David. 1990. *Literature and Exile*. Amsterdam-Atlanta, G.A.: Rodopi.

BIERWISCH, Manfred. 1965. Poetik und Linguistik. In KREUZER & GUNZENHAUSER 1969:49-66.

BLACK, Max. 1962. *Models and metaphors. Studies in language and philosophy*. Ithaca: Cornell University Press.

BLOEM, J.C. 1969. *Poëtica*. Amsterdam: Polak & Van Gennep.

BLOEM, J.C. 1981. *Verzamelde gedichten*. Amsterdam: Polak & Van Gennep.

BOSHOFF, S.P.E. & NIENABER, G.S. 1967. *Afrikaanse etimologieë*. Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

BOTHA, Elize & SNYMAN, Henning (reds.). 1986. *Program en Probiematiek. Handelinge van die Stigtingskongres van die Afrikaanse Letterkunde-Vereniging*. Durban: Butterworth.

BOTHA, T.J.R. (red.) 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica (tweede uitgawe).

BREYTENBACH, Breyten. 1969. *Kouevuur*. Kaapstad: Buren-Uitgewers.

BRINK, I[illegible] André P. Vuur en vlam. *Standpunte* 35(5):63-65.

BRITZ, E.C. 1971. *Die p[illegible]loks in die poësie, met verwysing na Elisabeth Eybers*. Ongepubl. M.A.-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

BRODSKY, Joseph. 1988. The condition we call exile. *The New York Review of Books*, 21.1.88.

BRONZWAER, W. 1990. Poëzie en iconiciteit. *Forum der letteren* 31(2), juni 1990:93-103.

BRONZWAER, W.J.M., FOKKEMA, D.W. & KUNNE-IBSCH, Elrud. 1977. *Tekstboek algemene literatuurwetenschap*. Baarn: Ambo (Basisboeken).

BROOKS, Cleanth & WARREN, Robert Penn. 1960. *Understanding Poetry*. New York/Chicago.: Holt, Rinehart & Winston (oorspr. 1938, 1950).

BÜHLER, K. 1937. Die Axiomatik der Sprachwissenschaft. *Kant-Studien* 38.

CARUSI, Annamaria e.a. 1991a. *Algemene literatuurwetenskap. Enigste studiegids vir ALW201-J*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (interne publikasie).

CARUSI, Annamaria. 1991b. *Algemene Literatuurwetenskap. Terugvoer Werkopdrag 02*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (interne publikasie).

CHATMAN, Seymour & LEVIN, Samuel R. (eds.). 1967. *Essays on the Language of Literature*. Boston: Houghton Mifflin Company.

CHATMAN, Seymour (ed.). 1971. *Literary style: a symposium*. London & New York: Oxford University Press.

CHOMSKY, Noam. 1965. *Aspects of the Theory of Syntax*. Cambridge: M.I.T. Press.

CHOMSKY, Noam. 1976. *Reflections on Language*. Glasgow: Fontana/ Collins.

CIRLOT, J.E. 1981. *A dictionary of symbols*. London: Routledge & Kegan Paul.

CLOETE, T.T., BOTHA, E., & MALAN, C. (reds.). 1985. *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

CLOETE, T.T. 1973. Die woord- en verskiank in die gedig. *Klasgids*, 35-61.

COETZEE, Ample & POLLEY, James. 1990. *Crossing borders*. Johannesburg: Taurus.

COETZEE, A.J. 1972. *Ritme en skandering. 'n Ondersoek na ritmiese sisteme in uitgesoekte Afrikaanse gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.

CONRADIE, Elizabeth. 1934. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika Deel I (1652-1875)*. Pretoria: Firma J.H. de Bussy.

CONRADIE, Elizabeth. 1949. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika Deel II (1875-1905).* Kaapstad & Pretoria: HAUM h/a J.H. de Bussy.

CORNIPS, Thérèse. [illegible]. Wat men liefheeft ... In ESTER & LINDENBERG 1990:18-22.

CULLER, Jonathan. 1972. Jakobson and the linguistic analysis of literary texts. *Language and Style* V:53-66.

CULLER, Jonathan. 1975. *Structuralist poetics. Structuralism, linguistics and the study of literature.* London etc: Routledge & Kegan Paul.

CULLER, Jonathan. 1981. *The pursuit of signs. Semiotics, literature, deconstruction.* London etc.: Routledge & Kegan [illegible].

CULLER, Jonathan. 1983. *On deconstruction. Theory and criticism after structuralism.* London: Routledge & Kegan Paul.

DAVENPORT, T.H.R. 1987. *South Africa. A modern history.* Braamfontein & London: MacMillan Press.

DE MOOR, Wam. 1979. Breytenbach en de wortels van het Zuidafrikaans. *De Tijd,* 10.8.79.

DE JONG, Marianne. 1989. *'n Ander Afrikaanse letterkunde. Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattings in Afrikaans.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

DE PATER, V. & VAN LANGENDONCK, W. 1989. Natuurlijkheid van de taal en iconiciteit. Plato en hedendaagse taaltheorieën. *Tijdschrift voor Filosofie* 51, juni 1989:256-298.

DE SAUSSURE, Ferdinand. 1974. *Course in general linguistics.* Glasgow: Fontana/Collins.

DE VILLIERS, Anna. 1936. *Die Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika.* Ongepubl. dissertasie. Universiteit van Stellenbosch.

DE VILLIERS, M. en GOUWS, R.H. 1988. *Idiome-woordeboek. Verklarings met afsonderlike Afrikaanse en Engelse begrippelyste.* Kaapstad: Nasou Beperk.

DE VRIES, Hendrik. 1955. Erudiet en Volksdichter. Bij de 'Nuwe verse' van N.P. van Wijk Louw. *Het Vaderland,* 27.8.55

DE VRIES, Gert Jan. 1989. *Geen grootspraak. G.A. van Oorschot's 'Vignettenreeks'.* Ongepubl. doktoraalskripsie. Groningen.

DE VRIES, J.M. 1956. *Nieuwe Afrikaanse letterkunde.* Amsterdam: De Beuk.

DELEU, Jozef. 1966. *Moderne Zuidafrikaanse lyriek: bloemlezing samengesteld en ingeleid.* Lier: *De Bladen voor de Poëzie* 13 (9-10).

DUBOIS, Pierre H. 1978. Elisabeth Eybers of Het bezonken evenwicht. In *Jan Campertprijzen 1978.* 's-Gravenhage: Uitgeverij BZZTôH.

DUBOIS, Pierre H. 1975. Nederlandse kritiek over Elisabeth Eybers. In NIENABER-LUITINGH 1975:41-52.

DUBOIS, Pierre H. 1990. Niet de woorden maar de intentie. In ESTER & LINDENBERG 1990:23-27.

DUBOIS, Pierre H. e.a. 1991. *P.C. Hooft-prijs voor poëzie 1991 aan Elisabeth Eybers.* 's-Gravenhage: Stichting P.C. Hooft-prijs voor Letterkunde; en Amsterdam: Em. Querido's Uitgeverij B.V.

DUTCH ANTI-APARTHEID MOVEMENT, THE. 1976. *A c[illegible] of the Cultural Accord between South Africa and The Netherlands.* Amsterdam: Anti-Apartheidsbeweging [illegible]d.

EAGLETON, Terry. 1970. *Exiles and émigrés. Studies in [illegible]dure.* London: Chatto & Windus.

EAGLETON, Terry. 1982. The revolt of the reader. *N[illegible]story* 13(3), Spring 1982:449-452.

EAGLETON, Terry. 1983. *Literary theory. An introduction.* [illegible]: Blackwell.

EAGLETON, Terry, JAMESON, Fredric, SAID, Edward W. 1990. *Nationalism, colonialism, and literature.* Introduction by Seamus Deane. A Field Day Company Book. Minneapolis: University of Minnesota Press.

ECO, Umberto. 1976. *A theory of semiotics.* Bloomington/London: Indiana University Press.

ECO, Umberto. 1984. *Semiotics and the philosophy of language.* London: MacMillan.

EKSTEEN, L.C. 1989. Leksikon. In T.J.R. BOTHA 1989:358-381.

EMPSON, William. 1949. *Seven types of ambiguity*. London: Chatto & Windus (oorspr. 1930).

ERLICH, Victor. 1969. *Russian formalism*. The Hague/Paris: Mouton (oorspr. 1955, 1965).

ESTER, Hans. 1983. Elisabeth Eybers: poëzie tussen twee werelden. In BAKKER, S. e.a. (reds.), *Op grond van de tekst*. Utrecht: HES.

ESTER, Hans. 1989. *Het helende woord. Poëzie en proza van Elisabeth Eybers (Leidse opstellen 4)*. Leiden: Dimensie.

ESTER, Hans & LINDENBERG, Ernst (red.). 1990. *Uit liefde en ironie. Liber amicorum Elisabeth Eybers*. Amsterdam: Em. Querido's Uitgeverij; en Kaapstad: Human & Rousseau & Tafelberg-Uitgewers.

ESTER, Hans. 1990b. Eybers en de tijd. In ESTER & LINDENBERG 1990:29-34.

ESTER, Hans. 1991. Varianten bij Eybers. *Zuid-Afrika* 68(5), mei 1991.

FEILCHENFELDT, Konrad. 1986. *Deutsche Exilliteratur 1933-1945. Kommentar zu einer Epoch*. München: Winkler Verlag.

FEUCHTWANGER L. . 2. The Hazards of Exile. In SPALEK & BELL 1982:157-167.

FISH, Stanley. 1970. Literature in the reader: affective stylistics. *New Literary History* 2.

FISH, Stanley. 1972. *Self-consuming artifacts: The experience of seventeenth century literature*. Berkeley etc.: The University of California Press.

FOKKEMA, D.W. & KUNNE-IBSCH, Elrud. 1979. *Theories of literature in the twentieth century: structuralism, marxism, aesthetics of reception, semiotics*. London: C. Hurst & Company (2nd. impr.).

FOKKEMA, D.W., KUNNE-IBSCH, Elrud & VAN ZOEST, A.J.A. (eds.). 1976. *Comparative poetics*. Amsterdam: Rodopi.

FOWLER, H.W. & FOWLER, F.G. 1964. *The concise Oxford dictionary of current English*. London: Book Club Associates.

FREEMAN, Donald C. 1970. *Linguistics and literary style*. New York: Holt, Rinehart & Winston, Inc.

GARVIN, Paul L. 1964. *A Prague school reader on esthetics, literary structure and style*. Washington, DC: Georgetown University Press.

GERHARDT, Ida. 1988. *Verzamelde gedichten*. Amsterdam: Athenaeum-Polak & Van Gennep.

GOEDEGEBUURE, Jaap. 1989. G.A. van Oorschot - Uitgever. In *Nederlandse literatuur 1960-1988*. Amsterdam: De Arbeiderspers.

GOUWS, S.M. 1979. *Die afstropingsmotief in die poësie van Elisabeth Eybers*. Ongepubl. M.A.-verhandeling. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

GRÄBE, Ina. 1979. *Teories oor hoofaspekte van poëtiese taalgebruik: verkenning en toepassing*. Proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir CHO. (In 1984 gepubliseer deur die Departement Sentrale Publikasies, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.)

GRÄBE, Ina. 1986. 'Droogte': aspekte van poëtiese taalgebruik - teoretiese uiteensetting en toepassing. In SENEKAL 1986:12-43.

GROBLER, P. du P. 1963. *Elisabeth Eybers (Monografieë uit die Afrikaanse letterkunde 5)*. Kaapstad: Nasou beperk.

GROVÉ, A.P. 1957. Die towenaar in die fles. *Beskouings oor poësie*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

GROVÉ, A.P. 1958. Oordeel en vooroordeel. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

GURR, Andrew. 1981. *Writers in exile. The identity of home in modern literature*. Atlantic Highlands, New Jersey: Humanities Press.

HALLIDAY, Michael. 1978. *Language as social semiotic*. Baltimore: University Park Press.

HAVRÁNEK, Boris. 1964. The functional differentiation of the standard language. In GARVIN 1964:3-16.

HELLINGA, W.Gs & SCHOLTZ, H. Van der Merwe. 1955. *Kreatiewe analise van taalgebruik. Prinsipes van stilistiek op linguistiese grondslag*. Amsterdam: N.V. Noord-Hollandsche Uitgevers Mij. & Pretoria: J.L. van Schaik Bpk. Uitgewers.

HENNIPMAN, P. 1975. De dichteres en haar werk. In NIENABER-LUITINGH 1975:5-23.

HIRSCH, E.D. 1976. *The aims of interpretation*. Chicago: University of Chicago Press.

HÖRMANN, H. 1971. Semantische Anomalie, Metapher und Witz. *Folia Linguistica* V:311-330.

IHWE, Jens (Hrsg.). 1971. *Literaturwissenschaft und Linguistik I und II*. Frankfurt am Main: Athenaum.

INGARDEN, Roman. 1972. *Das literarische Kunstwerk*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag (oorspr. 1931).

INNIS, Robert E. (ed.). 1986. *Semiotics: an introductory anthology*. London etc.: Hutchinson.

ISER, Wolfgang. 1970. Die Appellstruktur der Texte: Unbestimmtheit als Wirkungsbedingung literarischer Prosa. In WARNING 1975:228-252.

ISER, Wolfgang. 1972. *Der implizite Leser: Kommunikationsformen des Romans von Bunyan bis Beckett*. München: Fink.

ISER, Wolfgang. 1976. *Der Akt des Lesens. Theorie ästhetischer Wirkung*. München: Fink.

JAKOBSON, Roman. 1966. Concluding statement: linguistics and poetics (oorspr. 1960). In SEBEOK 1966:350-358.

JAKOBSON, Roman. 1968. Poetry of grammar and grammar of poetry. *Lingua* 21:597-609 (oorspr. in Duits 1965; ook opgeneem in KREUZER & GUNZENHAUSER 1969).

JAKOBSON, Roman & HALLE, Morris. 1956. *Fundamentals of language*. The Hague: Mouton.

JANSEN, Ena. 1979. *'n Verkenning van aspekte van literatuurgeskiedskrywing - met spesifieke verwysing na dié van die Afrikaanse letterkunde*. Ongepubl. doktoraalskripsie. Utrecht.

JANSEN, Ena. 1990. Eybers die vreemde eend. In ESTER & LINDENBERG 1990:48-61.

JAUSS, Hans Robert. 1975. Literaturgeschichte als Provokation der Literaturwissenschaft. In WARNING 1975:401-435.

JAUSS, Hans Robert. 1982. *Aesthetische Erfahrung und literarische Hermeneutik*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.

JESSURUN D'OLIVEIRA, H.U. 1960. Een paar noties over het lezen van Zuidafrikaanse poëzie door een vaderlander. In *Zuid-Afrika* 37(9):204.

JOHL, Johann. 1968. *Ironie*. Pretoria, HAUM-Literêr-Gidsreeks.

JONCKHEERE, Karel. 1966. N.P. van Wijk Louw door de Nederlanden. In *Smal steuard en blink: Bundel aangebied aan N.P. van Wyk Louw by geleentheid van sy sestigste verjaardag*. Pretoria en Kaapstad: Academica.

JONKER, Ingrid. 1983. *Versamelde werke*. Johannesburg: Perskor.

KANNEMEYER, J.C. 1978[1] en 1984[2]. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur Band 1*. Pretoria: Academica.

KANNEMEYER, J.C. 1986a. *D.J. Opperman, 'n Biografie*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

KANNEMEYER, J.C. 1986b. Biografiese geskiedskrywing: teorie en praktyk. In *SAVAL referate VI*. Pretoria.

KANNEMEYER, J.C. 1990. *Die dokumente van Dertig*. Kenwyn: Jutalit.

KATZ, Jerrold J. & FODOR, Jerry A. 1963. The Structure of a semantic theory. *Language* 39:170-210.

KILLIAM, Tim & VAN DER ZEIJDEN, Marieke. 1978. *Amsterdamse grachtengids*. Utrecht/Antwerpen: Uitgeverij Het Spectrum.

KNUVELDER, G.P.M. 1982. *Handboek tot de geschiedenis der Nederlandse letterkunde 4[10]*. 's-Hertogenbosch: Malmberg.

KOENEN, M.J. & ENDEPOLS, J. *Verklarend handwoordenboek der Nederlandse taal*. 27ste druk. Groningen: H.D. Tjeenk Willink B.V.

KREUZER, Helmut & GUNZENHAUSER, Rul. 1969. *Mathematik und Dichtung*. München: Nymphenburger

(oorspr. 1965).

KRIGE, Uys (samest.; inl. Dirk Coster). 1937. *Afrikaanse versameling*. Maastricht: A.A.M. Stols.

KRISTEVA, Julia. 1984. *Revolution in poetic language*. New York: Columbia University Press.

KRISTEVA, Julia. 1991. *De vreemdeling in onszelf*. Amsterdam: Uitgeverij Contact (oorspronkelijke titel *Etrangers à nous-mêmes*, 1988).

KRUYSKAMP, C. 1980. *Van Dale. Groot woordenboek der Nederlandse taal*. 's Gravenhage: Martinus Nijhoff.

KUIJPER, Jan (samenst.) 1990. *Dit is poëzie*. Amsterdam: Querido.

LAMMING, George. 1960. *The pleasures of exile*. London: Michael Joseph.

LEVIN, Samuel R. 1964. Poetry and grammaticalness. In CHATMAN & LEVIN 1967:224-236.

LEVIN, Samuel R. 1965. Internal and external deviation in poetry. *Word* 21:225-237.

LINDENBERG, E. 1975a. Digterlike handelswyse. In NIENABER-LUITINGH 1975:53-58.

LINDENBERG, E. 1975b. Slapend, sluimerend of wakker? - oor beeldspraak by die latere Eybers. In NIENABER, P.J., GROVÉ, A.P., KEMPEN, W.& VAN NIEKERK, D.J. (reds.). *1875-1975 Studies oor die Afrikaanse letterkunde*. Johannesburg: Perskor.

LINDENBERG, E. 1990. 'n Wending binne die Hollandse *fase*? In ESTER & LINDENBERG 1990:80-83.

LOTMAN, Jurij M. 1973. *Die Struktur des künstlerischen Textes*. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag (oorspr. 1970).

